



## die perfekte misdaad

Die boeiende verhaal van 'n misdaad beplan en uitgevoer deur Afrikaanse bloggers. Volg die loop van die verhaal soos beskryf deur die misdadigers self.

# DIE PERFEKTE MISDAAD

## *Of ‘n algehele fiasko*

Hierdie boek is saamgestel uit blogs geskryf deur die persone soos aangedui aan die begin van elke hoofstuk. Daar is ‘n skakel langs die profielfoto van die outeur wat lei na die oorspronklike blogpos op die skrywer se persoonlike blogtuiste.

Die bloggers het deelgeneem aan ‘n uitdaging om ‘n misdaad-vervolgverhaal te skryf. Die kommentare van ander bloggers en lesers is onderaan elke hoofstuk ingevoeg. Lees beide die blog en die kommentaar, want ongeveer 60% van die verhaal speel af in die kommentaar! Let wel, inhoud, taal en grammatika is onveranderd geplaas, behalwe vir opvallende vingerglipse (typos). Kommentaar wat nie direk betrekking het op die bloginskrywing nie, is weggelaat.

Die idee het ontstaan by Kameel; Toortsie het voorgestel dat die bloggers mekaar “tag” om die volgende deel te skryf en ons het besluit om die inskrywings te hanteer as ‘n bloguitdaging in die Lê-Jou-Eier uitdagingsreeks wat HesterLeyNel aanbied. Hester het ewe vrolik voorgestel dat sy al die blogs sal saamstel in ‘n boekvorm – sy het ‘n paar keer probeer om om te draai en haarself te skop, maar hier is die boek nou “for better or for worse” en dis beskikbaar in .pdf, EPUB en MOBI: Skakels is beskikbaar onder die menu item “BookTalk” op die webtuiste [www.hesterleynel.co.za](http://www.hesterleynel.co.za)

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het, die skrywers, diegene wat gelees en kommentaar gelever het, Storieklong wat die rol van die “stalker” gespeel het en Lekkervurig wat gehelp het om die los drade bymekaar te hou.

Mag hierdie ‘n goeie herinnering aan lekker tye wees.

2018. Suid-Afrika

# INHOUDSOPGAWE

[Die perfekte misdaad](#)

[Hoostuk 1](#)

[Die misdaadtoneel – die plaas Toweropstal](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Beplanning van die misdaad](#)

[hoofstuk 3](#)

[Camilla doen shopping](#)

[hoofstuk 4](#)

[Tyd om huis skoon te maak](#)

[hoofstuk 5](#)

[Beplanning van die paarties](#)

[hoofstuk 6](#)

[Die DJ het gearriveer](#)

[hoofstuk 7](#)

[Die misdadigers raak honger](#)

[hoofstuk 8](#)

[Die sekuriteits-hoof het probleme](#)

[hoofstuk 9](#)

[Dames laaik van power tools](#)

[hoofstuk 10](#)

[Die byeboerwa is hier](#)

[hoofstuk 11](#)

['n Reuse Kinkel](#)

[hoofstuk 12](#)

[Eendrag maak mag](#)

[hoofstuk 13](#)

[Die polisiepaartie](#)

[Hoofstuk 14](#)

[Chill out](#)

[hoofstuk 15](#)

[Camilla en Ben soek na die goud](#)

[hoofstuk 16](#)

[Plot twist](#)

[hoofstuk 17](#)

[Val-in-die-tuin](#)

[hoofstuk 18](#)

[Toweropstal se spoke](#)

[Hoofstuk 19](#)

[Die perfekte misdaad – of ‘n algehele fiasko?](#)

Die Perfekte Misdaad is saamgestel uit die bydraes van die bloggers, gekopieer vanaf die oorspronklike bloginskrywing soos aangedui, en met verskaffing van 'n skakel langs die naam / skuilnaam van die skrywer aan die begin van elke hoofstuk.

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie boek mag in enige vorm of op enige elektroniese of meganiese wyse, insluitend inligtingstoor- en herwinningstelsels, weergegee word sonder skriftelike toestemming van die outeur(s) van die onderskeie blogs / hoofstukke nie.

Dekkingsblad ontwerp deur HesterLeyNel

Dekkingsbladfoto verskaf deur Abrie Joubert

Fotos geplaas in die boek self is die eiendom van die skrywer van die spesifieke blog / hoofstuk.

Emoji provided free by (Emoji gratis verskaf deur) [Emoji One](#)

Hierdie boek is 'n werk van fiksie. Name, karakters, plekke en voorvalle is ook produkte van die skrywers se verbeelding of word fiktief gebruik. Enige ooreenkoms met werklike persone, lewende of dood, gebeure of plekke is heeltemal toevallig.

Boek beskikbaar in .pdf, EPUB en MOBI formaat by [www.hesterleynel.co.za](http://www.hesterleynel.co.za)

Beskikbaar gestel in Suid-Afrika

Feb 2017

# HOOSTUK 1

## Die misdaadtoneel – die plaas Toweropstal



deur [Abrie Joubert](#)

Die perfekte misdaad – mens kan aflei dat Hester ‘n positiewe mens is, haar glas is halfvol (met al die reën daar by haar is dit heeltemal vol), maar met respek Hester ek weet nie of hierdie misdaad perfek gaan wees nie. Solank ons net nie die daad heeltemal mis nie! Aangesien meesterskelms al ‘n aanduiding gegee het wat hulle wil aanvang moet ek eers hierdie disclaimer gee (wat is dit nou weer in Afrikaans, o ja vrywaring, wat my laat wonder of ons nog vry gaan wees na dese?). Natuurlik gaan ons, dit is mos **Die perfekte misdaad**. Ek wyk af; die vrywaring:

*Ek voel die koue metaal van die rewolwer wat so gemaklik in my hand lê en wonder of ek dit nie alles vir myself moet hou nie, maar dan besef ek wie ek is, ‘n man met waardes – ‘n altruistiese skelm, ‘n blogger; nie ‘n bogger nie. My taak is bloot om die skoot te laat klap met die wegspring. Of die skelm skrywer-atlete daarna die pistool op mekaar rig is nie binne my beheer nie... **Maar wees gewaarsku** Hester het riglyne gegee en ‘n kanon lê gemaklik in haar handpalm.*

Ek vra sommer nou al verskoning oor die oortreding van 500 woorde – moes dit binne die geskiedkundige raamwerk skets.

Ek hoop ek het nou julle aandag. Vir agtergrond haal ek aan uit ‘n artikel:

*“Krugerponde was Suid-Afrika se eerste inheemse, kommersiële geldeenheid. Gemunte ponde, naakte ponde, ongemunte goud en muntplaatjies is inderhaas voor die val van Pretoria op 5 Junie 1900 uit die SA Munt en Nasionale Bank gehaal, op treintrokke gelaai en in die rigting van die Laeveld gestuur met Paul Kruger se trein, bekend as die*

*regering-op-wiele.*

*Gustav Preller, wat in 1900 'n klerk in die Departement van Myne was, vertel het hoe hy opdrag ontvang het om wavragte goud uit die ou Munt in Pretoria te verwyder. Hy het in die middernagtlike ure 'n wa tussen die Nasionale Bank-gebou, die Paleis van Justisie en die Munt getrek en vragte goud gelaai terwyl genl Jan Smuts toesig gehou het. Hy moes die goud na die ouditeur-generaal by Pretoria-stasie neem waar dit op die presidensiële trein gelaai is. Die trein het Pretoria vroegoggend verlaat en Machadodorp in die namiddag bereik.”* Einde van aanhaling.

Vir meer inligting oor die Krugermiljoene kan julle verder lees by hierdie blog waaruit ek aangehaal het.<sup>1</sup>

Die goud is op 'n stadium weggesteek om dit uit die Britte se hande te hou. Aangesien die Krugermiljoene nog nie gevind is nie wil academici deesdae beweer dat die goud opgebruik is om te betaal vir die oorlog. Maar dit is omdat daar heeltyd op die verkeerde plek gesoek is. Genl PJ (Piet) Joubert, 'n raadgewer van President Kruger, was die broer van my oupagrootjie JP Joubert. Sien hier die sertifikaat wat my oupagrootjie ontvang het ter nagedagtenis aan die oorlog en lees in Thermopylae<sup>2</sup> meer daaroor.

Aangesien ek die eer aangedoen is om hierdie verhaal af te skop deel ek nou met julle (en net met julle) dat die besluit na die vredesluiting (met Paul Kruger land uit) onder die leierskap van Genl Piet Joubert opgegrawe is en uit die Laeveld verwyder, juis om fortuinsoekers te fnuik. Dit is vervoer na sy broer (my oupagrootjie) se plaas (die plaas *Toweropstal* sien *Scene of the crime*<sup>3</sup>) en daar weggesteek met die doel om later weer 'n rebellie teen die Britse regering te befonds. Die geleentheid het hom nooit voorgedoen nie.



My Oupa het ongelukkig agteruit geboer toe hy alzheimers gekry het en die plaas is oorgekoop deur 'n Engelse lord (wat nie van die versteekte goud geweet het nie). Teen daardie tyd was sy broer Genl. Joubert reeds oorlede. Almal wat daarvan geweet het is mettertyd oorlede maar op sy sterfbed het my Oupagrootjie 'n helder oomblik gehad en dit aan my oupa oorvertel. Let nou mooi op wat hy o.a. vertel het:

*“Vandag is daar nog net 'n murasie van Toweropstal oor, maar die dik sterk skoorsteen staan nog. Wavragte goud is in 'n kelder onder dié skoorsteen versteek. 'n Skag 30 voet diep lei na die kelder. Die ingang bo by die skoorsteen is geseël met 'n sementblad dikker as 'n voet en onder dit is 'n metaaldeksel oor die skag geplaas wat destyds met kettings gesluit is. Daar is 'n groot moontlikheid dat die kelder onder water is”.* Einde van aanhaling.

Aangesien ek daar was kon ek sien dat 'n swetterjoel perdebye in die skoorsteen nes gemaak en dat daar 'n byekorf heel bo in die skoorsteen is (wat my weens my dodelike allergie vir die insekte laat wegdeins het). Toweropstal moet jy uit die regte hoek beloer anders verneuk hy jou. Toegang (na die murasie) is redelik maklik. Dit is sowat 250m wes van die teerpad tussen Heroldsbaai en George Lughawe geleë en sowat 2km vanaf die lughawe (en dus net 'n paar kilometer vanaf George). Boonop is dit slegs omtrent 500m vanaf die naaste stasie Skimmelkrans. Hierdie muntstukke is baie meer werd as die goud waarop hulle gemunt is. Daar kan dus 'n besluit geneem word of al die goud die teiken is of van die muntstukke selektief die teiken is. In totaal praat ons van 'n paar ton se goud.

Benodighede:



1. Industriële hoekslyper (angle grinder) met skywe (discs) vir sement en yster – om die sement, kettings en metaaldeksel te verwyder.
2. Industriële drukboor (pressure driller) vir opbreek van sementblad
3. 'n Kragopwekker vir 1 & 2
4. Toue en katrolle om in die skag af te gaan en om die goud in kratte na oppervlak te bring
5. Sterk waterdigte flitse
6. Rookmasjien soos wat byeboere gebruik (of Una op haar dans parties) vir verwildering van Perdebytjie se vriende.
7. Handskoene vir almal (behalwe die geslepe skelms sonder vingerafdrukke soos Toortsie)
8. Duikgereedskap ingeval kelder vol water is.
9. Vragmotor vir die vervoer van goud
10. Alternatiewe wegsteek/verspreidingspunt.
11. Uit die aard van die saak gaan niks verkeerd loop nie maar miskien het ons 'n regsplan nodig van die kaliber in Scene of the crime...

Ons sal 'n iemand (verkieslik meer as een skelm) benodig met duikondervinding in geval die kelder vol water is. Maar eers moet ons daar kom. Ons het skelms met spiere en ondervinding nodig om 1 tot 4 uit te voer. Die toerusting sal alles op George gehuur kan word (verkieslik by verskillende plekke). Ons het mense nodig wat kan orgainseer, nerves of steel, wat kan improviseer sou iets verkeerd loop met die plan (wat nog nie bestaan nie). Ek twyfel nie vir een oomblik dat ons nie genoeg vaardighede en kreatiewe skelm breinkrag tussen ons het nie nie.

Na ek diep nagedink het ek besluit om die een wat my nomineer het, eerste te nomineer. Hester jou glas is vol, doen vir ons 'n beplanning van hoe dinge moet verloop asb.

Hieronder is Gé Kortsens met 'n snit uit die film Krugermiljoene wat in my geboortejaar 1967 uitgereik is.<sup>4</sup> Goeie oesjaar... luister daarna indien inspirasie benodig word.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Toortsie: !

- Abrie Joubert: Jy moet daar by Kameel gaan uitroep, m.a.w. op jou eie webruimte !!! 

- Toortsie: O né? 🤔

travel460: Abrie, hierdie ‘platform’ waarop ONS nou, en vir die volgende tydperk, op gaan kommunikeer...dis ‘n heeltemal “secure line”? Ek neem aan Hester het beheer daarvan oorgeneem met al haar I.T. talente?

- Abrie Joubert: Dit is hoekom ons ‘n regsspan ook nodig het, vir ingeval dit nie ‘n secure line is nie. Ek is net bang die “professionele” Krugermiljoen soekers lees hier en gaan haal die goud daar uit voordat ons kan.
- travel460: Ek wil soos Anne Hecke van die reeks Brave wees! Gaan vir my ‘n blonde pruik aanskaf en haar houding in die spieël oefen... Ek weet sy veg aan die regte kant, maar ‘n vrou mag maar droom. My kleinseuns het ‘gunne’, baie. En swaarde. Ek dink ek wil deel van ons sekuriteitsspan wees, so ‘n blonde ouma met ‘n groot geweer... 😎
- Abrie Joubert: Jou glas is vol Una jou glas is vol. Wat van blonde ouma met duikpak en as jy nie kan duik nie dan ‘n fnuikpak. Ek het nou wel die eerste “hoofstuk” maar ons hoef nie onself te wees nie of ons kan vir onself talente bylieg – dit is mos ‘n storie!
- travel460: Ek stem saam. Dis ONS storie, hier op ONS blogland.
- Abrie Joubert: En daar is baie onse in ons Krugerpond
- HesterLeyNel: Haha, ek sien al hoe dryf die blonde pruik bo die water rond terwyl die ouma in die modder rondvrotel vir die goud.

HesterLeyNel: Wow! Dis nou ‘n ... wow! wegspring. Toortsie is klaar sonder woorde geskrik. Krugerponde nogal. Ja, Abrie, jy’s reg, ons sal vir onself heelwat talente moet bylieg. Hoekom het ek geweet ek gaan eerste aan die beurt wees om hierdie tameletjie te roer?

- Abrie Joubert: Toortsie het haar vingerafdrukke weggeskrik. Is Krugerponde maar ons het mos baie onse in ons pond

Kameel: Ek lag kliphard hier vir al julle sêgoed..... en uitroep teken. 😄  
Welgedaan Abrie, ek gaan heerlijk lees. Met my dronkkop en rigtingbeduiwelgeit kan julle my onmoontlik vertrou om deel te wees van die komplot. Ek het in spanning gewag hiervoor!!!

- Abrie Joubert: Kameel in hierdie storie het jy nie 'n dronkkop nie (behalwe miskien a.g.v. te veel sjampanje na die perfekte misdaad voltooi is) en is natuurlike en magnetiese Noord in jou brein ingebou. Waar ons tekorte het lieg ons dit weg. Dit is mos 'n storie.
- Kameel: Sjoe.....dan kan ek 'n beeldskone meisie in die storie wees.... met 'n natuurlike magnetiese Noord 😊
- Abrie Joubert: Maar jy is mos 'n beeldskone meisie
- Kameel: 😞 hoe kan ek dit nou vergeet het!!!
- HesterLeyNel: Ekskuus? Jy dink die plan uit, betrek vir my en Toortsie en wil dan terugsit en toeskouer speel? I. Do. Not. Think. So.
- Kameel: Ek dog ek kan net die regisseur wees??? 😞 Ek sal die grinder gaan huur... het planne met hom!!!
- Abrie Joubert: Ek wou nou beweer dat Kameel dubbele standaarde het maar daai grinder maak my bekommerd...
- HesterLeyNel: Jip, daar's nog 'n vrou wat hou van power tools.

Abrie Joubert: Dis reg Hester ons moet Kameel dissiplineer, hierdie is die klassieke verhaal in wording, Die perfekte misdaad, nie Mutiny on the Bounty nie

- HesterLeyNel: Net so!
- Kameel: Mutiny?.... nope.....julle kan maar rustig slaap.

lekkervurig: Ek lief dat planne bymekaarkom, ek het nogal gewonner of julle ook lees hoe meesterbrein Abrie die waenhuisdeur vir planne wyd ooplaat. Una ek het jou ook innie duikpak gesien, net nie die blonde pruik nie....hehe.

- Abrie Joubert: Ek sien jou met die sigaar in die mond beklee met die goud van ons handwerk. "I love it when a plan comes together". Moet nou net jou met al die goud beklee nie...
- lekkervurig: Nee, Abrie – Nie Hannibal nie, eerder die malletjie! Hou nie van baie goud nie, eerder geskiedenis....

rondomtaliedraai: Hehehehehe you go Boykie en vir Hester You go girl!

# HOOFSTUK 2

## Beplanning van die misdaad



deur [HesterLeyNel](#)

Wie het gesê misdaad betaal nie? Ons gaan die teenoorgestelde bewys en super misdadigers word.

Dankie Abrie dat jy die uitdaging afgeskop en ons bewus gemaak het van die moontlikhede wat Toweropstal vir ons kan inhou. Die inligting wat jy aan ons verskaf het met betrekking tot die ligging en die toerusting wat ons gaan benodig, was van groot waarde. Dit maak die beplanning van die daad net baie makliker.

Ek wil net gou 'n paar woorde sê oor sake van algemene belang:

- Abrie jou sogenaamde vrywaring “My taak is bloot om die skoot te laat klap met die wegspring”, is nie die blog werd waarop jy dit geskryf het nie. Die deler is so goed soos die steler. In regstaal, is dit jou intensies waarmee jy opgetree het wat die deurslag gee.
- Una, hierdie bloglyn wat ons gebruik vir kommunikasie is so veilig soos 'n oop elektriese kragprop.
- Ek dink nie ons moet noual dink aan die moontlikhede van 'n regsspan wat gehuur moet word nie. Ons is nie van plan om te misluk nie en buitendien, hoe sal ons weet wie aangestel moet word voordat ons weet wat die klag teen ons is? Julle het gehoor Sonell het al klaar uitgevra oor 'n moord wat per ongeluk plaasgevind het.

Hierdie is nie 'n taak vir net een dag (of nag) nie. Dit kan moontlik 'n paar dae neem. Ons moet 'n teenwoordigheid vestig by Toweropstal sodat die mense rondom gewoon raak aan beweging op die perseel. Ek dink ons moet 'n klompie hoenders aanskaf en 'n kommunale eierboerdery daar aan die

gang kry – ons weet mos alles van ‘n eierlêery af. Alle misdadigers moet solank begin reisreëlings tref en voor die lewering van die State of the Nation adres reeds op die perseel wees om te help met die boerdery.

Ons gaan geld nodig hê om die plan in werking te stel. Ons moet immers betaal vir toerusting wat gehuur moet word, reiskoste, verblyfkooste vir ‘n paar dae (kos en dop) en so aan. Ek het bereken dat ons sowat R500,000 kapitale uitleg sal moet doen. Alle misdadigers moet aan hierdie taak (Taak 1) deelneem: betaal asseblief alles wat julle kan in my persoonlike bankrekening in (ek inboks vir julle die besonderhede). Ek gaan net vir ‘n paar dae Las Vegas toe vir besigheid en sal alle rekeninge kom betaal wanneer ek terugkom.

Taak 2: Huur of koop solank alles wat ons nodig het op skuld – toerusting, kos, dop en so aan. Onthou die hoenders en kry die boerdery aan die gang. Maak die blyplek leefbaar. Ons moet immers ‘n rukkie daar bly en ons wil dit doen in gerief. Belangrik – dryf die spoke uit.

Taak 3: Beplan ‘n aantal paarties. Daar moet deurnag klipharde musiek speel sodat niemand die klank van die kraggereedskap kan hoor nie.

Taak 4: Kry ‘n sekuriteitspan bymekaar om die omtrek te patroleer. As iemand opdaag om saam te kom paartie, stel hulle buite aksie of hou hulle besig op ‘n ander manier.

Taak 5: Verwyder die sementblad aan die bokant van die skoorsteen en rook die bye uit. Raak ook sommer ontslae van slange en spinnekoppe.

Taak 6: Verwyder die metaaldeksel met kettings bo die skag. Stel die toue en katrolle op om die goud op te trek. Ek is nie seker wat ‘n krat goud weeg nie (huh, Abrie?). Dalk moet ons liever ‘n hyskraan gaan steeluur. Werk slegs in die nag wanneer die musiek speel.

Taak 7: Kry die duikers bymekaar om af te sak in die skag en ‘n opname te maak van die inhoud van die kelder. Ons gaan alles vat wat lyk of ruik soos goud en ons moet weet wat daar is om ons finale planne in werking te stel.

Taak 8: Hys die kratte met goud op uit die skag en pak die goud in die vragmotor. Die vrag moet voor daglig reeds vertrek na Port Elizabeth hawe toe waar dit voorlopig in ‘n houer pakhuis (container warehouse) gestoor moet word totdat ons besluit aan watter buitelandse koper dit gelewer moet word. Dis beter dat die goud landuit gaan.

Taak 9: Maak die opstal skoon, verwyder alle vingerafdrukke en DNA-getuienis. Verbloem die skag onder die skoorsteen en maak ‘n plan met die hoenders. Een laaste groot paartie met harde musiek en gebraaide hoenders

sal dien as oëverblindery totdat die vragmotor met die goud veilig op pad is.

Taak 10: Alle bloggers – gaan huis toe en wag vir my om julle geld in julle bankrekenings in te betaal.

Het ek iets vergeet? Ag dan was dit dalk net nie belangrik nie. Hierdie is net riglyne en in nood moet die plan aangepas word. Onthou, as julle iewers probleme het of foute begaan, rapporteer dit asseblief sodat ‘n volgende blogger die fout kan probeer regstel.

Siende dat Kameel hierdie hele storie begin het, gaan ek haar “tag” om Taak 2 uit te voer.


Drink ‘n glasie op ons sukses!

### KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Rob Alberts: Ik ben gek op worteltjes. Als kind at ik dan stiekem worteltjes uit de moestuin van de bureu. Gelukkig is het daarbij gebleven. Een misdadiger ben ik niet geworden .... Eerlijke groet,

- HesterLeyNel: Haha, Rob, ons het ook in die ou dae vrugte gesteel en gedink dis groot pret. Deesdae sal dit waarskynlik beskou word as misdaad.

Kameel: Hester!!!! dis briljant.... MAAR kan ons jou vertrou? Las Vegas sê jy?

- HesterLeyNel: Nou hoe meen dan jy nou? Natuurlik kan my vertrou om te doen wat die beste is vir die goeie saak 

travel460: Proberslag nommer 3! Moontlik moet ek nou eers weer my blonde hare opsy skuif, dalk help dit met my kommentaar wat bly verdwyn! Hoenders, dit kan uitgesorteer wees. Skoonseun is met my baba getroud, hy het ‘n hoender-afval maatskappy, en indien nodig, kan ek bietjie afpers. Familie. Ek het “leverage”, indien nodig. Die hoendertjies is mos nou lewend voor hulle afval word. Op skuld, afgelewer. Met wie moet ek reël? Las Vegas...Kameel, ek het, soos dit nou nodig blyk te wees, ‘n boby-builder neef wat as sekuriteitswag daar werk. Dit is nou om onse Hestertjie en DIE BANKREKENING op te pas. Sy is dan nou so onbaatsugtig om haar eie-eie rekening bloot te stel. Vir volk en vaderland doen ons enige-iets!

- HesterLeyNel: Oukei!! Yes! Kameel is verantwoordelik vir die

hoenders. Laat weet haar. O, gaan ek nou my eie lyfwag hê? Maak net seker hy het 'n LYF, iets wat sag is op die oog. Ek en hy sal mooi kyk

na die bankrekeninkie 😊

- travel460: Deal. Mmmm, hy is familie ja, maar hoe hy lyk... Sy LYF sal goed wees, dis belangrik. Nou moet jy my eers verduidelik. Ek neem aan ek was veronderstel om eerder by Kameel te gaan kommentaar lewer, of hoe nou?
- HesterLeyNel: Nee, sy moet nog eers haar blog skryf. Praat solank met haar hier in my kommentaar – sy lees dit ook.
- travel460: Ek dink ek moet vir myself 'n diagram op papier kry!!! Hierdie gaan kop-hou vereis. Wie wat waar doen en belowe. Ons pruiik, Kameel. Hy moet saans in die wit sta-soft gelê word. Dis wat die gawe dame op die hoek gesê het, sy weet blykbaar...
- HesterLeyNel: Ek het nou amper gevra hoekom wit? Dit was 'n blonde oomblik.

travel460: Body-builder... Ag wat, boby-builder kan seker ook werk?

- Kameel: Dankie Una het die pruiik ontvang, en ja asseblief reël vir daardie hoenders om so gou moontlik by Toweropstal afgelewer te word. Hulle kom nie miskien saam met hokke nie? Ek sal baie vinnig hokke in die hande moet kry. Wat daardie body builder aan betref.... goud het al menige monde stilgemaak.
- HesterLeyNel: So wraggies, en nou begin jy al ons goud uitdeel! Of meen jy nou ... hyg ... dat ek vir hom van ons goud sal gee?
- Wegkruipertjie: Waarvoor betaal julle die bodybuilder goud? Nee ek het nou die plot verloor, ek dog ons doen 'n misdadstorie, nou raak dit alweer 'n hygroman??
- Kameel: Dis Hester wat wil verdwyn Las Vegas toe... dit terwyl ons die harde werk verrig. Sy het net die orders gegee. Una het 'n body builder familielid wat Hester sal dophou dat sy nie met ons geld verdwyn nie. Nou lyk dit my Hester wil die mannetjie met goud omkoop. Die plot raak al meer gekompliseerd.
- Wegkruipertjie: En sy wil verdwyn met die geld in haar bankrekening? Ek dink hier is 'n Gupta in ons midde
- HesterLeyNel: Dobbels hulle ook in Las Vegas?
- Wegkruipertjie: Hulle doen ja, maar tussen die klomp b(l)oggers dink ek

jy dubbel met jou lewe om soontoe te verdwyn

- HesterLeyNel: Haha, lyk my so
- Kameel: Ek voel ook nie gerus nie. Is ook nie so seker van Una se body builder neef wat Hester moet dophou nie. Una en Hester?
- HesterLeyNel: Raaitie ou, nou is daar twee van ons onder verdenking (drie as jy die lyfwag bytel).
- HesterLeyNel: Ek gaan Las Vegas toe vir besigheid! Ek moet 'n koper gaan soek vir ons goud. Tsk. Ek voel seergemaak.
- Kameel: Ons sal vir die einde van hierdie storie moet wag om te sien hoe betroubaar jy is. 😊
- HesterLeyNel: Ja 😊 Dis oukei, ek gaan eers na die afhandeling van die misdaad Suid-Amerika toe emigreer. Trust me.
- Kameel: 😊 Ek het aan Italië gedink. Wil ook vir my 'n villa kry soos die ryk mense. Het die mafia nie sy oorsprong daar gehad nie? 😬
- HesterLeyNel: Jip, maar jy moet dink aan 'n land wat nie 'n uitleweringsooreenkoms met Suid-Afrika het nie. Om geld of goud die land uit te smokkel sal die Reserwebank baie kwaad maak. Die kabinet ook – hulle hou nie van kompetisie nie.
- Kameel: 😊 Columbia hier kom ek!!!
- HesterLeyNel: Daasy!
- HesterLeyNel: Nou sien jy nou? Dit alles omdat die mede-misdadigers my nie vertrou nie.
- travel460: Waar. Geld wat stom is...
- travel460: Hokke...? No problem. Hy moet 'n plan maak vir sy skoonma. Of...
- Kameel: Dankie, nou kan ek pruik, hoenders en hokke van my lysie aftik.
- HesterLeyNel: Die pruik en die hoenderhokke? Ek dog Una gaan duik met haar blonde pruik?
- Abrie Joubert: Hester, Hester, die Las Vegas storie maak my bekommerd (oor jou veiligheid in die vreemde) maar gelukkig is Una so onselfsugtig om jou te help met 'n boby builder. Ag ek bedoel 'n lyfwag wat soos Bobby van Jaarsveld lyk (wat my effens bekommerd maak oor Hester se man maar gelukkig is Kameel gereed om 'n boodskap met 'n



grinder te gaan oordra indien nodig).

- HesterLeyNel: Bobby van Jaarsveld. Daai outjie van Una se wêreld af? Eish, nou voel ek bietjie ... afgehaal.
- travel460: Hester, nee. Dis glad nie ek wat begin praat het van duik nie, dis Abrie se gedagte! Of Kameel, of joune. Ek snorkel net, g'n niks dieper as dit nie.
- Abrie Joubert: Dankie dat jy aangebied het om te duik.
- HesterLeyNel: Kinders! Speel mooi met mekaar. Geen argumente nie!
- travel460: 🐬 😊 😄
- HesterLeyNel: Die persoon in beheer van die duikers sal moet aandag gee hier!
- travel460: Wie. Waar. Wanneer...!!!???\$\$\$\$\$
- HesterLeyNel: Taak 7
- travel460: Ek dog nou net ek het iets verder gemis...

wegkruipertjie: Hester ek wil ook deelneem asb

- HesterLeyNel: Jy, dis jy wat weggekruip het sodat ek jou nie kan raaksien nie. Verskoning. Ek gaan gou regmaak op my blog.
- Wegkruipertjie: Dankie ek sien ek het myself nou ontbloot as 'n deelnemer op jou blog
- HesterLeyNel: Nog 'n ekshibisionis. Wat is dit met jou en Una vandag?
- Wegkruipertjie: LOL

Kameel: Nee Hester ek glo jy is doodonskuldig.... hoe sal jy nou ons goud vir 'n body builder wil gee. Hoekom bly daardie grinder in my gedagtes opkom? O ja.... ek dink scrapy wil ook deelneem.

- HesterLeyNel: Ek sal haar naam gaan opsit, dankie
- Kameel: Christa van thailand het ook haar naam opgesit.
- HesterLeyNel: O dankie. Ek gaan haar opsit.

Lekkervurig: Ek sal in plaas van geld vir ons mobiele braai en hout en driepootpote vir kooksels verskaf. Los ook huur/herbesitneem van lorretjie (ons gebruik sommer my Lekkerbraai enetjie), ook sal ek die gereedskapkis met skroewedraaiers, bonte, moere en hamers en ook 'n grinder saambring –

hoop dit help Kameel. O, ja, ek sal ook hier by ons Wegsteekslaghuus vir ons boerewors en hamburger frikadelle bestel. Een van die aande kan ons maar 'n Amerikaanse hamburger paartiekie reël om Hester se tog LA toe te gedenk en die rookskerm vol te hou terwyl ons vir goud soek...

- HesterLeyNel: Haha, wow! Daar is 'n offer wat sin maak, Kameel.
- Toortsie: Ek sal my man omkoop dat hy vir ons 'n skaap slag om op jou braai te braai.
- Lekkervurig: Dan Bant ons sommer, onthou om die resepteboeke in te pak.
- Toortsie: Goeie plan!

Perdebyttjie: Ek voel net geweldig omgekrap dat julle my familieledede uit die skoorsteen wil uitrook! Hulle kan mos ingespan word om vyandige wesens daar weg te hou en vir bietjie soet heuning op die roosterkoeke, wat ons gaan gaarmaak vir een van die vele paarties!

- HesterLeyNel: Maak perdebye heuning? 🙄 Nou maar dan moet Kameel jou "tag" sodat jy die bye gaan oplei om deel te wees van die sekuriteitspan, maar dalk kan jy hulle tog maar oorreed om tydelik 'n blyplekkie buite die skoorsteen te kry.
- Perdebyttjie: Nee, ons maak nie heuning nie, maar die bye is deel van my agterlike familie, wat soms opduik, net wanneer hulle iets wil hê. Maar soos hulle sê: bloed is dikker as water oftewel die angelbende moet saamstaan, al is 'n klomp van hulle regte skarminkels. Ons kan dié spul lekker gebruik om die misdaad uit te voer.
- HesterLeyNel: Solank hulle koppe, ek bedoel hulle angels, net nie uithaak en die verkeerde mense begin raps nie.
- Perdebyttjie: Met Kameel se stiletos en perdebyrapse, kan hierdie storie baie interessant raak!
- HesterLeyNel: Stiletos? Seker om te pas by die pruik. Sy gaan 'n sexy hoenderboer wees, dis nou maar seker.
- Abrie Joubert: Ek neem aan jy is 'n perd, by en perdeby whisperer
- Perdebyttjie: Beslis, maar dit werk nie altyd nie...perdebye het my nou die dag gestek...vrek seer gewees hoor!

Lekkervurig: Ek stel voor dat Perdybyttjie vir Taak 5 getag word. Sy is ons



ongedierte “Whisperer”. Blogger van Taak 4 neem kennis....Taak 5: Verwyder die sementblad aan die bokant van die skoorsteen en rook die bye uit. Raak ook sommer ontslae van slange en spinnekoppe.

- HesterLeyNel: Goeie idee – ons moet Taak 4 se blogger herinner wanneer ons daar kom.
- Perdebytjie: Ek is reg vir die takie!

Rondomtaliedraai: Mmmmm ek sal Vrydag die slangsituasie aanspreek ... onthou ek is nie goedkoop nie!

- HesterLeyNel: Is dit ‘n aanbod van hulp? Dis goeie nuus, maar gaan jy die misdaad enduit saamleeg of tree jy net op as konsultant? Die ou klomp is so suinig, hulle wil my nie eens toelaat om my besigheid te gaan klaar doen in Las Vegas nie.
- Rondomtaliedraai: Mmmmm ons sal kyk wat gedoen kan word... fluister dis nou as ek met die skakel na jou blog kan regkom
- HesterLeyNel: Ek kan jou help met die skakel, maar dan gaan ek nou eers jou naam op die lys sit sodat die mense kan weet dat jy wil help met die slang. Onthou net, die slang gebeur eers by taak 5 en dit kan nog ‘n rukkie duur voordat ons daar uitkom.

Toortsie: Sjoe! Ek wou nog aanbied dat ons ‘n voorafbeplannings week hou en almal in ons gastehuis op die plaas kom bly waar niemand onraad sal merk nie. Hester, jy is ‘n planmaker duisend, ek wonder net of ons op die ou end ons deel gaan kry? Huh?

- HesterLeyNel: Ag nee Toortsie, nie jy ook nie! Julle breek my hart 
- Toortsie: Hoe dan nou? Ek verstaan hiersie verpletterde hart nou glad nie.
- HesterLeyNel: Niemand vertrou my om die geldsake te hanteer nie. Almal dink ek hardloop weg Las Vegas toe met hulle geld in my bankrekening.
- Toortsie: Ja, maar mens kan nooit te gerus wees nie! 
- HesterLeyNel: Is waar. Die ou wêreld is boos!
- Toortsie: Ja, né

Toortsie: Hoekom wil jy die goud verkoop? Ons gaan dit seker gelykop verdeel?

- HesterLeyNel: On nee!! As almal begin goud verkoop om geld te kry, gaan iemand snuf in die neus kry. Liewer die geld. Haha, ek het so pas voor my geestesoog gesien hoe ry ek met die goud in my klein karretjie KZN toe en bêre die goud onder my bed.
- Toortsie: Ek dink in elk geval die veiligste sal wees om dit so gou as moontlik te spandeer, dan kan niemand dit steel nie.
- HesterLeyNel: As ons almal begin spandeer gaan iemand suspisies raak oor die klomp bloggers wat so skielik begin geld rondgooi.
- Toortsie: Ons moet dit net nie uitblaker op ons blogs nie!
- HesterLeyNel: Nee, die blogs is okei, maar moet dit nie wys op jou belastingopgawe nie!
- Toortsie: O nee! Ons moet dit net nêrens in bankrekenings inbetaal nie. Eerder maar onder die kooi bêre.

Kameel: Ek wou jou nog vra wat is jou adres in KZN. Wil op die earth app jou tuiste gaan bekyk 😊

- HesterLeyNel: Ek woon diep in die bos!

Abrie Joubert: Hierdie is absoluut merkwaardig en die kommentare 😊 en met rede oor die Las Vegas storie. Terloops Las Vegas is Spaans vir “the meadows”. ‘n Spanjaard wat ‘n fontein ontdek het, het dit vernoem “for its life-saving water and soul-soothing greenery”. Dink nie daar het veel van daardie betekenis oorgebly nie.

- HesterLeyNel: Dis interessant Abrie, ek het dit nie geweet nie. Ek het juis gesit en wonder hoe kry ‘n stad in die woestyn water, toe gee my man my ‘n hele lesing oor die Hoover Dam.

scrapydo2: Grote Griet, ek het so n bietjie agter geraak met al die beplannings. Ek is self besig om te beplan om te trek so my aandag is nie by my blog-bedrywighele nie totdat ek Kameel se deel lees en die volgende taak

moet doen. Dit sal beslis vanaand beplan word en dan more openbaar gemaak word. Ek moet gou eers my reisdokumente in orde kry. Gelukkig is alles nog geldig. Net my Musk vuurpyl huur sodat hul dit solank in die regte rigting kan stel om my met spoed op die toneel te bring.

- HesterLeyNel: O heng, ek het gisteraand vroeg gaan slaap (en die bloggers het heerlik voortgesels hier op die kommentare), so ek het nog nie eens Kameel se bydrae gelees nie. Yummie! Ek gaan kyk. Musk vuurpyl? O gonnas.

# HOOFSTUK 3

## Camilla doen shopping



deur [Kameel](#)

Op rooi stillethoes, heupe swaaiend in 'n swart minirok stap Camilla, 'n Hardewarewinkel binne. Sy gaan staan en kyk half verlore om haar rond. “Kan ek help dame,” sê 'n mansstem skuins agter haar. Met 'n swiep van haar blonde hare, draai sy om, pruil haar rooi mond, en bekyk die man op en af, en glimlag dan haar goedkeuring. Hy is onkant gevang; trek onwillekeurig sy maag in, en stoot sy bors uit. “Abrie het my gestuur,” sê sy in 'n hees stem. Hy trek sy wenkbroue vraend op, “Abrie?” “Ja, Abrie het gesê ek kan by jou 'n “industrial ankle grinder” leen. Die man gee 'n skewe glimlag, “Jy bedoel seker 'n “angle grinder?” Met oë vol beloftes kyk sy deur lang wimpers na hom. “Dis reg, dis wat hy gesê het.” Die man sluk hard. “Ons huur angle grinders uit”... maar voordat hy verder kan praat beweeg sy tot teen hom. “Ek wil dit net vir 'n rukkie leen,” sê sy saggies. Vir 'n paar oomblikke staan hulle so, haar parfuum is bedwelmend. Dit is duidelik dat die man in haar net gevang is. Meteens verhelder sy gesig. “Ek het 'n “angle grinder” in my bakkie wat ek vir jou kan leen. Wou dit vanaand na my vriend toe vat, maar hy kan maar 'n rukkie wag.” Camilla lig haarself op en gee hom 'n soen op sy wang, “Jy is 'n regte skat.” Die man kyk vervaard om hom rond, haal 'n sakdoek uit sy sak en vryf daarmee oor sy wang. “Waar is julle musiekafdeling?” Vra Camilla grootoog. “Ons het nie 'n musiekafdeling nie” antwoord hy vinnig. “Abrie het dan gesê as ek die grinder kry moet ek sommer vra vir Sement en Ketting se discs.” “Wie is hierdie kamtige Abrie wat die pragtige meisie so voorskryf,” dink die man, maar sê dit nie hardop nie. “Dit is discs wat jy saam met die grinder gebruik,” verduidelik hy. “Wag dan gaan haal ek hulle vir jou,” en met die woorde stap hy weg.

‘n Ruk later met die grinder en discs veilig in lekkervurig se lorrietjie, ry Camilla straat af. By die rooi verkeerslig gooi sy haar kop agteroor en lag kliphard. Hoe geniet sy nie hierdie toneelspel nie. Nog ‘n paar draaie om as blonde poppie gereedskap vir hulle misdaad te kry, dan kan sy teruggaan George hotel toe en ontslae raak van hierdie ongemaklike klere, dik grimering en vals oogwimpers. Una kan haar pruik terugkry wanneer sy haar by Toweropstal sien. Sou hulle misdaad skeefloop sal daar verniet gesoek word na die blonde poppie, sy bestaan nie meer nie.

Lekkervurig was omtrent gaaf om soveel tot die misdaad by te dra... sy hoop net sy verstaan hoekom sy wat Camilla is nog ‘n grinder gekry het; sy wou van die begin af haar eie grinder hê... net vir ingeval.

Heelwat later stap Camilla by George hotel uit. Die bruinkop vrou in haar denim, t-hemp en gemaklike tekkies lyk alles behalwe na die poppie van vroeër. Sy voel tevrede met haarself. Sy het die meeste van die gereedskap wat Abrie op sy lys genoem het gekry en klaar by toweropstal gaan aflaai. Die rookmasjien, flitse, en duikgereedskap kan iemand anders kry. Mōre lewer Una se skoonseun die hoenderhokke en hoenders af... sy wonder tog watse houvas Una op hierdie skoonseun van haar het. Nou gaan sy kos koop en dan die pad vat toweropstal toe.

Alleen gaan sy nie daardie opstal takel en skoonmaak nie. Slange, spinnekoppe..... spoke!!!! Nee Toorts moet kom help... maar Toorts se vrees vir spinnekoppe sal haar viervoet laat vassteek. Meteens gaan die lig aan... SCRAPY.... ja Scrapy kan die leisels vat, die opstal skoonmaak, ontslae raak van die slange en spinnekoppe.... en spoke.... en die plek leefbaar maak. Wat sou Hester tog met leefbaar bedoel het? Ag wat laat Scrapy daarvoor besluit. Sy wat Camilla is sal die hoenders kos gee totdat die ander opdaag en by haar oorvat.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Perdebyttjie: Sjoë Kameel, die storie skop goed af! Ek kan nie wag vir die res van die deelnemers se pittige bydraes nie 🤔

- Kameel: Dankie Perdebyttjie.... weet nie hoe pittig jy gaan wees as jy jou geliefde perdebye moet gaan uitrook nie. Ek dink hulle gaan jou die job gee. Nou kan ek terugsit en die ander s'n geniet.
- Perdebyttjie: Ek sal mooipraat met die spulletjie!

- HesterLeyNel: The Wasp Whisperer

Tannie Frannie: Bwahahaaa – “Sement en Ketting se discs in die musiekafdeling”, dis klassiek, Kameel!

- Kameel: Dankie Frannie 😊 Hoop jy het jou naam op vir die misdaad!!!
- Tannie Frannie: Nee...ek is te sleg met spertye, ek sou net die verloop van sake vertraag. Maar ek volg die gebeure met toegespitste aandag!
- Kameel: Dis jammer maar ek verstaan. Dankie ook vir Sement en Ketting.... het dit na hoofletters gaan verander; beter so. Lekker slaap.
- Abrie Joubert: Tannie Frannie ek hou van tannie is ‘n pilaar van die gemeenskap met ‘n goeie naam en al – ‘n eerbare skelm. As tannie nie self skryf nie kan ander mense tannie dalk in hulle stories inskryf en tannie dinge laat doen wat tannie nie wil doen nie!
- Tannie Frannie: Dankie vir die waarskuwing – maar ek’s nog steeds te lui...

Toortsie: Ek raak al hoe meer gespanne, nie oor die misdaad nie, nie oor die tronk nie, maar oor my BEURT! Kameel, wanneer dit my beurt is, gaan ek jou omkoop om myne ook te skryf. Jy sal mos, nê? Asseblief, man!

- Abrie Joubert: Toortsie skryf enigiets en ontken net dat jy dit geskryf het. Jou vingerafdukke is mos nie op die pen of sleutelbord nie.
- HesterLeyNel: Haha
- Kameel: Van wanneer af is onse Toort bang?? Jy gaan skryf en goed skryf.... vra raad as jy dit nodig het. Just enjoy it!!!

Toortsie: Ahaaa ek weet nou. Op een of ander manier moet die polisie se aandag afgetrek word, en ek dink ek weet hoe! Ek bied aan om dit te doen wanneer nodig.

- Kameel: Jy gaan genomineer word... weet nie vir watse werk nie... maar Hester het gesê daar moet gepatroleer word. Kry jou gedagtes agter mekaar 😊
- Toortsie: Dis net te mooi wat’n blonde kop en ‘n paar hormone alles kan regkry! 😊
- Kameel: Ek het nou daardie image van my afgewas. Gmmmf die blonde poppies wat die mans so rondjaag... maar moet sê dit was nogal lekker



om die manne so om my pinkie te draai.

- Toortsie: Maar ek vermoed jy is 'n expert! 😄
- Kameel: Nooit gesien nie Toorts!!! Hoe gekrenk voel ek nou. 😊
- Toortsie: Ai jai jai, dis jammer.

Abrie Joubert: Sjoë Camilla ek was nou skoon down gewees omdat ek nie mooi geslaag het om vir jou te verduidelik wat jy moet koop nie, maar toe onthou ek dat jy 'n blond is en voel toe beter. Ek moet egter erken dat met die ketting discs jy nie heeltemal verkeerd is as jy dit musiek noem nie – die genre is heavy metal

- Abrie Joubert: En net vir die rekord hierdie was baie goed – musiek in my ore
- Kameel: Bly jy het daarvan gehou Boss!! Ag verskoon ek werk nie meer vir die mafia nie.... Abrie 😊
- Ekmyselff: Ek stem!
- Kameel: Dankie.... het jy gehoor hoe daar musiek gemaak gaan word? Jy sal jou hulp moet aanbied... dink net jy kan vir nagte bo-op die koorsteen dans en niemand gaan jou skeef aankyk nie.
- Ekmyselff: Klink na n goeie plan, dan het ek sommer baie hoogte en ek kan dalk op so manier waghoe en sien dat daar nie onwelkom besoekers of agies opdaag nie – die musiek moet net lekker lewendig wees.
- Kameel: Nou toe meld jouself aan. Ek dink Toorts gaan die job kry om die plek te laat patroleer .. dan slaan jy sommer twee vlieë met een klap.
- Kameel: Dan help jy sommer patroleer... en hou die musiek aan die gang!!! Twee vlieë met een klap.
- Kameel: Die blond het haar werk goed gedoen danksy Abrie se naam wat sy so los rondgegooi het. Thumbs up vir die heavy metal!!!

Scrapydo2: Sjoë, hier ontdek ek nou vanoggend dat ek my moet aanmeld vir die skoonmaak sessie. Ek moet eers speurwerk gaan doen om te sien waar Abrie die ou geslepe leier ons heen lei. Ek is juis oppad om my eie huis te ontruim. n Ekstra skoonmaak sal nie kwaad doen nie.

- Lekkervurig: Scrapy, ek sien Camilla het die huis leefbaar en spokeverdryf deel van haar taak vir jou gelos. Jy sal haar moet terugkry daar voor. Miskien 'n spokie in 'n bottel bêre vir later?

- Kameel: Jy moenie so skeef na my kyk nie lekkervurig.... ek is baie bang vir slange, spinnekoppe en spoke. Vir Scrapy se hande staan daar niks verkeerd nie... moenie eers verbaas wees as daar pragtige quilts te siene gaan wees nadat sy die plek leefbaar gemaak het nie.
- Lekkervurig: Kameel, haal asem. Die perdebye en bye en slange is in die skoorsteen vir Perdebytjie om te takel.... hoe gaan ons vir Piet Joubert opgeroep kry as Scrapy hom nie vang nie. Capice? Ek laaik dat Scrapy se talente reg aangewend word.
- Kameel: Daar is nie 'n manier waarop perdebytjie hulle skade gaan aandoen nie. Ek weet wat sy gaan doen.... fotos van hulle neem... en daarmee tyd verspil. Nee, die spul moet nek omgedraai word sodat die job kan aangaan.
- Lekkervurig: Jinne Kameel, jou skadukant kom uit....hehe
- Kameel: Ouch....ja, net gou weer my masker reg trek.
- scrapydo2: Ja, kry sal ek haar kry. Aan die anderkant is dit n span poging en daar sal nog dinge opduik wat net reg vir Kameel gaan wees. Sien jy kans vir stap 4?
- Lekkervurig: Stap 3 is die paarties Dit klink soos Una en kie. Stap 4 is sekuriteit klink soos Toorts want sy gaan die polieste kan omkoop met lekker kos...dink jy nie?
- scrapydo2: Oooo okay. Ek is veronderstel om taak 3 te doen.
- Lekkervurig: Kameel sê nee – jy moet deel twee van taak 2 doen, en iemand tag om stap drie te doen.
- scrapydo2: Okay, okay jy moet onthou ek kom van ver af!
- Lekkervurig: Dis hoekom ons 'n bende is, ons kyk uit vir mekaar. Lekker skoonmaak. Groetnis.
- scrapydo2: Ha ha, my planne het net bietjie verander. Dankie vir die hulp.
- Kameel: Ek verstaan scrapy.... dis jet lag 😊
- scrapydo2: En hoe, daardie vuurpyl trek so vinnig en gaan stadig gooi my af en is weer weg. Hy's mos oppad mars toe. Nou moet hul die volgende vuurpyl regkry om my weer op te laai want ek is onwettig in die land, motor en al, ha ha
- Kameel: Liewe, ek het al gehoor 'n boer maak 'n plan.... maar 'n gewese boeremeisie vat die koek!!!
- scrapydo2: Ha ha, skort niks met my verbeelding nie. Hulle het mos

verlede week hier n vuurpyl suksesvol opgestuur toe dink ek Aaa daar gaat ek.

- Kameel: Neeeeeee scrapy..... jy help my met taak twee.... het die harde werk .... ag ek bedoel die werk wat jou so goed pas.... met liefde aan jou oorhandig. Jy moet as jy klaar is iemand tag vir taak 3. Lekkervurig het idees gegee van wie hulle goed van hulle taak sal kwyt.
- scrapydo2: Jaaaaa, ek verstaan nou! My blonde oomblik het my geheel van koers af laat dink en dis al half tien hier ek moet gaan slaap.
- Kameel: Lekker slaap 😊
- scrapydo2: Dankie. Ek het gehoor ons gaan nie hierdie naweek maar volgende een trek. Nou beter ek begin inpak ook.
- Kameel: Scrapy!!!! Onthou ons is vriende. Veel eerder kan jy een van jou mooi quilts oor my gooi wanneer jy sien ek kry koud as ek lê en slaap terwyl die ander werk. Onthou ons is nog besig met taak 2... jy moet 'n blogger vir taak 3 tag.
- scrapydo2: Oh no. Ek het sommer taak drie begin maar dis okay. Jy sal sien hoe dit werk.Eks amper klaar geskryf!
- Kameel: Dis hoekom ek jou die huis laat leefbaar maak het... jou hande vat mos vas... en as mens jou oë uitvee is die taak afgehandel. Well done my friend!!
- scrapydo2: Het jy geleses wat ek vir ons gereël het?
- Kameel: Nee.... waar moet ek lees?
- scrapydo2: Het nounet hom gepos. All yours now. Laat Bytjie asb weet sy moet haar klomp familie kom kalmeer want hul voel heel onrustig op die oomblik.

travel460: Kameel, jy is 'n regte bo-baas misdaad skrywer! Die prentjie daarby het my met afwagting gevul. Camilla het haar goed van haar taak gekwyt. Manne wat darem so maklik vir 'n paar lang bene in rooi skoene kan val! Onthou om die pruik vir my by die afgespreekte plek af te laai, ek wil gereed wees vir my beurt! En Abrie, ek kan goed glo jy glimlag breed vir hoe

dinge afgeskop het. 😊

- Kameel: Die pruik lê in sta-soft.... hy sal gereed wees vir wanneer jy land. Fluister... het voorheen so 'n paar werkies vir die mafia gedoen ook.
- travel460: Jy is 'n goeie een om as kontak in my boekie te hê, Kameel.

Dalk 'n privaat opdraggie eens ons ons miljoene gemaak het...???



- Kameel: Why not? Die lewe kan maar boring raak so sonder 'n bietjie drama hier en daar. 😊

Lekkervurig: Flip, hoop Camilla het die Lekker braai logos van die lorretjie afgehaal....Kameel jy is briljant.

- Kameel: Not to worry lekkervurig, het dit afgehaal. Ek het my net as 'n dom blond voorgehou... maar agter dit was Camilla se verstand helder aan die werk.
- Lekkervurig: Phew, net vir oomblik gedink ons perfekte misdaad gaan deur my branding in die wiele gery word. Dankie Kameel.
- Kameel: Jou lorretjie ry heel lekker. Na dese gaan jy genoeg geld hê om julle brand landwyd te bemark. Ag wat praat ek nou.... jy sal sekerlik eerder die wêreld wil gaan toer. Hester bekommer my rêgtig.... sy praat van wegvlug Suid Amerika toe. Ek wou vir my 'n villa in Italië kry maar volgens haar lewer hulle uit. Voel jy gerus oor Hester?
- Lekkervurig: Kameel, dis nou nuus. Laas het ek verneem sy wil Los Angeles toe...ek sal my feite moet nagaan. Suid-Amerika...ons sal daai lyfwag wat Una wil saamstuur goed moet indoktrineer om in ons almal se belang Hester op die nou weg te hou. Ek dog sy wil gaan kyk of sy die geld wat julke so oorbetal het aan haar wil verdubbel. Ek het gedink om Nkandla by JZ oor te neem vir R1. Die land sal verlig wees....hehe
- Kameel: Sy is glo Las Vegas toe om kopers vir die goud te soek. Alles in ons belang sê sy. Wanneer die misdaad afgehandel en die goud verkoop en die geld in haar bankrekening inbetaal is.... en sy ons dele uitbetaal het... gaan sy Suid Amerika toe. Sou dinge hier skeefloop kan sy nie oorgelewer word nie. Daardie lyfwag sal sy storie moet ken!!! En jy gaan Nkandla oorkoop 😊 Is jy seker die land gaan nie de hoenders in wees daaroor nie. Hester sê klaar die reserwebank en die regering gaan smookwaad wees oor hierdie diefstal wat so onder hulle neuse plaasgevind het. Maar dan weer.... ons kan lekker by Nkandla paartie....daar sal plek vir al die bloggers wees om oor te slaap.
- Lekkervurig: Dis nou wat ek gedink het – ons eie Blogland nessie om verder eiers te lê, en JZ sê juis die krag en water is verniet....
- Kameel: Hoe klink jy so familiar met JZ? Ken jy die Guptas.... of is dit 'n te persoonlike vraag?

- Lekkervurig: Nie persoonlik nie, maar baie goed na ek Desember by hulle kersopgesteek toe ek “President’s keepers” van Jaques Pauw gelees het. Dis goeie misdadige leesstof. Boonop “Boardwalk Empire” en Sopranos van begin tot einde geshowmax. Ek is goed gemafia....
- Kameel: Sien jy het jou vinger op die pols. Ons het jou broodnodig om ons op track te hou.


HesterLeyNel: Fantasties! Jy is ‘n briljante misdadiger. Die “ankle grinder” het my daar hoendervleis gegee vir ‘n paar oomblikke. Sement en Ketting se discs – daai is ‘n ander soort musiek.

- Kameel: Heavy metal musiek soos Abrie sê  van kettings gepraat... daar is mos ‘n gesegte wat lui “Klein diewe het ysterkettings, groot diewe goue kettings.” Ek hoop van harte ons het gouekettings... is nie lus om in die tronk te gaan sit nie. Hou maar daardie ankle grinder in gedagte!!!
- HesterLeyNel: Hoe gaan jy dit in die tronk insmokkel? Of dreig jy my? Haha.
- Kameel: Sê maar net 

Ekmyselff: Puik, jy oortref jouself, ek hou van die heavy metal in die musiek afdeling.

- Kameel: Dankie.... hoekom is ek nie verbaas dat jy van die musiekgedeelte hou nie. Heavy metal sê jy? Sal jou graag op dit sien dans.

Wegkruipertjie: Sjoë julle is almal ywerig aan die werk. Camilla is die perfekte undercover-blond. Kan nie wag vir my beurt nie

- Kameel: Bly jy het uit jou wegkruipplek gekom. Wonder wat jy gaan doen.... ek hou nou my asem op vir die ander bloggers. Hopenlik loop almal se planne glad!!!
- Wegkruipertjie: Joh julle almal skryf so vinnig, gaan kyk Una het al taak 3 klaargemaak. Ek dink daai Kruger-rande gaan teen die einde van die week ons s’n wees
- Kameel: Liewe Moses!!!! en hier dog ek sy sit nog in Bali  Wag laat ek gaan kyk wie nog by toweropstal opgedaag het. Dankie vir die laat weet.

HesterLeyNel: Ek probeer nou kophou hier. Jy sê ons kort nog net 'n rookmasjien, flitse, en duikgereedskap. Una het mos rookmasjiene en ek neem aan dit gaan gebruik word vir Taak 3 (die paarties) ook. Dalk moet Una sommer genomineer word hierdie taak, want daar moet darem seker klanktoerusting en harde musiek discs (heavy metal?) ook aangeskaf word. Die ou wat genomineer word vir Taak 7 (die duikers) kan mos maar sorg vir die duiktoerusting?

- Kameel: Het jy nog nie op en wakker scapy se blog gelees nie. Agtermekaar vrou daardie!!! Wanneer jy klaar gelees het kan ons sien wat kort nog. Ek het ook gedink die duikers kan vir hulself sorg..... wat weet ek nou van duiktoerusting af.

# HOOFSTUK 4

## Tyd om huis skoon te maak



deur [Scrapydo2](#)

Wel, wel, Kameel het my opgekommandeer om te gaan help om haar skoonmaak taak te verrig. Sy noem iets van spinnekoppe en slange. Gelukkig het ek n manier met diere. Hopelik werk dit met slange ook.

Van sit en staan kom niks gedaan. Ek moet baie vinnig n plan maak om terug in Suid Afrika te kom. Gelukkig is my paspoort nog geldig. Sal my Suid Afrikaanse een gebruik om die visa te ontduik. As ek terugkom gebruik ek my NZ paspoort en alles loop perfek.

Gelukkig ken ek vir Elon Musk en hy het goedgunstiglik sy vuurpyl n draai laat maak sodat hy my gou in Suid Afrika kan afgooi. <sup>5</sup>

Alles het perfek uitgewerk. Ek het veilig aangeland met Elon se Tesla sportmoter. Ek leen die moter net vir drie dae dan vlieg ek weer terug NZ toe.

Sjoe maar dit lyk maar verwaarloos en grillerig hier by die opstal. Ek het gister telefonies gereël dat n drie-slaapkamer “parkhome” hier afgelaai word. Hul moes die hyskraan ook los sodat dit gebruik kan word vir ekstra hyswerk. Dit lyk perfek.

Die parkhome het drie slaapkamers, sit-eetkamer oopplan kombuis. Ook n badkamer met n kompostolet. Daar is n yslike Hi-Fi met plate en tapes om n Babels lawaai te maak as almal hier is. KAMEEL sal maar die musiek kom maak.

Daar het ook n aflewering van skoonmaak materiaal opgedaag. Gogga gif, slang aantrek middel en dan ook die spookverjaagapparaat (drone wat my seun gebou het!).

Una se hoenderhok en hoenders lyk heel gelukkig. Hul kekkel en kraai heel plesierig.

Ek het die slangverjaer gestel en ek glo nie hul sal n probleem wees nie. Die spinnekoppe het ek n paar goeie spuitsels gif gegee. O genade, die gif het n klomp perdebye ontstel hier in die skoorsteen. Perdebytjie sal beslis baie vinnig moet oorkom om haar familie te vertel dat ons net bietjie spatie nodig het om te beweeg.

Bytjie sal ook moet help beplan aan die verdrywing van die spoke as daar gewerk word.

Ek gaan sommer vir Una inlig dat sy in die tussentyd moet regmaak vir taak drie die GROOT plesier vir die aand.

Julle beter wikkel ouens. Ons het nie baie tyd om te mors nie.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Kameel: 😊 Dis puik, dankie scrapy. Het gewet ek kan op jou staatmaak om dinge leefbaar te maak. 'n Parkhome van alle dinge..... mooi man.... het omtrent kopgekrap hoe om daardie murasie leefbaar te maak. Jy is 'n wenner.

Camilla gaan ook sommer daardie job van musiekmaak vir ekmyself gee 😊

- Scrapydo2: Ja wat man, vat nie nonsies van trekkery en huisopsit nie! (I hate it!)
- Scrapydo2: Ek het elke bed netjies oorgetrek en op elkeen n kwilt gesit. Het genoeg spatie gehad in die Tesla. Daar is ses beddens beskikbaar so ons kan mekaar nog aflos ook.

Tannie Frannie: 'n Raakvatter soos gewoonlik!

Lekkervurig: Scrapy – was daar plek in die Elon Musk vervoer vir jou mooi kwilte – die parkhome sal darem mooi lyk met so paar...vra maar net. Bly om te hoor die hoenders is gelukkig, dit moet Kameel wees wat so oulik sorg. (Ek was bang Camille voer hulle popcorn...hehe)

- Kameel: Kan jy gedagtes lees lekkervurig? Hoe weet jy ek is so lief vir popcorn dat ek dit tot vir die hoenders sal voer 😊
- Lekkervurig: Bwahahahaha! Dis sowaar toevallig. Groetnis. Ek gaan uit my eie besigheid afgedank word oor hierdie Blogland misdadigheid en pret.
- Kameel: Not to worry... een van die dae is jy skatryk!!!



- Lekkervurig: In Japan en Blogland ja....

Wegkruipertjie: Scrapy is al die b(l)oggers veronderstel om saam te bly in die parkhome of maak ons beurte? Una – Let’s get the paartie started.

- Scrapydo2: Jong daar is ses beddens en dan slaapsakke ook vir ingeval ons skofte moet werk om alles af te handel. Ons wag nou net vir die party datum sodat ons kan laat waai.

Scrapydo2: Oho, ons lekker jol terwyl jy in Las Vegas is. Ons gaan nie vir jou wag nie. Ek weet nie of dit so n goeie ding is dat jy so vroeg al gaan krap daar nie. Moet tog net nie n leidraad daar los nie.

- HesterLeyNel: Nope, ek is nie van plan om weer tronk toe te gaan nie.
- Scrapydo2: Mooi man. Lyk my jy het n groot skrik gevang toe jy opgesluit is na jy gevang was.
- HesterLeyNel: Sjuut! Moenie alles oorvertel nie.
- Scrapydo2: Sal my woorde moet tel nou. Ek is juis onwettig hier so ek beter soetjies trap nou.
- HesterLeyNel: O ja, jy het mos skelm die land ingesluit! Haha
- Scrapydo2: Alles het so vinnig ontwikkel met die vuurpyl storie dat ek nie eers daaraan gedink het om n visa te kry om terug NZ toe te kom. Hul sal maar n plan moet maak met die volgende lansering. Hoop nie dit gaan te lank vat nie.

Kameel: Ek het daardie karaokeand ‘n date  Daar is nie ‘n manier dat ek voor julle bloggers sing nie!!!

- HesterLeyNel: Onthou net, as jy nie wil sing nie, moet jy die chicken dans doen. Vergeet van ander dates en bepaal jou aandag by ons Groot Taak.
- Kameel: Ouch, sorry.... hoe laat ek my gedagtes dwaal. Sal solank aan die chicken dans oefen in die “parkhome.” Dis ‘n grênd affêre.... maar watwou.... jy is oppad Vegas toe, en waar gaan jy grênder kry as dit?
- HesterLeyNel: Ja, maar ek gaan besigheid doen, sien? Ek hou my doel voor oë!
- Scrapydo2: Jy wil nou net weer uitdraai! Kanselleer maar daardie date. Ons sal jou vasbind sodat jy nie kan ontsnap nie.
- Kameel: Ek was deur Hester aangesê om my gedagtes op die groot taak

te hou 🤔

- Scrapydo2: Ja ja, daar sal n kansie vir n jolly ride wees. Sal drone moet gebruik om bure dop te hou ook.
- Scrapydo2: Ek los drone vir jou, het per ongeluk jou versoek uitgevee! Sorry hoor.

HesterLeyNel: Mense, ek sit op die lughawe op pad Las Vegas toe en julle werk so vinnig dat ek nie kan byhou nie. Onthou, vir goeie beplanning is daar tyd nodig. Jy is 'n doring Scrapy – Suid-Afrika toe met 'n vuurpyl nogal. Werk jou seun vir die ghost-busters? Ek is seker Una sal ook haar lawaaimusiek en klanktoerusting bring (en o ja, die-rook masjiene). Ek sal hou van 'n karaoke-aand ook, Una!

- Tannie Frannie: Umm – wat gaan jy nou weer daar maak? Die kitty loop sta' wegdouble??
- HesterLeyNel: Nooit! Ek double mos nie meer vandat die casino-base my knieë die vorige keer met bofbalkolwe laat verniel het nie.
- Tannie Frannie: Ooo, so dis waar daai stywe knie vandaan kom, sjym man...
- HesterLeyNel: Nou weet jy!
- Tannie Frannie: Jaaa, maar nou het jy nog nie op my vraag geantwoord nie!
- HesterLeyNel: Ek gaan mos voornemende kopers van ons goudbuit daar ontmoet. Ek voel dat ons die goud so gou as moontlik landuit moet neem. Maar nou glo niemand my storie nie en Una stuur nou 'n lyfwag saam om my en die kitty op te pas. Daar is ook nie meer iets soos vertrouwe in jou medemisdadiger nie.
- Tannie Frannie: Daai alibi het ek heeltemal misgelees, maar ek is bly Una het die gesonde verstand wat misdadigers nodig het.
- HesterLeyNel: haha
- Scrapydo2: Ek stem saam, hoor ook nou eers van die doel van die besoek.

HesterLeyNel: Ek sien nie vir Storieklong hier rond nie? Sou graag sy kommentare wou sien. Wie het kontak met hom?

- Lekker vurig: Hy spook oral – Ekmyself en hy en Una konnek as ek reg lees
- Stem saam ou Klomg moet wraggies sy eier ook kom lê. Ek is seker n

man se oog sal ding heel makliker kan benader as ons ou klompie wat elkeen 'n -geit of twee het.

- HesterleyNel: Mans het nie geite nie?
- Abrie Joubert: Glad nie Hester glad nie
- Scrapydo2: Tong in die kies! Dalk gryp hul die aas om te kom help. Kan jy die hyskraan werk?
- HesterleyNel: Jy weet dis deesdae vrouens wat hyskrane en treine bestuur, nè? Dit kan nie te moeilik wees nie.
- Scrapydo2: Ja beslis. En dit kannie so moeilik wees nie. Heen en weer en op en af.

Ekmyselff: Heng maar jy is vining, ek hoop die kompostolet is skoon, gelukkig is ek nie bang om n "veltie" te vang nie... verder hoop ek daardie skoorsteen is skoon vir my moontlike taak, terwyl ek daar bo, met genoeg hoogte dans, sal ek ver kan sien as iemand vreemds dalk wil kom ondersoek instel.

- Scrapydo2: Daardie toilette is so skoon en reukloos as wat jy maar kan kry. Moet nou net vir Perdebyttjie kontak om haar familie met vakansie te stuur.
- Ekmyselff: Ag nee, het jy n steek gekry? Verdomp en dit brand mos erg, want hulle hou aan steek... sy beter hulle vinnig uitsort. Lyk die water nog ok daar?
- Scrapydo2: Sien nie n probleem met water nie. Die boorgat het nog bietjie water in en hopelik het ons skoorsteen nie te veel water onder die sementblad nie. Kon gelukkig die angel uittrek maar dis n vurige steek as die angel lank inbly en dan moet mens nog koes dat jy nie nog n steek kry nie.
- Tannie Frannie: Daai doel is net 'n rookskerm, dink ek...
- Scrapydo2: Twee wat so n gevoelte het kan dalk iets beteken. Dalk is ons nie onder kalkoene uitgebroei nie! Ha ha, Hester gaan ons uitsny uit die ooreenkoms! Dan gaan ons betoog.
- Tannie Frannie: Wel ek is nie deel van die sindikaat nie, net 'n belangstellende waarnemer. As ek julle was, sou ek meer doen as net betoog!
- Scrapydo2: Ook maar bang nê! Ons sal by jou kom oornag as die nood druk. Niemand sal jou verdink nie ha ha.
- Tannie Frannie: My deur staan oop...en julle kan die karavaan op die erf

kom parkeer – teen ‘n prys, natuurlik!

- Scrapydo2: Baie dankie het geweet jy sal verstaan. Het jy baie spasie op jou erf? Die parkhome is GROOT en die vragmoter met hyskraan. Sal dalk maar met Tesla ouens help vervoer maar die ouens sal my dalk dophou omdat dit n ongeregistreerde moter is. Mmmm nou werk my brein alweer oortyd.
- Tannie Frannie: Die vragmoter met hyskraan gaan te opvallend wees, maar ons sal Laatlam (met goud, natuurlik) kan omkoop om die parkhome toe te laat.
- Scrapydo2: Klink goed. Sal Hester en Abrie bietjie pols oor wat ons gaan doen. Ons kan natuurlik n lekker Bon-fire maak met alles!
- Tannie Frannie: Aikona, g’n vure hierso nie, die lapa het ‘n grasdak! Julle sal daai bonfire by Toweropstal moet hou.
- Scrapydo2: Dis wat ek bedoel het as dit is.

Travel460: Dankie dat jy alles so mooi in plek gesit het. Jy het my taak heerlik vergemaklik.

- Scrapydo2: Groot plesier ek dog toe hoekom nie gemaklik wees terwyl ons daar is nie. Jy kan n gasebo opsit waar ons lekker kan ontspan en lawaai. Parkhome het twee oopmaak deure in sitkamer.
- Kameel: Myne ook 😊 Lekker om ‘n vriendin te hê op wie se knoppie jy kan druk.... en as jy jou oë uitvee is sy hier. Wonder of sy my nie vir ‘n spin in daardie sportmotor kan vat voordat sy terugvlieg nie? Hester sal weer sê ek moet my gedagtes by die groot taak hou.... sy is ‘n regte pretbederwer. Van pret gepraat... wonder hoe gaan dinge in Vegas?
- Scrapydo2: Natuurlik vat ek almal in a spin. Dis mos n geluidlose voertuig ons kan lekker op bure gaan spioeneer sonder dat hul ons gaan hoor! Daardie Vegas storie klink vir my bietjie verdag! So sommer op haarselwers.

Toortsie: Julle woel julle woel! Bly jy het die spinnekoppe verjaag.

- Scrapydo2: Ja wat, hul het pote in die lug gelê vanoggend. Het sommer die res uitgeboender met die besem. Het jy jou veiligheidsspan al gereed om die plek te patroleer. Jy weet ek werk net volgens n rooster en vasgestelde tye.

Abrie Joubert: Baie goed Ineke en jou Elon Musk insetsel is baie kreatief. ek

is net bang dat jy wil teruggaan. Kan dit wees dat jy en Hester albei in Las Vegas ons geld opgebruik??

- Scrapydo2: Nee, nee, ek gaan nie US toe nie. NZ het hul eie pyl opgestuur en hul gaan die volgende een stuur spesiaal om my te kom oplaai want ek kannie deur doeane gaan nie. Eks onwettig in die land!

# HOOFSTUK 5

## Beplanning van die paarties



deur [travel460](#)

Ek is hier!!! Amper die pad byster geraak met die 250 m wes van teerpad-aanwysing... Want hoe de joos moet ek nou weet waar is wes... Dit was heel dag bewolk!

Ek het bietjie baie goedjies gehad om saam te bring, maar gelukkig spoor ek toe 'n redelike klein container op. Die groottes is SO opvallend.

Groot was my verbasing toe ek links-agter die murasie kyk, en daar staan ons parkhome! Scrapy, jy het jouself oortref!

Laat ek dadelik begin uitpak. Die rookmasjien is hier, ook pampoenbeligting vir atmosfeer.

Ek moet net gou 'n paar Bali lappies in ons verblyfplekkie gaan uitgooi; mens het darem jou trots, hoor. Misdadigers of te not.

Hoekom is ek nou weer hier...O ja, die paarties. Ek het so 'n paar stukkie meubels saamgebring, dis nou so vir ons spys en drank. Sommer klaar opgetop ook. Met 'n eish-masjien.

Indien enige iemand 'n item identifiseer wat hulle graag met ons miljoene wil aanskaf, ek het voorraad gelaai. Jy kan dit teen 'n bargain kry. En indien enige van julle vriende en fami...

Die punt. Ek verloor die punt.

As Hester opdaag, het ons vir haar tot 'n werksstasie. Dis nou vir al die papierwerk wat sy moet inhaal. Ek verneem sy het pas geland...iewers...

Scrapy het reeds 'n hi-fi, plate en tapes hier. Mmmm. Ekmyself, miskien wil jy 'n paar tegnologiese wysigings met betrekking tot ons musiek saambring? Ek vermoed so? Wat van 'n gaskunstenaar? Dalk 'n band?

Niemand mag ons kraggereedskap se klank hoor nie. En daai bubbels wat alles sal toesmeer, so saam met die rook? So bring Rock musiek. Baie.

Kameel, jy is reeds hier. Ek verneem jy het ook voorstelle en 'n spesifieke voorkeur in musiek. Bring it on, babes!

Die hele Karaoke set-up is saamgebring. Ook 'n opslaan verhoog. Nou moet ALMAL net eers opdaag sodat ons kan begin met die OPERASIETJIE.

Ek gaan nou bad. En stort. En daarna, sodra dit donker is, ...bietjie tyd in die ander geriefie gaan spandeer. So romanties...

Sjoe, dis harde werk om 'n misdadiger te wees.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS


Wegkruipertjie: Sjoe ek hou van die motorhome, kan ek hom huis toe vat asseblief, julle kan maar aftrek by my deel van die skatte

- Lekkervurig: Genade, Una, jy en Scrapy is blitsig....het sy jou met die Elon Musk blits kom haal in Bali? Ek wil nou net iets vra: Gaan die hoenders nie die hoenners in raak van al die paarties nie! Ek weet ons kan bure nooi en polieste ompraat, maar 'n haan en sy henne....watse eiers gaan hulle lê? Gaan daar paartie skofte en graver skofte wees? Die

huis en paartie goed lyk fantasties btw. 😊

- travel460: Lekkervurig, die hoenners en hoender boerdery is iemand anders se baba. Hulle hokke is links van die murasie, en op hierdie stadium gee Kameel hulle kos, en praat met hulle oor eiers lê. Ek gaan vir Hester tog vra om solank van die werkies uit te deel. Die skofte... Woestynkind is baie goed met organisasie. En jy sal 'n briljante sekuriteits-leier kon wees. Want ek vermoed ons paarties gaan menigte besoekers lok. Maar ek mag net een mens nomineer, so ek gaan nou 'n rukkie op die troon spandeer. My taak vir die dag is afgehandel...O ja, hoe het ek so vinnig hier gekom? Soos Toortsie heel aan die begin gesê het, ek was toe nooit weg nie. Maar dit weet my mense by die huis nou nie, hoor.
- Lekkervurig: Sover ek weet is Toorts met haar lekker kos die patrollie en paai detail persoon! Nee ek vra maar net oor die hoenners... Groetnis en oor en uit.
- Toortsie: Ja ek sal vir julle kook! 🍳
- Lekkervurig: Vir ons en onthou nou die omkoop lekkernye vir die klaers

en polieste...

- Toortsie: 
- HesterLeyNel: Ek dink beslis daar moet skofte gewerk word. Skofwerkers (dit beteken grawers, snyers, duikers, patroleerders, ens.) sal ongelukkig vir hulle hele skof nugter moet bly. Skofte begin na donker en eindig voor sonop. Julle beter solank begin oefen om nugter te bly.

Kameel: Jou ou skelm.... en hier dog ek al die tyd jy sit in Bali!!! Dit begin nou so lekker daar by toweropstal lyk dat ek wonder of ons nie maar almal daar kan aanbly en eiers lê nie. Ek stem.... meer mense om te skryf oor die vele paarties. Nee, ek het vir scrapy gesê ek maak g'n musiek nie.... ekmyself kan daardie job kry.... en dan het dit geklink asof wegkruipertjie ook wil musiekmaak. Welgedaan Una!!!

- Storieklong: [Plasie neem notas] Wanneer die polieste darem daardie losprys uitloof vir inligting gaan ek sing soos 'n voëltjie.
- travel460: En ek gaan jou dan aanwys as medepligtige. Een wat lankal weet van die ongerymdhede wat plaasvind. Help ons liever met slim army idees. Dan kan jy deel in die miljoene, en gaan aftree.
- Storieklong: Ek wil nie deel nie. Ek wil alles plus die losprys vir myself inpalm. Bwahahaha.
- travel460: Strooi. Jy sal nie kan stilbly nie, en dan is jy skuldig! Ons klomp vroumense weet niks van skofte en gate grou en dinamiet plant nie! En bomme bou. Sonell wil graag 'n moord tussen-in gepleeg hê. Raad, Plasie. Dis wat ons nodig het. Of net jou beskeie mening.
- Toortsie: Ek hét al gewonder hoekom die manlike bloggers so afwesig is. Ag dankie tog! Dus darem nou Abrie en die Hoedeman.
- Storieklong: In my beskeie mening gaan julle almal vir 'n baie lang tyd sit vir 'n misdaad wat ek gepleeg het. Ek sal darem 'n drink op julle drink wanneer ek op my Karibiese eiland ontspan.
- travel460: Wyk, Storieklong, wyk! Ons is untouchable; Toortsie het nie meer 'n vingerafdruk nie, so niemand gaan ons uitvang nie. En sy maak kos vir die poelieste. Camille, Kameel, het 'n blonde pruik en Scrapy het familie met ruimte vliegtuie. O, en Hester is besig om in Las Vegas deals vir ons te beding...Wat kan dan nou verkeerd gaan?
- Storieklong: 'n Mens vra nooit daardie vraag nie. Nooit!



- Storieklong: Maar om jou te antwoord. Plasie kan verkeerd gaan, because there is no honour amongst thieves. Een giant sesvoet 140kg stinky in die drinkwater. [Evil laugh]
- travel460: Jy maak my ietwat bang...Ons sal ons sekuriteit dadelik aan die gang moet kry. En ek dog ek kan nou ontspan in ons amazing badkamer en klein huisie...
- HesterLeyNel: Plasie, ek is baie bly om jou hier te sien. Siende dat ek nou hier in Las Vegas besig is en jy in elk geval 'n ogie hou oor Toweropstal, dink ek jy moet asseblief die spul wat reeds daar doenig is, op koers hou. Nevermaaind Thief's Honour, ek sal net die Van Helsdingen se hulp inroep as ek met jou moet sukkel. Ons vrouens staan altyd saam.
- travel460: Moenie hom vertrou nie Hester. Ek waarsku...
- HesterLeyNel: Die vroue is in die meerderheid hier Una. As ons hom nie kan vertrou nie, sal ons 'n sniper moet huur om hom uit te vat.
- travel460: Ha. Lekkervurig, sy kan skiet!
- HesterLeyNel: Goeie idee. Sonell wil ook graag per ongeluk 'n moord pleeg. Tussen die twee van hulle kan hulle die perfekte moord pleeg terwyl die res van ons besig is met BELANGRIKE WERK. Lekkervurig kan skiet en Sonell kan forensiese getuienis verbloem. Doen dit dalk net nadat Taak 8 afgehandel is en onthou om te rapporteer! Moenie dat Storieklong agterkom dat ons hom uit die weg gaan ruim nie.
- travel460: Jy weet, dis al tien uur hier, slaapyd. Dis nou AS ek in Bali was...Ek lê so en lag vir al hierdie kommentare. Sweer WP wonder hoekom die stats so opskiet. 🌸
- HesterLeyNel: Ek dink almal geniet hierdie uitdaging. Kameel en Toortsie het 'n goeie idee hier beetgekry.
- Storieklong: Moenie worry nie Hester, ek hou hulle fyn dop...Haarfyn

HesterLeyNel: O, jy was nooit weg nie! Nou het ek iets om jou mee af te pers. Wel Una, nou het ons kleur en lewe op Toweropstal. Daai eish-masjien laat my dink hier kom groot dinge. Ek sal 'n paar stelle oorfone bring vir die oues van dae wat so klaerig kan raak oor harde musiek. Karaoke – jip, ek kan nie daai mis nie.

- Ekmyselff: Dankie Una, jy het die plek behoorlik “party vriendlik” gemaak en dit lyk besonders mooi, die postal is kleurvol. Ek gun jou egter 'n rukkie daar in rus en vrede om net eers tot verhaal te kom, jy

weet jou gejojkkery aan jou familie, dat jy kastig Bali toe was... rus nou maar eers lekker, verken die plek en maak seker al die slange en gogga's is dood. Dit terwyl ek solank in die stilte werk aan ons musiek, jy weet ons kan nie enige musiek gebruik nie, ons wil mos gatswaai, dit sal lewendig moet wees, aandiebrand! Geniet jou bad in die buitelug en wees maar vir oulaas op jou eie romanties want vorentoe gaan daar nie meer tyd wees nie. Wegkruipertjie het iets genoem van Dans Dans Dans en Jack Parrow en Storieklong het 'n ander Ma slaan vir pa en sussie skop die hond weergawe.... Ek is nie seker of ons met hierdie twee se musiek smaak dalk te veel belangstelling gaan lok nie.

- Ek gaan gou bietjie rus voor ek met die groot taak begin.
- travel460: Daai bad en toilet is ons s'n hier op Toweropstal, Ekmyself. Ek en Kameel en Scrapy is reeds hier. Ons gaan heerlijk ontspan en vir jou wag. Die hoenners kosgee en beplan hoe ons ons miljoene gaan belê.
- Ekmyself: Ja nee, ek weet, ek sê mos geniet dit.... en julle beter nie lank bad en stort nie, die Kaap het juis nie water nie!
- travel460: O my hel. Daarvan het ek nou vergeet!!!! 🤔
- lekkervurig: Psst, Una, gaan kyk op die sleepwa wat saam met die Lekker lorretjie gelewer is is 'n 5000lt JoJo tenk al die pad van Limpopo, gebtuik daai hyskraan om hom staan te maak en kry Camille om 'n loogierter te verlei om die tenk aan watertoevoer en riolering te koppel....wees spaarsaam. Groetnis
- lekkervurig: O flip – 'n loodgieter, net nou kom Camille met 'n gieter vir die toilet daar aan... 😊
- travel460: 😊
- travel460: Puik idee!!! Wil jy nie solank deurry en kom hulp aanbied nie? Storieklong is aan die een kant op ons case, en toe kom die water krisis! Camille hou haarself eenkant, weet nie wat daar broei nie, en Scrapy is weg om te gaan trek. Ek wil nou nie skinder nie, maar hierdie is effe te veel vir my. Dan moet ek nog so staan en jok vir my familie ook. Kom help groot asb.
- lekkervurig: Hester en Abrie moker my disnis, ek sal hier van die kant vir jou fluister -Klik vir Storieklong by Van Helsdingen, dit sal sy aandag van julle aftrek. Gaan praat mooi met Camille om maar die LOODGIETER te gaan nader lok om te help en as sy weg is kry daai

ekstra angle grinder wat sy vir haarself gekry het – daai is moeilikheid – dit kan ‘n moordwapen wees, jy weet. Tap ‘n bad, skink ‘n wyn, dan voel jy sommer weer reg soos ‘n roer. Baai!

- Ekmyselff: Goeie idee, dankie vir die vooruit dink, n waterskaarste sou “nag” wees.

Toortsie: En ek het nog heelyd in my kop om die polisie met ‘n heerlike braai en lawaaierige paartie weg te lok!

- coetzee2014: Ek sal help braai. Hester, moenie dat die ander hoor nie, maar ons kan die geld maklik hier in Suid-Amerika belê.
- HesterLeyNel: Nou maar dan moet jy dalk vir ons reëlings begin tref, want hier in Las Vegas kom ek nou nie reg nie. Ek dink ek moet maar die vliegtuig terug haal en die paarties hier aan die kant kom bywoon.
- Toortsie: Dankie tog, nog ‘n man het toegetree tot die reuse taak wat vir ons voorlê.
- travel460: Coetzee! Jy skok my!! Dat geld nou so ‘n sterk man kan verlei!!! Net vir interessantheid, nou nie dat ek rerig belangstel nie... Waarin kan mens daar belê sodat jou miljoene kan groei??

HesterLeyNel: Toortsie is jy ook nou op die paartie-toneel? Ek dog jy wou omsien na sekuriteit? As jy vir die job genomineer word, beter jy iemand aanstel om jou manskappe dop te hou (patroleerders en snipers) terwyl jy die polisie uitlok ... ag, ek bedoel weglok.

- Toortsie: Dis reg so. Ek is altyd by as daar geëet word.

Ekmyselff: Toortsie kook jy solank n storm los, jy gaan kos nodig hê om almal mee om te koop.

- Toortsie: Right! Oeee lekker!
- Storieklong: Plasie kruip stadig agteruit van die heuweltjie vanwaar hy die gewerkskaf by Toweropstal deur sy verkyker lê en dophou het. Die flits van ‘n geweertelekoop se lens in die sonlig het verklap dat die jagter dalk die prooi kan word, maar dit maak nie saak nie. Hy het alles gesien wat hy nodig gehad het. Agter die heuwel druk hy sy kenmerkende velhoed terug op sy kop en druk ‘n paar nommers op sy foon. “Ek het alles” sê hy toe die persoon aan die anderkant optel. Hy luister ‘n rukkie en antwoord dan “OK, sien jou by die huis. Love you” Die droë grondpad stoffies slaan onder sy stewels uit soos hy teen die

ondergaande son instap na waar hy sy ou bakkie in 'n bos bloekombome weggesteek het. Die weergawe van Lucas Maree se “miljoen” wat hy fluit is maar bra vals, maar hy gee nie om nie want ryk mense kan doen net wat hulle wil.

- travel460: Wat ek nou hieruit aflei is dat jou Poppie weet waarmee jy doenig is. So Lekkervurig se voorstel dat ons jou by die Vanhelsdingen gaan verklik, sal nie werk nie. Of was hierdie dalk 'n oproep na Poerdez toe...? 🤔
- Storieklong: Wat kan ek sê? 'n Gazillion Rand deel makliker deur 3 as deur 9.
- travel460: Blerrie veelwywer!
- Storieklong: 'n Klein harem met groot persoonlikheid. Wat kan ek sê... behalwe Whêla kapêla!
- HesterLeyNel: Die man raak nou 'n gevaar. Iemand sal iets moet doen!
- travel460: Ja Hester. Veelwywery. Hy het dit ruitelik erken. En dan wil hy nou maak asof ONS skelm is...
- HesterLeyNel: \*fluister\* maar ons is!
- travel460: En Poerdez was vanoggend lelik met my op my blog oor die paadjies, en my ampse kondisie...Ek dog ek sê maar net. Die vrou is definitief aan sy kant!!!
- HesterLeyNel: Whaha, so kan mense wat jy as jou vriende beskou jou verrai.
- Kameel: Ek mag seker maar sê puik geskrywe.... alhoewel my bene nou bewe.

Kameel: Nou praat julle so in Toortsie se kraal... ek bedoel kombuis. Sy maak tjop-tjop vragte kos en ry dit met haar bakkie na Toweropstal toe. Ek is 'n bietjie skrikkerig.... dit bly voel asof iemand op ons spioeneer. Ek het gister so 'n mooi gietertjie gesien wat ek nie kon weerstaan nie. Sal hom uithaal.... en vol water maak. Wat moet ek natgooi?

- travel460: Camille, niks natgooi nie. Net vir ons 'n loodgieter verlei sodat hy ons met die waterkrisis kan kom help. Lekkervurig se slim idee...En ja, ons word afgeloer! Ek weet glad nie wat om hiermee te doen nie! Sonell is oppad see toe, sy het nie nou tyd vir 'n moord nie, moet inpak. En Lekkervurig is van die lug af.
- Kameel: O liewe ok.... die pruik lê nog in die sta-soft... sal hom gaan uithaal. Abrie het nie gesê waar ek 'n loodgieter kan kry nie... weet jy

dalk?

- Lekkerurig: Halooo! Sorry – moes eers kuns mis en kaggels smous. Ek is terug oppie lug – wat is al die kommernisse? Kameel – Google Puffers in George... moenie die kettingplekke nader nie, hulle het almal base wat eers gevra moet word. Soek 'n eenmansaak....gaan sê vir hom jy het probleme met pype – dra net asseblief daai stilletoes en Una se pruik en rooi lipstiek....vra mooi!
- travel460: Puik raad hierdie as mens 'n loodgieter nodig het, nog nooit so daaraan gedink nie...soek 'n eenmansaak!
- Kameel: Dankie lekkerurig. Die pruik is nou droog... môreoggend eerste ding vang ek my man. Wonder of ek hom vir die partytjie moet nooi?
- Lekkerurig: Jong ek dink as julle nou genoeg water het en spaarsaam is nooi hom na die eerste makietie
- Kameel: Ek sal moet rondsoek vir 'n man wat darem na iets lyk 🤪 .... en 'n loodgieter is.
- Kameel: Hi Boss.... ek het gewonder wanneer hoor ons weer van jou. Jou oupa gaan nog 'n paar keer in sy graf omdraai as hy jou Ingelse blog lees. Hester is darem oppad terug vir die paarties sê sy... ek is bly, dink nie sy moet onder ons oë uit nie.
- travel460: Ek stem saam, Kameel. Sy is op haar veiligste tussen ons, waar ons haar kan beskerm...en natuurlik ons beleginkie ook.
- Kameel: Presies wat ek gedink het. Ek kom nie reg met die chicken dans nie.... Hester sal dit vir my moet kom leer. Dis nou vir die karaokeand want ek weier om te sing.
- travel460: Wat van jy kyk saam met my na Dirty Dancing, dan oefen ons van daai moves. Camille behoort uitstekend te wees...
- Kameel: Jong ek sal ontslae moet raak van daardie poppie image.... wat as daardie mans wat ek so belieg het by die partytjie opdaag, en my daar kry. Kan jy dink hoe hulle oor my gaan baklei!!!! Dis nou die laaste ding wat ons wil hê.... 'n klomp mans wat mekaar met die vuiste bydam.
- travel460: Genade Kameel, jy is reg! Maar Toortsie sal hulle wel gelawe kry met haar voortreflike disse...Dalk moet jy net die skoene verander? Mans droom oor rooi skoene.
- Kameel: Wil jy vir my sê hulle het nie my pragtige blou gekleurde

kontaklense oë, en swaaiende blonde hare, en pragtige bene, raakgesien nie?

- travel460: Dis die skoene, Kameel. Hulle sê altyd allerhande versies op oor meisies met rooi skoene.
- Kameel: Hoe in my eer gekrenk is ek nou!!!!
- Kameel: Laat ek gaan lees wat vang almal nou aan. Nou moet jy jou kommentare toemaak..... Hester se orders.
- travel460: Ekmyself se blog is op...!
- travel460: Weet jy Abrie, Hestertjie blyk heel onskadelik te wees. Sy wil nou skoon terugvlieg vir die paarties. My neef het net wonderlike stories oor haar te vertelle!...?
- Abrie Joubert: Kameel die Camilla alter ego gaan jou in die moeilikheid laat beland. Vra maar vir Charles wat steeds nie koning is nie. Fokus suster
- Kameel: Hester bly ook vir my sê ek moet my gedagtes by die groot taak hou!!! As Camilla vir haarself 'n prins kan losslaan in die proses, sal sy nie haar neus optrek nie. Hopenlik is hy bietjie meer van 'n hunk as Charles. Dink net hoe sal ek myself in 'n paleis geniet.... my gedagtes dwaal weer... die groot taak, die groot taak....
- travel460: Ek sukkel net so om gefokus te bly, Kameel. Kan ek saam met jou in Italië gaan bly, asb. Ek gaan not te hel Suid-Amerika toe soos Hester sê nie! Of is jou hart reeds op 'n ander plek?
- Kameel: Natuurlik gaan ons Italië toe Una.... daardie villa roep. Hierdie misdaad gaan wonderlik uitwerk so ons kan solank op die net begin rondsoek vir een.... of wil jy jou eie een hê?
- travel460: Nes jy goed dink. Solank dit prentjie mooi is en die Italjaners in die omtrek almal soos Pavarotti loop en sing, is ek dood tevrede!
- Kameel: Nou het jy my aan die lag. Ek gaan Italië toe net vir die natuurskoon. Hou jou aandag op die taak... hou jou aandag op die taak.....
- travel460: Het jou ooit Finding Nemo gekyk. Die haai wat by die AA aangesluit het en vir homself moet bly sê: I hate blood. I hate blood.


Wegkruipertjie: WordPress gaan breek met al die kom-in-tare.

- Abrie Joubert: Sê jy ons het common tare of sê jy alles wat blink is nie goud nie
- Wegkruipertjie: Jy moet maar self besluit 🙄

Seegogga: Ek sal ook graag help. As seegogga weet ek presies waar ons die buit ongemerk kan wegsteek vir latere gebruik, waar ons van die lyke ontslae kan raak en ek kan dalk help deur die polisie se uitsteeksels (ek bedoel vingers en tone en so aan) te knyp .

- travel460: Ek glo Hester sien sy moet jou op die lys plaas, Seegogga. Sal opvolg. Ek hou van jou gedagtes met die lyke. Ons het reeds ‘n stalker...

Abrie Joubert: My oupagrootjie, burger Josua Petrus Joubert sou nooit kon dink dat daar sulke kleurryke dinge (fisies en metafories) by Toweropstal sou gebeur nie. Ek het hom reeds ‘n paar keer hoor omdraai in sy graf. Ek het gedroom hy sê vir my dit is reg as ons die goud vat solank ons dit gebruik om ‘n rebellie teen die Engelse te befonds.... Ek het hom maar eerder nie gesê dat my nuutse post (nogal) in Engels geskryf is met die Britse titel Cry the beloved country nie...!!! Ook maar goed jy het ‘n klein container gekry Una, want ‘n groot container wat so helder gevef is gaan meer sigbaar as die son wees en ons wil hê dit moet donker op Toweropstal wees in die nag. Ek raak so effens bekommerd oor die opmerkings van die vroue wat “in die meerderheid” is dit klink amper of vroulike bloed dikker as manlike water kan wees – erg bekommerd. Maar ek vertrou julle dames behalwe miskien Hester en en nee wag nou eers stilbly. Vertrou julle almal.

- Abrie Joubert: As enigste man bekommerd die slapery my ook daar in die parkhome – sal maar die container ophelder deur daarin te slaap.
- Travel460: Ja!! Mag ek asb vir jou die plekkie inrig! Ek het redelik voorraad saamgebring, vir ingeval daar ‘n geleentheid vir ‘n goeie “sale” opkom. Mens moet maar altyd jou opsies oophou. Met diè dat Toortsie nou kookboeke gaan bring, en Scrapy klaar kwilts uitgepak het, wat van ‘n shoppy so op die sideline...Alles natuurlik heel onopvallend, dalk daar langs die perd? Of wat noem mens my lorrie?
- Abrie Joubert: Una ek weet jy is ‘n entrepreneur maar ons moet hier fokus op bali-e-s vol goud en geld. Anders pleeg jy dalk kliëntediens met jou klante terwyl jy in ‘n duikpak bali-e-s vol goud moet maak
- Travel460: Kliëntediens...Mmm. Moet ek regtig saamduik? Of kan ek die een wees wat snorkel heel-bo en die tools net aanpass? Om terug te keer na die kliëntediens senario... 
- Kameel: Ag vaderland Abrie.... jy laat my lag.... jy gaan in die container slaap en hom ophelder!!!

# HOOFSTUK 6

## Die DJ het gearriveer



deur [ekmyselfff](#)

Dankie Camille, dat jy bereid was om my sommer so, in jou soeke na ‘n loodgieter, by die lughawe op te laai. Julle sy is nogal smaxyy, soos die tieners se, met hierdie blonde kapsel en rooi stillethoes van haar.... Julle moet haar hoor, sy se sommer vir die loodgieter: “Jy is die oseaan... kan ek by jou water leen.” Nee wat, die een, sy het ‘n slag met die Adams.

Ek het bietjie gaan soek en op oulike, meer modern, musiektoeristing afgekom. Ek was bang die tapes “snap” en ek vermoed van die plate kan dalk gekrap wees. Gelukkig is dit klein en kompak en kon ek dit as handbagasie op my vlug neem.

Ek het gereken as ons fancy-dress parties hou dan is die kans skraal dat ons uitgevang word, indien iemand dalk verby die sekuriteitspan kom. Una kan dan sommer in haar fnuikpak party en niemand sal onraad vermoed nie. Ek en Camille het sommer gou by ‘n winkeltjie in George ingehardloop. Ons “aantrekhoekie” is reeds ingerig, in een van die buitgeboutjies op die Toweropstal.

Ek het ook ‘n Appel foon vol I-Tunes in my handsak... Lekker musiek, Rock, Heavy Metal, Afrikaans, Jazz, Country, ag noem en ek het dit, julle kan maar laat waai met die versoeke ek DJ self, een van my versteekte talente.

Ek het glad nie op beligting gefokus nie, met die lughawe net 2km weg en vliegtuie wat gereeld oor die Toweropstal vlieg, sal ligte net TE veel aandag trek. Ons sal hou by die rookmasjiek, dubbeldoellig, vir ons party en die bye, die pampoen beligting wat reeds hier is, is genoeg lig. Ek het dit wel goed



gedink om te reel vir 'n paar blare van 'n ander (groen) kleur, aangesien ons mos nou gesoute misdadigers is... dit sal help om ons gewete te sis en ook help met ekstra energie, daar moet mos deurnag klipharde musiek speel, Ek het ook gereel vir n elektriese kitaar en 'n stel dromme, daar van Mosselbaai se hawe se kant af, glo van 'n skip af geval... julle weet, so my geheim is veilig. Een skelm veraai mos nie 'n ander. Ek dink met 'n paar you tube video's behoort ons vinnig te leer en baie geraas te kan maak.

Toortsie kom met 'n bakkie vrag vol heerlike kos. Sy bring twee resepte boeke se kos en sy het groot planne om die polisie met kos om te koop. Ek dink sy moet deel van die sekuriteitspan wees, sy het mos juis nie vingerafdrukke nie. Sy sal sorg vir heerlike snacks met al ons parties. Toorsie sal jy dalk vinnig kan kom, die van ons wat reeds hier is, is nie eintlik goed met die kosmaak ding nie en die baie drinkery werk nie lekker nie. Ons verloor fokus. Ek dink ons gaan gereeld gevulde hoendereiers kry, die hoenderboerdery loop mooi hier.

Ek het die idee van 'n gaskunstenaar en 'n band laat vaar, die tipe mense se doen en late is mos wyd en suid, op alle media, dit maak dit te maklik vir onwelkom gaste. En ek dink nie ons het hulle regtig nodig nie, ons is mos 'n lekker groep kuierkatte. Ons sal wel een aand karaoke en daar sal 'n prys wees vir die wenner.

Ons sal asseblief moet dink aan iemand wat iets van noodhulp weet, ek het my voet geswik en hier was al 'n paar steke deur vreemde insekte. Daar kan ook maklik 'n ongeluk gebeur met die gebruik van al die toerusting.

Nou kan ons begin gatswaai en kopskud, ons sal erge, fancy-dress parties die nagte wat die kraggereedskap gebruik word hou, op die stiller aande sal ons musiek aande hou.

Daar skree Kameel, sy versoek, Abba – Money, Money, Money, laat ek opijob kom, lyk my sy sien net Dollars met haar naam op.... en, ek voel my voete jik, dit is mos Vrydag!

Ek nomineer nou vir Woestynkind as Sekuriteitsspan-leier. Kry asb jou span bymekaar, ons veiligheid en ook die veiligheid van die goud is van kardinale belang. Seegogga het genoem dat sy graag onder jou sal wil werk en Toortsie het nie vingerafdrukke nie. Sonell klink na iemand wie jy kan vertrou. Sterkte!

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Lekkervurig: Koewee, jinne maar daar gaan makietie gehou word, Ponchos en boom...dit behoort voldoende noodhulp te wees...:)


- Ekmyselff: Dit gaan heerlijk wees, Toortsie is reeds oppad, sy het laat weet, ek is so bly, vanaand eet ons lekker. Die musiek pomp en ek dans al.... Kan nie wag dat julle almal nou hier is nie.

HesterLeyNel: Briljant! Ek hou van die fancy-dress idee – daardie volstruisvere. Ek is nou nie so seker van die groen blare nie. Gaan Toortsie dit dalk bywerk in een van haar geregte sodat ek dit ook kan geniet, want ek rook mos nou sedert toeka-se-tyd nie meer nie. Nie in slaai nie Toortsie – dit moet glo gaar wees, anders het dit geen uitwerking nie.

- Toortsie: Hoe sal dit smaak as ek dit gaarmaak soos spinasie? In uie gebraai met baie feta en kaas en sommer knoffel ook by?
- HesterLeyNel: Dit sal die ding doen, ja, dan verbloem jy sommer ook die spinasie wat nie regtig spinasie is nie.

Toortsie: Netso! Man, ek is nou so opgewonde! Ek moes al lankal gekom het.

- travel460: Waar bly julle ander!!! Ons dans al, dis Vrydag! Die hoendereiers proe heel lekker, so gevul met 'n nertsie Ponchos... Toortsie, dalk moet jy begin dink aan opdaag, ons mag dalk aan die hoenders begin weglê. Of stuur solank ietsie saam met Woestynkind. Klink my sy is oppad, en kan by Bredasdorp stop.
- Ekmyselff: Nee jong sy is oppad, nou-net laat weet. Vir haar man gese sy gaan Banting Bootcamp toe, slim ne! Honde en kos en rou skaap en die hele toet. Ek dink ons gaan haar sommer n soen gee as sy hier aankom, ne! Ai ek is dankbaar....

- Toortsie: Ek is op padddd! 
- travel460: Jy het die banting boeke onthou? Ek wil 'n stalletjie begin, AL Sê ABRIE DIS NIE 'n GOEIE IDEE NIE!
- Toortsie: Ons kan mos ons ware uitstal by die polisiepartie.
- travel460: Hierdie sin klink tot vir my dubbelsinnig, Toortsie...? As Abrie dit gaan raaklees gaan jy nie die einde daarvan hoor nie! Jy sê jy dink hier is dalk 'n loodgieter? WAAR IS KAMEEL!!!! Ek gaan dadelik loop kyk!!!!
- Ekmyselff: Ekt mos gese... sy het vir hom gevra, kan ek by jou water leen hy is glo die oseaan....
- travel460: Ek draai dan nou maar liewer om...

- Toortsie: 😁👧😁 jajaaa. Dubbelsinnig is dit wel. 😁 Maar ek kan nie ophou dink aan hoeveel van daai polieste ek op Banting sal wil sit nie, ek dink ek jan dalk selfs meer geld met die boeke maak as met die goue ponde!
- travel460: Jy sien. Geleentheid. Ek het my saak aan Abrie probeer verduidelik, hom tot probeer omkoop met die skep van sy eie persoonlike luukse container-kamer met eg ingevoerde meublement. Maar hy bly net stil. Dis klaar antwoord genoeg vir my.
- Toortsie: 😱
- Toortsie: Ek is so bly jy het gesê ek moet kom, ek brand al van nuuskierigheid!

travel460: Die spyse vir vanaand, Toortsie. Hoe vêr is jy? Jy ken die antwoord op die vraag, hoe hou jy 'n man gelukkig...? Turn up naked and bring food...Nou ons is net girls, please just turn up with the food! En natuurlik verlang ons ook na jou.

- Kameel: Het jy vergeet Abrie is oppad Una, hy slaap vanaand in die container. Het gedink die boss gaan nie net sy erfgrond en sy oupa se sterfbedinligting so vir ons gee, en ons maar laat begaan nie. So trek vir jou klere aan Toorts... ons gaan nie net 'n klomp vroue wees nie.
- travel460: Ek hoop Toortsie hou kop, want anders gaan sy glad nie weet wat jy nou sê nie! 😊
- Toortsie: Ingewikkeld, maar ek sal my poncho aantrek, dis lekker kleurvol.
- Abrie Joubert: Ek het op Toortsie se kosblog (wat ek voor hierdie een gelees het) haar berispe omdat sy so vinnig geblog het, maar ek sien nou dit is werklik op aandrang van die ander skelms. Ek het egter ook daar vir haar gese ek is daar vanaand wat ek geniet haar banting kos (saam met brood). Voorts het ek vir haar gese ek is vanaand daar, maar ek het nou omgedraai. Hierdie ding klink gevaarlik. Ek is 'n steunpilaar van die gemeenskap van epidermiese proporsies maar as ek eers deur die blare raak van ekmyself se energie blare in het en die "Poncho" gewen het met my besondere sangstem gaan hierdie pilaar se voete dalk in klei verander!! So dames julle kan maar julle ware uitstal. Ek dink ek moet so bietjie strategies gaan dink oor die goud wat daar op groot-oupa

(saliger) se grond le...

- Toortsie: My vingers is seer! 🙄
- Abrie Joubert: Geen rede nie. Jou kosmakery was op aanvraag van ander skelms ek het dit ne geweet nie
- HesterLeyNel: Wat bedoel jy met “trek vir jou klere aan” – loop sy dan sonder ... ? 😊
- Kameel: Una het vir haar so gesê... ek moes net seker maak Toorts het nie na Una geluister nie.
- HesterLeyNel: Ek begin worry

Kameel: Laas toe ons almal op ‘n eiland sou uitspoel en Una ook daardie groen blare wou saamvat het ek gedog ek het klaar daarmee gedeel. Sowaar as wraggies hier duik hulle by die toweropstal op. Hoe jy hulle ingesmokkel het weet ek nie ekmyself.... spinasietert vertel dit nou oor. Ek het te heerlik saam jou in George geshop, en jy het jou so goed van jou taak gekwyd paartie, paartie, paartie. My mintag klim af daar van die skoorsteen met jou mank voet..... jy dans eers vanaand daar wanneer die paartie begin. As jy daar afvoeter het ons nie eers ‘n noodhulpkassie hier om jou te dokter nie.... ek bedoel nou nie die noodhulpkassie moet jou dokter nie... ag jy weet wat ek bedoel. Wens net Toortsie wil nou kom.... sy gaan mos die hoenders ook vir my versorg.

- travel460: Kameel, ek het jou gesoek. Waarmee is jy so besig? Ek hoor hier loop klaar ‘n loodgieter tussen ons rond, maar sien hom nie? Dink jy hy word weggesteek???
- Kameel: Nee wees gerus Una.... lekkervurig het ‘n hele klomp instruksies gelaat van waterpype aanlê, en wie weet wat nog. Die man werk seker daar doer oorkant die pad. Is dit ‘n trein wat ek daar hoor aankom? Skimmelperd.... of so ‘n snaakse naam stasie is mos hier naby.
- travel460: Skêrp. Te skêrp.
- travel460: Indien ek nou in Bali was, wat ek nie is nie, maar indien, was dit nou half elf in die aand en sou dit vêr verby my slaapyd gewees het. Ek sê maar net... Oor en uit.xxx
- ekmyself: Una het in my oor gefluister.... oor die blare. Jong ek is nou so “hoog” hier op die skoorsteen... ek dans te lekker. Jy moenie te veel uitpraat oor al ons aankope in George nie.
- Kameel: Kon dink dit kom van Una af.... wees versigtig vir haar. Sy

gaan blykbaar net skaapboud sonder die spinasietert eet. Ek sal van nou af versigtiger wees wat ek sê. Dink nogsteeds jy moet eerder daar afklim.... vanaand is jy moeg, en dan moet jy eers vir die vale dans.

- Toortsie: Ek kan net nie seer voete versorg nie.

HesterLeyNel: Ek kan nie terugkom van Las Vegas af nie, want niemand het hulle gesteur aan Taak 1 nie. My bankrekening is nog steeds leeg en ek het

nie geld om huis toe te kom nie 😞 Geniet maar julle paartie, hoor? \*snik\*

- Ekmyself: Klink of daar nou alleranne “ware” uitgestal gaan word. Dalk sal Taak 1 dan uitgevoer word.
- HesterLeyNel: Ek hoop so, anders sal ek maar moet ryloop daar na Coetzee toe om die koper se geld daar in ontvangs te gaan neem.

Wegkruipertjie: Daar waar ek heerlik nog in my hoek wegkruip sien ek die paartie raak rof. Party koe nou al aan die spinasieblare van hongerte. Toorts, waar bly jy met die kos, die munchies het die klomp al gevat, hulle kom nie eers meer agter van geswikte voete nie en het lankal vergeet hoekom hulle nou eintlik hier is

- HesterLeyNel: Jy het mos saam met die haaie geduik hier in Umkomaas (ek het nou onthou toe jy van die spinasieblare gepraat het), so jy het duikondervinding ...
- Wegkruipertjie: Ek duik gereeld in Umkomaas. Mooiste plek op aarde
- HesterLeyNel: Dit is ‘n mooi deel van die kuslyn. Maar siende dat jy so baie ondervinding het, gaan jy seker een van ons goudduikers wees?

travel460: Nog iets. Neem net kennis dat ek jou preek aan my op die eiland ter harte geneem het. Ek praat g’n woord oor ‘n sekere soort natuurlike-medikasie wat saamgebring is nie. Nie ‘n woord nie. Ek sal net skaapboud eet.

- Kameel: Natuurlik glo ek jou Una.... net skaapboud sonder spinasietert!!!
- travel460: Dankie. Dankie dat jy my glo. Ek sal sterk staan en my kant bring. Vir volk en vaderland.

Kameel: Hester as ek jou nou al moet betaal sal ek eers ‘n bank moet beroof. Wanneer ons skatryk is betaal ek wat ek jou skuld. Los vir Coetzee uit .... ek bedoel, ryloop is gevaarlik bly eerder veilig in Vegas.

Lekkervurig: Hallo, ek is so jaloers. Sit hier op Watervalplaas in verre Limpopo en suig aan my wynskottel. Het die polisie al opgedaag? Is Abrie en Toorts al veilig daar? Jammer my Lekkerlorrietjie is nie groot genoeg vir buit wegry nie. Laat maar weet wat ek mee kan help. Nee, ek het nie geld vir Hester se vliegtuigkaartjie nie. Ek kan wel vir haar 'n Lottokaartjie koop. Watter nommers moet ek gebruik sou julle reken.

- Kameel: Toorts is oppad. Ek het haar gevra om solank die geld vir Hester oortebetaal.... dan betaal ons haar terug wanneer ons, ons geld kry. Sy sal genoeg geld hê... haar boeke het goed verkoop en sy gaan blykbaar daar by toweropstal nog boeke probeer verkoop. Dis definitief tyd dat Hester terugkom. As Toorts nou nie wil nie... nie WIL nie, stel ek voor jy gebruik.... hoeveel nommers het 'n lottokaartjie?
- Lekkervurig: Blykbaar reekse van ses. Ek doen nie die Lotto nie, gekkebelasting reken ek.
- Toortsie: As jul my help kan ons baie boeke verkoop by die polisiebraai dan kan ons vir Hester betaal.
- HesterLeyNel: Die nommers wat gaan wen natuurlik!
- Toortsie: Wanneer kom jy?
- Lekkervurig: Wanneer ek werk kry om te doen...ek wag maar.

Lekkervurig: Wat van die hoenders.....

- HesterLeyNel: Wat van die hoenders? Hulle gaan gebraai word. Of het Kameel hulle name gegee? 'n Mens kan nie 'n ding eet wat 'n naam het nie.
- Kameel: As ek veel langer teen hierdie hoenders moet vaskyk gaan hulle definitief name kry!!! Die haan maak klaar amok hier onder die spul.
- HesterLeyNel: Dis nou maar 'n haan se manier ...

Rondomtaliedraai: Hehehehehe julle is darem 'n oulike klomp Die blogs en kommentaar lees baie lekker

- Toortsie: Ek het weer oor jou slange gedink. Ek dink jy moet jou slange inpak en kom, daai slange sal 'n klomp ongewenste afloerders afskrik. My honde het nou al 'n groot deel van die afskrikwerk gedoen, maar die slange sal beslis help, veral daai kleurvolle een! En as iemand vermoed daar is 'n slang in die gras, is hul nie ver verkeerd nie!
- Rondomtaliedraai: Hehehehehe Jy is lekker slim Ek sal hulle mooi afrig



Perdebyttjie: Haai wag bietjie julle...almal is te haastig! Julle dans al op die skoorsteen en die bye is nog nie uitgerook nie!

- Kameel: Die drank het te vroeg hier aangekom perdebyttjie.... 'n mens kan niks met die klomp uitrig nie. Ekmyself het 'n verswikte voet maar dans die dans sy.... sy gaan nie eers voel as perdebye haar klits nie. Ek het al gewonder of ek nie die polieste moet vra om orde te kom skep nie.... toe onthou ek van Camilla.
- Toortsie: Ek vermoed die bye pla dalk nie, danksy die spinasietert!

Ekmyselfff: Ek is kisboude.... moeg gedans en my voet pyn vreeslik... ek gaan nou te katel en horisontaal verkeer. Ek mis my boer vreeslik....

- Kameel: Ek lees jy mis jou broer vreeslik... toe wonder ek hoe het jou broer in die storie beland.

Lekkervurig: Ja né, gaan lees toe op Toorts se adhoc post. Die paartie was toe vir sommiges lekkerder as ander. Soos my oupa gesê het, vanaand Sterk Takuza vanmore Tekak... Abrie is huistoe om te strateeg, Coetzee is bang hy kan net braai, Wegkruipertjie kruip oral rond, Kameel is vies, haar en Camille se ankle grinder is weg....die ander sal ons seker eers koffie en panados moet voer. En waar is Storieklong, het hy die pretpetalje gadeslaan? En Hester... ek het gehoor sy is by George lughawe gesien.

- travel460: Die paartie was inderdaad heerlik. Ekmyself se musiek verskeidenheid het ons van AL ons sorge laat vergeet.
- travel460: Og, om nie te praat van die skaapboud en groentepastei nie!
- HesterLeyNel: Nee-nee, iemand jok soos 'n bok. Ek gaan nie sê waar ek is nie, maar ek is besig om my memoirs te skryf – en julle aandeel in my lewe..

scrapydo2: Genade,ek kry nie n woordjie tussenin te sê soos julle almal julle geniet.Ek lees nog by Una en toe moes sy sluit en ek het nie kans gehad om iets te sê nie. Ek stem saam met Hester dat daar n dag of wat tussenin moet wees om te kan antwoord en ekstra dinge te sê. Ek het einde verlede jaar my noodhulp-sertifikaat hernu so ekmyself ek kom nou gou daar by jou bed draai om te sien wat ek aan jou enkel kan doen en ook die goggabyte. Hang net bietjie aan hoor! Ek hoor ook die ou haan wat so aanmekaar te kere gaan.

Henne kannie voorbly om eiers te lê nie! Onthou die drone wat gebruik kan word vir spioenering. Ek glo nie ons moet te veel ouens utnoui nie. Netnou dwaal een af en kom op ons bedrywighede af in die murasie.

- Kameel: Ek wil iets sê... maar my mond is nou gesnoer.
- scrapydo2: Nee man, nou maak jy my nuuskierig!
- Ekmyself: Dankie vir jou hulp. Die voet is somer beter.
- scrapydo2: Groot plesier. Ysblokkies en n bietjie asyn werk wondere.
- travel460: Ek soek jou hier van die dak af!! Kom maak 'n draai as jy klaar vir Ekmyself ge-antwoord het. 'n Drone, skitterende idee!!!
- scrapydo2: Ja man, ons sal ou Plasie lekker kan dophou. Hy maak mos asof hy nie rerig deel is van ons bedrywighede nie. Hy sal nog agterkom om nie met ons te mors nie!
- travel460: Bring 'n drink dingetjie saam as jy opkom. Dis effe warm hierbo. Ek het 'n vêrkyker hier...
- scrapydo2: Maak so, net gou my drone se remote kry dan is ek met jou. Het jy al agtergekome watter bos ou Plasie hom tuismaak die ou bogger. Hy wil probeer om ons uit te oorlê.
- travel460: Scrapy jong, ek weet g'n niks verder van Plasie af nie.

Vermoed hy lê laag oor 'n naweek. Net ek en jy is al wakker! 😊

- scrapydo2: Jong hy het erken dat hy op ons klomp spioeneer. Ons sal wraggies n oog moet hou op sy bedreiwighede. Ek het naastenby n idee waar hy is. Sal ook bietjie met my Teslary en kyk wat ek kan sien. Ek dink jy moet saamkom die bosse in Maandag. Bietjie spoorsny.
- travel460: Reg so. Ek gaan saam spoorsny.

travel460: Hello almal. Oe, ek het lekker geslaap. Gaan nou op die

motorhome se dak sit en tan, en dinge bekyk. Die son is ietwat skêrp... 😎

Toortsie is hier en almal is weer gelukkig. Het Wegkruipertjie nog nie met 'n oog gesien nie, vermoed sy het 'n sekere persoon na aan haar hart in George ingeboek, en nuttig ontbyt daar. Kameel is besig by die eerste kuikens wat uitgebroei het. Glo Kiepie die haan s'n. Bekkie en hy was nog van altyd af danig met mekaar. Naampies vir die kuikens, enige voorstelle? Als lyk rustig van hier bo af. Ekmyself en Toortsie dek tafel vir ontbyt. Dis net Camille? Seegogga sit by die werksstasie besig met Abrie se kaarte. Hester? Ek vermoed sy gaan ons kom verras, aangesien daar nog geen geld oorbetal is nie. Dalk sien ons vir Coetzee, sal so gaaf wees. Ek hoop net hy bring vir my



‘n paar stewels saam. Het so geskimp daarvoor. Storieklong? Ja, dis nou ‘n ander bekommernis...

ekmyselff: Ek voel klein bietjie styf van al die dans. My voet darem vroeg al gedokter dankie Scrapy. Ek sit nou heerlijk onder n boom en lees blogs. Toorts se kos is amper klaar dan kan ons eet. Una sit en tan met n Cocktail ini hand. Let wel n virgin ene, sonder drank. Julle dis besig en baie dinge gebeur hier by die Toweropstal.

travel460: Is dit wat ‘n Virgin cocktail beteken! Drankie sonder drank! Leer ek alweer iets, heeltemal iets anders gedog.

- ekmyselff: Jy moet fokus... 😊
- ekmyselff: Jy moet fokus... 😊 bly ek kon jou iets leer....

Kameel: Julle almal jok saam... julle het die hele nag deur lawaai en vanoggend hier ingestrompel gekom en op scrapy se mooi kwilte met julle vuil voete kom lê. Nou lê en snork julle... ek het op Toorts se blog gaan stoom afblaas. My grinder is weg en ek wil moord pleeg.

Lekkervurig: Kameel hoe lyk dit by die stasie?

- Kameel: Dis maar ‘n verspote ou stasietjie... maar hier kom treine verby. Dis goed om te weet!!!
- travel460: Jy ignoreer my heeltemal...???
- Kameel: Ek moet eers afkoel. My mood sal wel weer oorwaai.
- Ekmyselff: Ek is jammer. Soek jou nie aan my verkeede kant nie.... hoop jy koel vinnig af. Was nie aspris nie.
- Kameel: Ek is nou ok.... besig om ander planne te beraam. Die grinder is iets van die verlede en dit bly daar.... het hom nie meer nodig nie. Toorts sê Hester moet maar in Vegas bly... en ek begin saamstem.
- Lekkervurig: So ons het treinmense ook om te koop....
- Kameel: Het al gedink ek moet my deel van die goud vat en met die trein iewers heen vervoer. Ek is seker ek sal die goud verkoop kan kry.
- Lekkervurig: O jitte. Het jy al die goud gesien of is dit nog in die kelder?
- Kameel: In my gedagtes sien ek daardie goud.... en wat ek daarmee wil doen. Abrie het gesê die plan is onfeilbaar.... hy sal nie nou van gedagte

verander nie!!!

- Lekkervurig: Maar hy het dan omgedraai om te gaan herstrategie....
- Kameel: Ons sal nogsteeds in sy planne wees... ons weet te veel. Abrie wil die goud hê maar hy is nie 'n moordenaar nie. Hy het sterk morele waardes. Die grond behoort naregte aan hom...na my beskeie mening.
- Lekkervurig: Wat is die moord wat die heelyd opduik.....
- Kameel: Toorts kan partykeer nie haar eie naam onthou nie... so sy bly van die spoor afgaan. Moord!!! Nog nooit nie!!

Toortsie: Hoor hier, ek het 'n vragie op die hart. Met dié dat ons so stuk-stuk aankom, en party intjip waar hulle nie moet nie en sommige die saak wil heroorweeg weens morele waardes en ander nie goed genoeg voel nie en ander hulle wip en omdraai en party enkelkaartjies in verkeerde rigting koop en ons 'n spul vroumense bymekaar is wat mos maar lief is vir kekkel en kraai en hap, dink julle ons gaan hierdie moord gedoen kry voor die einde van hierdie jaar?

- Kameel: MOORD Toorts?
- Toortsie: O gits? Is dit nie 'n moord nie? 🤪 Ek is nou al so verward!
- Kameel: Goud Toorts.... goud!!!

Ekmyself: Moord? Toorts wat rook jy?

- Toortsie: Ek is nou so deurmekaar! Is dit nie 'n moord wat ons beplan nie? Hoe loop die storie nou weer? Nee, ek rook nie.

Lekkervurig: Jinne Toorts ek dog ons steel krugerponde....wat was in daai groentepaai?

- Toortsie: Ek hét 'n paar mense wat ek wil vermoor, dog ons kan dit netsowel nou doen en klaar kry.
- travel460: Ha! Ek is saam met jou!
- Toortsie: Ek dink ons los die goud. Kom ons moor eerder!
- travel460: Toortsie, ons sal dalk niks anders hê om te doen nie! Abrie is besig, Hester rus net bietjie. Sonell is nog reg met die moord. Of moorde. Sy wag vir 'n opdrag.
- Toortsie: Ek dink almal moet sorg dat hulle hier kom dat ons dit kan beplan.
- travel460: Seegogga het aangebied om te help met die lyke...sy weet hoe.

- Toortsie: 🤪
- Toortsie: Dit raak nou grillerig en bloederig en ek is nie goed met bloed nie. Nee wag, los eerder die moordery.

Lekkervurig: Seegogga is mos besig om haar plan te maak. Is julle partytjiegangers al voorberei vir vanaand se paartie. Wat doen julle en wie is genooi en hoekom? Komaan mense, blaas die kuite so 10 bar af. Ons gee mos nie sommer moed op nie. Abrie en Hester, julle beter nou hier beredder.

- Ekmyselff: Ons gaan nou nou die vuurtjie opsteek. Toorts se ons braai n lekker skaaprib vanaand. Ek is nie seker van bygeregte nie. Vanaand drink ons slegs Oros en daar word ook net gevabe.
- Lekkervurig: Nou ja toe. Rib vat so rukkies, dan kan julle mos bietjie spanbou en kyk wat moet ons nog doen om Abrie en Hester se onfeilbare plan deur te voer. Speel mooi met die ander kinders. Ons is 'n klomp wat nog ons beurt afwag en weldra by julle aansluit, of hoe?
- Toortsie: Ek dink julle moet maak dat julle hier kom. As ons elke keer 3 dae moet wag voor die volgende een opdaag, gaan 2019 ook om wees voor ons klaar gemoor is en teen daai tyd het ons al mekaar vermoor.

travel460: Wat van bietjie 'n Abba aand hou. Dan trek ons klere uit Ekmyself se spesiale kamer uit aan. Abba was nie rof nie, net gematigd. Dalk tamatie cocktails drink, dit is beter as die virgin gedoente wat ek heelyd op die dak moes aan suig. Ons wag vir Woestynkind, nè? En Hester en Coetzee? Lekkervurig, is jy steeds nie oppad nie? En Abrie? Seegogga, wat doen ons môre behalwe om van Toortsie se gesonde kos te eet? Kameel, kan Camille ons 'n paar dansmoves kom wys?

Kameel: Una ek is nie meer kwaad nie.... het by daardie stasietjie ander planne met my goud gekry. Ek sê nou vir jou maak vir jouself alternatiewe planne. Ek vertrou Hester glad nie.... so ek gaan 'n U-draai om haar planne maak. Jy kannie net wil party-party nie, begin dink vrou. Vanaand se partytjie woon ek nie by nie... Camilla gaan met die lorretjie 'n entjie ry.

travel460: Maar Kameel, ek bly so lekker hier! Met Toortsie wat ons voer en die hoenertjies se babies...Waarheen gaan Camille ry? Wegkruipertjie slaap op die dorp oor...Gaan sy soontoe?

- Kameel: Jy het blykbaar vergeet van Italië!!! Toortsie gaan nie vir ewig daar rondhang en kosmaak nie... sy het klaar van die goud vergeet. Dink

dis 'n moord en wil klaar hê die moord moet nou plaasvind. Sy spring mos crocs en al binne in 'n ding dan word haar aandag afgelei... en vat sy 'n ander koers. Ek dog ek sê maar net.

- Toortsie: Jajaa die besigheid begin nou klaar langdradig raak. Ek moes my nan saambring het, dan het ons nou al klaar die goud geoor gehad.

Lekkervurig: Woestynkind, Woestynkind, kom in. Daar broei goete uit wat goeie sekuriteit nodig het. Ek kry voorbodes van Abrie se Mutiny on the Bounty...

- Kameel: Wanneer laas het jy van Woestynkind gehoor? Dink jy roep verniet.... en toweropstal lê oop en bloot.
- Lekkervurig: Nog glad nie....dis 'n klomp se stilte wat pla.
- Kameel: Miskien moet jy maar kom en dinge in plek kry.
- Lekkervurig: Jy reken, ek is ver en julle het reeds vir Seegogga en Scrapy met die drone en Una oppie dak, en jouself en Abrie. Kry hulle wakker. En praat met Hester. Is al die duikpakke en hanskoene en so aan daar? Miskien hergroepeer en die proses laat groei. Het iemand meer direkte kontak met Woestynkind? Miskien is haar wifi swak of iets.
- Kameel: Una dink ek is al en wat direkte kontak met haar het.... nou sit sy mos wie weet waar.
- Lekkervurig: Gaan post iets op Woestynkind se nuutste blog, 'n link na ekmyself se blog waar sy vir Woestynkind oproep...of die link na ons blogs op Hester se Linkzup....
- Lekkervurig: Toebek is heelbek. Kom ons wag. Abrie het gesê hy gaan besin...stilte op ons misdaadtoneel gaan ook aandag weghou. "Good things come to those who wait."
- Toortsie: Ek is nie 'n goeie wagter nie, ook nie wagter nie. Man, ek kan nie goed wag nie en my honde is ook nie eintlik waghonde nie. Ons lotjie is vrot met wag en ek weet nie hoe lank my manlief gaan tevrede wees om man-alleen by die huis vir my te wag nie en volgende Saterdag is daar 'n tronkpaartie op my dorp en ek het klaar kaartjies daarvoor gekoop. Waaaarrr kan ek 'n tronkoutfit in die hande kry?

Ekmyself: Ek lê laag vandag... maak slegs musiek. Met my oorfone op... op wil niks van al die moordpraatjies hoor nie

Lekkervurig: Wat sal mens nou sê. Che sera, sera.

travel460: Woestynkind het opgedaag, en met ons geraas...

Chameleon Plays: Klink na 'n lekker party

# HOOFSTUK 7

## Die misdadigers raak honger



deur [Toortsie](#)

Ek is dalk nou heeltemal uit my beurt uit, maar ek kan nou nie wag tot iemand besluit om my te tag nie, dit kan dalk nog twee weke neem. Misdadigers kan nie op leë mae suksesvol funksioneer nie.

Dus, tot tyd en wyl iemand my tag met watter opdrag ook al, ek is op pad na Toweropstal. Ek weet nie wie al almal al daar is nie, ek weet wel van Kameel en Una, moontlik Scrapy, Ekmyself. Ek is nie seker waar Hester en haar sekuriteitswag haar bevind nie, en dan is daar nog 'n roofkyker of twee ook, lyk dit my. En 'n loodgieter!

Dit klink my dat al waarvan hulle leef, marshmallows is, oeee die suiker! En dan klink dit vir my al te jolig daar, genoeg om suspisies te raak.

So, ek het 'n bakkievrag kos gemaak. Dis skaapboud, gaar hoender, varktjops, Banting kaaskoek, ag man, noem maar op! Dan het my man nog 'n skaap geslag en opgesaag vir my, hy dink ek gaan op 'n Banting Bootcamp,

kan jy glo! 😊 Ek kan nie glo dat ek hom so maklik om die bos kon lei nie!

Maar ek gaan nie vir jul vertel van agter die bos nie! 😊 Ek moes natuurlik 'n behoorlike storie spin oor hoekom ek die honde wil saamneem.

So, die bakkie is gelaai. Dis ek en my kamoefleerdrag, bakke en bakke vol gaar kos sodat ons nie heel dag aan kosmaak hoef te dink nie, my twee honde en sommer nog my seun se hond ook, 'n sak hondepille en 'n sak mielies vir die hoenders, 6 kanne drinkwater, skaaptjops vir die polisiepartie, nog bestanddele, potte en panne, botter, room, koffie en tee.

Sien julle vanaand! Vanaand eet ons groot en lekker! Regte egte boerekos.

Hier kom die Toorts!

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Ekmyselff: Banting Bootcamp – jou YSTER! Dit is nou slim! Ek is so bly jy is oppad, watwou met malvalekkers, nie een van ons is goed met die kos ding nie, so ons drink helemal TE veel, en nie water nie, want dit is n skaarste, en al die doppies veroorsaak dat ons focus verloor. Ek het juis in my post gaan vra of jy asb vinnig kan kom, dankie. Jy red ons! Kan nie wag om jou te sien nie, ons dans reeds en die musiek pomp!

Seegogga: Ag laai my op as jy hier verbykom asb. Ek kan nie al daai lekker kos wat ek mag eet mis nie. En nog n ding as darie polisie dalk verkeede rigting kyk het julle my mos nodig! My knypers is gevyl en ek het so n bietjie bloublasiegif in my krapmandjie vir die wis en die onwis. Ooo maar so n bietjie ander drinkgoed as seewater klink heerlijk! Nou nie dat ek wil kla nie, my dam is mos groot genoeg, maar darem...

- Toortsie: Jiss! Pak in, ek tel jou nou op! 😊 Jippiee ! Seegogga het ons gevind!

travel460: Ahhh. Jou honne kom ook! Woestynkind bring my Kieter saam. Sy, my Kieter, wil nie langer by Bertus bly nie. Hy is glo kwaai met haar, sit haar op 'n dieët nes ek my rug draai! Skaapboud. Kan ek dit net weer hardop sê. SKAAPBOUD.

- Toortsie: Oeee, hoe gaan ons my honde, die hoenders en jou kieter uitmekaar hou? 😊
- travel460: My kat weet hoe om honde te hanteer, Toorts. Sy dwing respek af. En sy eet net Whiskers-vleis. Geen hoenders.
- Wegkruipertjie: Daar lees ek jou kat eet whiskey-vleis, dink daai spinasieblare praat met my

- travel460: Maar jy is dan nog nie eers hier nie...? WAARMEE is jy en jou blonde hartebreker besig!
- Wegkruipertjie: Nee nee ek kruip wel daar in 'n hoek weg, niemand wil my mos mooi nie. Boohoo. Ondertussen steel ek julle spinasieblare
- Toortsie: Maar kom!
- Toortsie: Het Ekmyselff dan nie nou vir jou benoem nie?
- Wegkruipertjie: Nee daai misdadiger steel net my musiek
- Kameel: Kom uit jou hoek uit wegkruipertjie, hier gaan genoeg kos wees, en jy kan solank saam met ons kom dans.
- Toortsie: Net die gedagte daaraan doen al sy werk! 😊
- HesterLeyNel: Haha, jou stoute kabouter!
- scrapydo2: Ha ha, Ek het ook tweekeer moes lees. Jong jy sal moet reguitdink met jou veiligheidsplanne. Nie met lang draaie loop nie.
- Toortsie: Klink goed

Theo Herbots With Love: Ik krijg er honger van als ik het allemaal lees. Wou dat ik er kon bijzijn. Maak er nog een fijn moment van. Groetjes. Theo

Abrie Joubert: Sien julle netnou Toortsie. Ek doen nie banting maar eet baie definitief banting kos, veral as jy die saam met brood eet



- Toortsie: Jy moet net die brood saambring. As jy by my brood kry, moet jy mooi dink. Dit mag dalk 3 jaar oud wees.

Kameel: Ek sit nou en lag vir jou Toorts.... kyk ek geniet hierdie storie en sy mense gate uit. Ja, bring ons kos ek eet nou al vir dae popcorn.... genoeg is genoeg. Wat ek wil weet is wanneer kom Coetzee.... Hester dreig om na hom toe te ryloop, om die goud se geld in ontvangs te neem. Wens net sy wil nou terugkom. Kan jy nie oppad by 'n bank stop en die R500 000 vir haar oorbetal sodat sy kan terugkom nie. Ons almal sal met jou regmaak wanneer ons ons geld kry.



- Toortsie: Wat ek waar kry? Jul moet dit dan eers vir my oorbetaal.
- Kameel: Die geld van jou boekeverkope Toorts.... belê dit nou in 'n goeie saak. Ons kan vir jou rente betaal.... ja nes by 'n bank.... rente!!!
- Toortsie: Joe! Rente! 😊

coetzee2014: Ek het sopas omgedraai. Ek wou gaan braai, dit is eintlik al, wat ek goed kan doen, maar nou het Toortsie met die vrag kos daar aangeland, dat ek heeltemal oorbodig sal wees. Hoe jammer kry ek my nou self.

- Toortsie: Maar jy moet kom! Hier is nog 'n hele skaap se tjops wat gebraai moet word! Ons reken op jou!
- Kameel: Neeeeeeee Coetzee, jy moes help met Toortsie se braaiaand vir die polisie. Sy het 'n hele opgesnyde skaap gebring vir die braai. Ons het mans hier nodig... rêgtig 'n spul vroue alleen werk nie uit nie. Daar is niks orde hier nie.
- Toortsie: Jy moet ons help beskerm ook! Ons is vrouens en ons is soms bang ook!
- travel460: Hier lees ek nou eers raak dat jy omgedraai het! O nee, kom terug! Bring net vir ons 'n paar pare stewels saam, dan kom kry jy ons aan die grawe!!!

coetzee2014: Is daardie kosse, dan nie alles gaar nie? Ek sal my mos nooit op ander se terrein begewe en vertel hoe om kos te maak nie. Ek kan net braai!

- Toortsie: Nee, net 'n klompie gaar kos, die res moet gebraai word en ons het jou nodig by die polisie se partie. Die klomp hier eet rof, jong, die gaar kos gaannie lank hou nie.
- HesterLeyNel: Jip, daardie lekker ribbes waarvan jy ons al vertel het in jou blog. My man was skoon in ekstase toe ek hom jou fotos gewys het.

- travel460: Coetzee, hou op redeneer en daag op!
- rondomtaliedraai: Oooooooo ek en die slange kom spesiaal vir die kos!
- Toortsie: Jippiee! Maar los die slange maar tuis, dit kompliseer dinge.
- Rondomtaliedraai: Sug... is die Towerhuis nie troeteldiervriendelik nie?
- Toortsie: My honde is daar en Una se kat en die hoenders.
- Rondomtaliedraai: En my slange? Kyk net die mooi blommetjies op die dik een? 😊
- Toortsie: Ek dink hul moet dringend saam met jou kom.
- Rondomtaliedraai: Hehehehehe ek glo nie die ander misdadigers gaan met jou saamstem
- coetzee2014: Ek is glad nie vriende met die slange nie.
- Rondomtaliedraai: Nie eers figuurlik? Nou moet jy baie mooi dink!

Perdebyttjie: Ek sukkel nog om 'n ordentlike rookmasjien gasteel te kry. Ek sal dus die party en al die bantinglekkertes mis. Intussen moet julle dit geniet en solank oppas vir die bye en ander ongediertes waarmee ek nog liefies moet gesels!

- Kameel: Perdebyttjie Una het 'n rookmasjien hier aangebring.... glo vir atmosfeer wanneer ons dans. As jy voel twee is nodig gaan steel nog een.

Kameel: Ek moet nou stoomafblaas of ek ontplof. Laasnag niks geslaap van die lawaai en honde se geblaf nie. Nee ek het nie saam geparty nie... was te kwaad. Toorts het hier ingery gekom met kos, Seegogga, honde en wat nog meer...en vanaf die oomblik dat sy gestop het, was dit 'n geklets uit 'n ander wêreld. Skaapboud vir die aand het sy gesê, maar nee "hulle" soek "spinasiert" saam. Voorslag wat sy is vat Toorts die blare, en maak woerts-warts 'n

tert hier in die kombuis. Die boud was heerlik, maar ek eet nie spinasietert nie. 'n Mens preek nie oor iets...om net die volgende dag dieselfde ding te doen nie. Wat ek tussen die gereedskap gaan soek het onthou ek nie meer nie... maar ek vat 'n pampoensom om lig te gee, en by die container aangekom sien toe my grinder is WEG!!! Die klomp het al begin dans... Wegkruipertjie is ook hier. Sy het ons heeldag uit 'n hoekie dopgehou om te sien waarvoor sy haar inlaat, maar die reuk van Toorts se kos het haar vinnig nader laat draf. Ek vra haar of sy iets gesien het... sy mompel toe iets van die loodgieter. Twak!!! Daardie man was te eerlik. Ek was lus en gooi die klomp dansendes met die blikkieskos wat ek gekoop het... en nog net so staan want ek het vergeet om 'n blikoormaker te bring. Hier is 'n skelm tussen ons!!! Ek het gedink ek hoef my net oor Hester te bekommer. Van Hester gepraat... niemand hier gee 'n flerts oor haar doen en late in Vegas om nie. Toorts het nie haar boekegeld gaan oorbetal sodat Hester onder ons oë kan kom bly nie. Dan is daar nog Abrie wat ewe skielik 'n gewete gekry en omgedraai het... om te gaan herdink. "Too late boss, te veel mense weet nou van daardie goud. Laat jou oupa maar in sy graf draai... ek soek my villa in Italië. Nou vanoggend strompel die klomp hier in en val met hulle vuil voete op Scrapy se kwilts... en snork nou dat die biesies bewe. Ek moet gaan asemskip.... eers die hoenders kosgee... Toortsie het net die sak mielies hier afgelaai en begin klets... en bak en brou. Nou gaan ek met die lorrietjie Skimmelperdstasie toe ry... wil gaan kyk hoe lyk dit. Soos ek nou voel klim ek op 'n trein en verdwyn die boendes in. Maar daardie villa!!! Wie de swernoot het my grinder gevat...hy sou nou goed te pas gekom het.

- Toortsie: Dis duidelik nie my honde waarvan jy praat nie, want hul is nie bluffers wat heeldag kefkefkef nie, tensy hul regtig iets sien wat 'n blaf regverdige, en dít laat my wonder, is die afloerders al weer hier rond? Mensig! Ek het nooit geweet

spinasiertert kan so lekker wees met spesiale kruietjies nie! En Hester? Vir wat foeter sy Vegas toe terwyl sy weet ons het haar hier nodig? En hoekom het sy nie vir haar 'n retoerkaartjie uit die staanspoor gekoop nie, dis baie goedkoper! Om enkelkaartjies te wil koop, is vermorsing van geld en laat my wonder of daar nie 'n haas iewers slaap nie.

- Kameel: Ek sê al lankal daar is fout maar niemand luister nie.
- Toortsie: Maar dís hoekom ek my honde saambring het. Hulle is jagters van formaat en sal indringers gou verjaag.
- Kameel: Ek praat van Hester Toortsie... H E S T E R!!!
- Toortsie: Ja, maar as mens stupid wil wees, moet jy na bly sit waar jy is. 🤪
- Lekkervurig: O eh eh, ek ruik moeilikheid....

Travel460: Kameel, praat met my op Ekmyself se blog, asb. Ek wag vir jou. Nounet wakker geword...

- Kameel: Dankie.... is eintlik nog kwaad vir jou... maar ek is besig om te besin.
- travel460: Ek is vreeslik jammer, Kameel. Is dit oor die groen blaartjies? Maar ek het regtig niks daarmee te doen nie! Ek het wel 'n happie daarvan geproe, kon Toortsie nou nie in die gesig vat nie. Kom ek sê nou maar net, sommige kinders in my wêreld het onlangs iets aan hul ma herken, en ek is nog nie oor die sleg daarvan nie. 🌱
- Toortsie: Nou praat jy in tale. En erken maar, die tert was heeeeerlik! Vandag maak ek groentesop met 'n spesiale kruittjie, net vir 'n pikante geur.
- travel460: Jy het my klaar omgepraat, ek is nie sterk nie.
- travel460: So kom sit by my en Scrapy op die dak...

scrapydo2: Toorts ek is so bly jy is hier met jou kos. Ons is

uitgehonger na al die gefuif van gisteraand. Kameel wil sommer weghol so dol gaan dit. Ek dink as sy haar magie gevul het sal sy beter voel en ook haar grinder vind.

- Kameel: Scrapy kos gaan my nie troos nie.... ek het 'n spesmaas daardie grinder sal ek nie weer sien nie. Dankie dat jy na ekmyself se voet gekyk het... daardie vroumens het nie ore as daar eers musiek gespeel word nie.
- travel460: Woestynkind kan vir jou 'n nuwe grinder bewimpel? Sy kom mos amper. Wie dink jy is weg daarmee? Jou loodgieter? Of Camille en die loodgieter?
- Kameel: Die loodgieter is onskuldig... dis al wat ek sê.
- Toortsie: O, né? 🤔

Toortsie: Ek het nou vir haar gesê sy moet jou vergewe en gaan kyk hoekom jy nie by haar kan kommentaar lewer nie.

- Toortsie: Maar nou het ek uit my beurt uit gepost en nou is ek in die sop en ek het nie eers sop gekook nie. Dalk moet ek sommer 'n bietjie romerige groentesop kook en 'n bietjie kruittjies daarby gooi.
- scrapydo2: Maar jy kan mos nie help as ouens so LAAAAANK vat om aan te kom nie. Ons kan mos nie sonder eetgoed hier bly en dan nog werk ook nie.
- Toortsie: Verstaan jy? Die mense moet hier kom dat die rook kan draai en die stof kan trek
- scrapydo2: Netso. Die maand is al halfpad verby!

Sonell: Nou is ek ook up to date met al die verwickelinge. Welgedaan julle! Doe so voort. Ek wag gretig in my muwwerige kantoor vir die oproep as sniper om ongewenste besoekers te kwes. En as hul steeds nader kom mag dit dalk fataal raak. Moenie worrie, ek weet hoe om met 'n lyk te deal. Baie bly die honde is

daar! 🤨 Nou ja toe, as julle die party aan die gang kan kry kan ek ook die telefoon antwoord om op te daag.

- Toortsie: Ek voel almal moet maar solank nader kom dat ons strategiese beplanning kan doen.
- Sonell: Goeie idee\*

# HOOFSTUK 8

## Die sekuriteits-hoof het probleme



deur [Woestynkind](#)

Ek is sommer moerig. Om in die middel van die nag al om 'n vervalde plaasopstal te moet patroleer is erg genoeg, maar boonop moet ek 'n span saamsleep. En die kersie op die koek is dat niemand regtig wil saamkom nie. Want die paartie wat die aandag moes aflei van die werklike misdaad, het ontaard in die eintlike attraksie. Wie hou 'n partie by 'n murasie? Met rookmasjiene? En die hele spul is aangetrek in kleurvolle kostuums!!

Ek het die een spanlid probeer oortuig om van die blonde pruik ontslae te raak (ons patroleer... nie paradeer) maar niks. As wegkruipertjie met blou hare kan patroleer, kan sy met 'n blonde pruik. So nou loop ons hier in die donker met moerse goeie flitsligte en hoop die bure raak nie agterdogtig nie. Asof. Dis Suid Afrika. 2018. Ons is NET agterdogtig oor mekaar.

Eintlik probeer ek my eie aandag aflei van wat voorlê. Hoe op aarde gaan ons die geraas van koevoete en drillbore verdoesel? Self met daardie oorverdowende musiek. Ge Korsten op stereo. Regtig? Ek kan net die bure agterna hoor vertel vir die polisie: "Hule moes aan die ou kant gewees het. Die musieksmaak, jy weet. Nou nie Paul Kruger oud nie, maar nogal naby...."

Na die derde sirkel roete om die plek, voel ons veilig genoeg om vir Sonell te laat weet dat sy die sementblad kan aanpak met haar span.

Persoonlik is ek seker elke by, spinnekop en slang het lankal gevlug. Ek hoop net nie dis in daardie pragtige kleurvolle gypsie wa in nie. Ek sien al hoe Lekkervurig net eenvoudig petrol oorgooi en aan die brand steek.

Ek is sommer moerig. Om in die middel van die nag al om 'n vervalde

plaasopstal te moet patroleer is erg genoeg, maar boonop moet ek 'n span saamsleep. En die kersie op die koek is dat niemand regtig wil saamkom nie. Want die paartie wat die aandag moes aflei van die werklike misdaad, het ontaard in die eintlike attraksie. Wie hou 'n partie by 'n murasie? Met rookmasjiene? En die hele spul is aangetrek in kleurvolle kostuums!!

Ek het die een spanlid probeer oortuig om van die blonde pruik ontslae te raak (ons patroleer... nie paradeer) maar niks. As wegkruipertjie met blou hare kan patroleer, kan sy met 'n blonde pruik. So nou loop ons hier in die donker met moerse goeie flitsligte en hoop die bure raak nie agterdogtig nie. Asof. Dis Suid Afrika. 2018. Ons is NET agterdogtig oor mekaar.

Eintlik probeer ek my eie aandag aflei van wat voorlê. Hoe op aarde gaan ons die geraas van koevoete en drilbore verdoesel? Selfs met daardie oorverdowende musiek. Ge Korsten op stereo. Regtig? Ek kan net die bure agterna hoor vertel vir die polisie: “Hule moes aan die ou kant gewees het. Die musieksmaak, jy weet. Nou nie Paul Kruger oud nie, maar nogal naby....”

Na die derde sirkel roete om die plek, voel ons veilig genoeg om vir Sonell te laat weet dat sy die sementblad kan aanpak met haar span.

Persoonlik is ek seker elke by, spinnekop en slang het lankal gevlug. Ek hoop net nie dis in daardie pragtige kleurvolle gypsie wa in nie. Ek sien al hoe Lekkervurig net eenvoudig petrol oorgooi en aan die brand steek.

Word vervolg deur Sonell Skrywer.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Lekkervurig: Ag jy is na aan my hart. Die hele spul tot nugterheid en die taak op hande gefokus. Whoohoo.

Toortsie: Uiteindelik geBEUR hier iets! Ek dog hier gaan net nooit GEEN vordering kom nie. Die span wil net eet en drink en ek is MOEDELLOOS kos gemaak! Môre sorg elkeen vir homself!

- Kameel: Jy het nog 'n polisiepaartie waarop jy moet fokus Toorts. Kannie nou al die kosmakery los nie.
- Toortsie: Ek is mos al weer op pad terug na julle toe.
- Kameel: So bly... sonder jou het ons 'n kosprobleem.



Niemand gaan my blikkieskos wil eet... na jou roomryke disse nie.

- Toortsie: Ek maak skaaptonge vir die span by die huis. Wil julle ook daarvan hê? Ek weet nie hoe dit gaan smaak nie, dis 'n eerste keer!
- Kameel: Skaaptong met pruimedantesous. Het dit kersfees geeët!!!
- Toortsie: Pruimedantesous? Sjoe!

travel460: Julle is hier! Sorry man, ek weet sekuriteitsmense hou nie daarvan dat paarties hand uitruk nie. Ons het probeer om stiller te kuier. Vandag sal almal rustig wees, en môre kommandeer jy of Sonell ons op vir die skofte?

Sonell: Yes! Ek is op pad.

HesterLeyNel: Gè Korsten? Ek sal my nie verbaas as die ou spul dronkverdië gekry het nie. Het ons stalker nie weer sy opwagting gemaak nie? Julle moet op die uitkyk bly vir hom.

travel460: Ons stalker is doodstil, maar ek dink nie hy stalk oor naweke nie...

lekkervurig: Het Camille se verdwene anke grinder en die stalker nie met mekaar te doen nie? Hoekom het sy met die lorretjie gaan ry? Hester waar is jy, ek verneem jy is in George gesien?

- Toortsie: Ek vermoed Hester is al laaankal terug van Vegas af.

Lekkervurig: Woestykind, dis Toortsie wat so gril vir die spinnekoppe wat sal maak dat ek die gypsy wa sal opblaas, of miskien om bewyse te vernietig....wie weet.

- Toortsie: Gril? Vrees!

Toortsie: Hester, jy en Abrie moet nou kyk dat jul hier kom dat ons aan die

gang kan kom asb. Ek dink ek moet gou eers vir 'n paar dae huis toe gaan om my dinge daar agter mekaar te hou. Die gaar kos los ek hier, julle kan daarvan eet, maar moet asb nie die tjops braai nie, dis vir die polisiepaartie. Intussen laat weet julle my as ek moet kom, ek kom dadelik, ek is net 3 ure weg.

Lekkervurig: Toorts jy kan mos nou nie so maak nie. Jy het gesmeek dat die proses aan die gang kom, nou laat jy 'n leemte. A nee a man....die span het daai vingerafdruklose hande van jou nodig...nie net kos nie

- Toortsie: Maar dan moet hier beweging kom, ons kan nie net heelyd so sit en wag vir beter dae nie!

Toortsie: Kameel het vir my hierdie boodskap deurgesmokkel: Ek hoop julle het gisteraand se party geniet. My planne het bietjie skeefgeloop... ek is herken.. en sit nou hier in 'n kamer opgesluit. As Camilla, kon ek darem die outjie wat my oppas oorreed om diè boodskap na julle toe deur te smokkel. Moet nie te gerus wees nie.... die mense hier praat oor die verlate opstal waar dit nou so lewe. Ekmyself het gister nie vir my goed gelyk nie.... met haar oorfone daar rondgelê... ek dink sy begin na haar boer verlang. Miskien kan julle saam met die mannetjie vir my van Toorts se kos saam terugstuur... kry net brood en water. Hoop Woestynkind en haar span het opgedaag... hier broei dinge hier.

- Toortsie: Kameel sê: Dankie. Sê vir Hester nou voel dit asof ek êrens op 'n eiland uitgespoel het.... dis omtrent frustrerend.
- HesterLeyNel: Watter eiland Toortsie? Waar het ek die plot verloor? Ek het nou al julle blogs – ek meen rapporte van bedrywighede – tot op datum gelees en is besig om dit te copy in my dagboek on. Siende dat julle almal so gaaf is om elke nou en dan te noem dat ek nie naby die misdaadtoneel is nie, verskaf julle 'n heerlike alibi aan my. Ha! Ha! Lyk my julle kom mooi reg, so ek kan nog so 'n dag of twee hier bly. Groete en soentjies xoxo
- travel460: O nee, kry jou alie in rat en daag op! Ek lyk al eg Suid-Afrikaner met my tan!
- HesterLeyNel: 😊

scrapydo2: Ek kan nie by verskillendes kommentaar lewer nie. Ek en Una ry nou eers met Tesla in omgewing rond om die “sluiper” op te spoor. Hier is

gelukkig nie rêrig bure naby wat die lawaai kan hoor nie. So ek dink ons kan maar laat waai met die geraas. Ek is meer bekommerd oor die ekstra ouens wat nie rêrig hier hoort nie. Dit help nie om die hele wêreld se mense hier naby te hê nie. Netnou wil hul ook deel in dit wat ons besig is om te doen. Woestynkind onthou van my drone wat ook ingespan kan word om n bietjie verder te bespied. Ek en Una het juis hom gebruik om bosse te bekyk. Ons het toe die bos gekry waar die sluiper ons bespied het. Sy skoenafdruk en motorband afdruk is ook daar.

Kameel: Toorts het boodskap oor eiland verkeerd verstaan Hester.

Ekmyselfff: Ons sal op 'n plan moet besluit dat ons van almal wat nie hier hoort nie ontslae moet raak, iemand het gisternag aan my musiek toerusting gepeuter. Ons kan nie bekostig dat van dit gesteel word nie, daai tapes en plate gaan nie werk nie. Ek het wel bevestiging gekry dat die elektriese kitaar en die tromme vandag deur die dag hier sal wees. En nou dat ons met sekerheid weet Una kan sing OOK, nou kan ons maar begin dink aan Karaoke.

Ekmyselfff: Gè? Is jy seker? Was seker terwyl ek n entjie gaan stap het om met my boer te praat, EK sou dit beslis nie gespeel het nie... ek hoor iemand sê iets van Bles wat ook gesing het... julle klomp beter my toerusting uitlos... of dit was ook die werke van een van die ongenooïdes wat hier hang... Kan julle asb 'n plan aan die gang kry Woestynkind?

Ekmyselfff: Dinge is besonders stil hier by die Toweropstal, dit vandat Woestynkind met haar span hier aangekom het... niemand sê niks, elkeen besig met sy eie dinge...

Abrie Joubert: Lyk my mens sukkel nie met Woestynkind nie – ook maar goed ek het die naweek strategies gaan dink...

- Woestynkind: Haha. Lekker kry ek nou

# HOOFSTUK 9

## Dames laaik van power tools



deur [Sonell](#)

Ek is hier julle partytjie diere! Het op pad hierheen gestop om 'n hyskraan te loop huur, want niemand dink dat die sementblok bo-op die skoorsteen ook 'n pond of wat kan weeg nie.

Camilla, kan jy asseblief die anke grinder aangee? Het ons 'n extension en generator? Nietemin, ek het dit ook saamgebring.

Die grinder grrr grrr grrr terwyl ek dit teenaan die sementblok druk om dit los te sny. Una, jy beter hierdie tou om my lyf styftrek, anders is ons almal dood vandag as ek hier afval. Kan iemand die hoenders se senuwee gaan kalmeer asseblief? Ek is klaar gegrind.

So terloops, ek het gehoor dominee kom tee drink oor 'n dag of drie. Hy wil die nuwe intrekkers op Toweropstal ontmoet. Is jy gereed vir hom met jou patrolliespan Woestynkind?

Ook maar goed ek het die hyskraan se punt naby die skoorsteen geparkeer, hierdie blok is nie ons maat nie. Net gou die kettings om dit vassit. Daarsy.

Vrek Una! Jy gaan my laat val. Sit my eerder neer sodat ek nou die hyskraan kan operate. Phew! Nou my bas koud geskrik!

Die hyskraan knor toe ek die skakelaar draai. Hy fluit en kreun onder die gewig van die blok. Eintlik gedink daar sit meer in die speelding as dit, maar dis ok, ons het tenminste een.

Passop Kameel! Hierdie blok sal jou platval! Ag jinnetjie tog, hulle sê mos goed gebeur in drieë. Tenminste is die ding nou op die vloer. Wat 'n storie! 'N hele dag se werk. Hoor julle dit? Ek dink daardie bye is kwaad.

Perdebytjie, tyd vir die rookmasjiene en vergadering met jou familie. Net

so tussen ons, ek weet niks van hoe daardie blok afgekom het sou hulle vra nie.

Ek nomineer vir Perdebytjie om haar familie te laat verhuis sodat ons in die skag kan afgaan.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Travel:460: Nou begin dinge wikkel!



- Sonell: Yes!



Toortsie: Ai, nou is ek spyt ek is eers terug huis toe, maar ek moes net gou hier kom draai. My man het die bakkie nodig vir sy boerdery. Intussen hou ek die bedrywighede fyn dop. Ek is opgewonde dat daar nou gewikkel word.

- Sonell: Dit was so hittete of iemand het seergekry! Ek dink dit spook hier. Spoke gaan nie sommer weg nie.
- Toortsie: Hoekom dink jy so?
- Sonell: Nee ek hoor mos maar net hoe geheg spoke kan raak as hulle ‘unfinished business’ het. Soos met hierdie Kruger ponde en goud.

- Toortsie: Dit maak sin!



Travel:460: Is ek en Sonelle nou alleen hier? Ekmyself, Woestynkind, Wegkruipertjie, waars julle? Ek weet Toortsie is gou huis toe, en Kameel sit vas iewers waar sy nie dadelik kan wegkom, of liever regkom, nie. Scrapy is hier iewers doenig, ek en sy bespied die wêreld kort-kort.

- Sonell: Vra ek ook mos. As dit so aangaan is ek en jy binnekort skatryk!



Ek dink almal is trommeldik geëet aan Toortsie se kos en slaap nou...

- Travel:460: Wat is die volgende stap? Ek is reg vir die goud, daar wag ‘n villa in Italië wat gekoop moet word, en troebadoers wat soos Pavarotti sing. Ek is ‘n voortvlugtige, so ek moet beweeg. Iemand moet nog duik ook. Lekker vurig, opdragte asb. Hester is oppad, of nie. Abrie het lyk my opgegee. En Camille probeer vir Kameel help. Moet ons vir Perdebytjie wag, of voort vaar??? Voort grou???
- Sonell: Ek is te blêrrie bang vir bye...

Travel:460: Die blok is darem af, te danke aan jou, Sonell. Ampertjies het ek jou laat val, dis hierdie linkerhand van my se skuld. Jy kan nie nou wil onskuldig speel nie, gehoor! Ek is klaar oral in die moeilikheid. Die Harties poliste soek na my want ek het nie van Bali af geland soos ek moes nie. My familie is boos, want waar is ek. Ons moet iemand vermoor, maar ons kan nog nie besluit wie nie. Toortsie sê sy wil nie meer nie want sy hou nie van bloed nie. En Kameel kan nie praat nie...

- Sonell: Hahaha! Enigiemand wat hier kom en te veel sien moet van kant gemaak word.
- Travel:460: True...
- Sonell: 😊
- Ekmyselff: Gelukkig speel my musiek weer klip hard en het ek nie hierdie gehoor nie.
- Sonell: Ek moet oorfone laat aflewer. Hehe!

Ekmyselff: Dan wonder jy waar ek was... in die eerste plek was ek nie bewus wat hier gebeur nie. En in die tweede plek bel Bertus my foon vuurwarm, opsoek na jou... hy se hy weet jy moes vir my n pakkie bring so dan MOET ek mos weet waar jy is... Jy is in Groot Bollie, die damsemense... ne!

- Travel:460: Shit. Moes jy my krisis nou help oplos!!! Die dammense...

Dalk moet ek Bali toe vlieg. 😊

- Ekmyselff: Kalmeer, hulle is nou rustig!
- Travel:460: Het ons 'n "theme party", wat is die dress code?
- Sonell: Arabian. Met al die kleure beslis!
- Ekmyselff: Ooh amper vergeet ek, dit is n "P" party... so jy kan soos enige "P" aantrek bv Police, Prostitutes, Punk gebruik asb julle verbeelding!
- Sonell: Moenie my hier los nie!
- Travel:460: Sal nie. Vat jou saam dan verdwyn ons vir nog 'n ruk...
- Sonell: Yes!
- Sonell: Oooo Una! Hier kom moeilikheid! Ek sal jou Alibi wees.

Ekmyselff: Julle moet nie te laat nog sukkel nie, julle moet kom aantrek vir vanaand se party, ons gaan n vuur maak vir die lekker, dalk help die rook vir die bye tot Perdebytjie kom. Ons eet sommer van Toorts se klaargemaakte

kos... Die tromme en die elektriese kitaar is hier, ons sal n paar you tube video's moet kyk en dan begin om self te speel.

- Sonell: Goeie idee! Ek sal Belly dance
- Ekmyselff: Jy moet "P" aantrek, al Belly Dance jy, hoor! 😊
- Sonell: Ok. Ek is 'n Polisie belly danser
- Ekmyselff: Klink goed.
- Sonell: 🧑
- Sonell: Buikdanser...

Travel:460: Ek kom...ek kom...!!!

Travel:460: Sonell, dankie. I owe you one. Jy en Ekmyself cover nou vreeslik vir my. Toortsie was so mooi verantwoordelik om bietjie huis toe te gaan... My huis staan op sy kop. Bertus het mure uitgebreek en groot veranderinge aangebring terwyl ek nou in Bali was... 😊 ...Ek is ietwat nog nie reg om huis toe te gaan nie, en daag ek nou op met miljoene, gaan niemand oor niks vir my kwaad wees nie.

- Sonell: Ek hoop net nie hy maak weer sy voet seer nie anders gaan jy, jou miljoene in die hospitaal belê... Net 'n plesier ou dier.
- Travel:460: Ek het Bertus nou kalm. Hy lê bietjie skuins met 'n pilletjie in, vir die spanning op die voet. Hulle weet almal ek maak vir ons geld, so niemand vra vir detail nie. Almal is besig met hul eie persoonlike wish-lysies. Mmmm. Commongeite wat hier deurslaan, ek weet. Dis maar oorerflik.
- Sonell: Tipies dam mense 😊

Kameel: Ek is net so bly om terug te wees... daar in die kamer gesit met 'n mannetjie wat my moes dophou. Camilla was te geslepe vir hom.

- Sonell: Ooo ok. Het enigiemand iets gesê van die verwickelinge op Toweropstal?
- Kameel: Dit gons daar op George oor die verlate toweropstal waar daar nou so baie lewe is. Dink die Baliwinkel sal die mense.... en die dominee tevrede stel. Wie gaan die dominee ontvang?
- Sonell: Ek weet nog nie. Dink Lekkervurig het aangebied.
- Kameel: Neeeeeee!!!! sy sê ons moet hom hanteer.

- Sonell: Ok, ek sal met graagte, wanneer dit weer my beurt is.
- Kameel: Eers wil jy 'n moord pleeg maar bedink jou.... en nou wil jy die dominee ontvang. Sonell, dis twee uiterstes diè!!!
- Sonell: Nee nee, kyk na die groter prentjie. 🤪

Lekkervurig: Hierdie opbreek van kommunikasie lyne is kommerwekkend. Ek weet nie wat om te sê nie, word ons beluister of beloer. Dink Scrapy moet daai drone laat ondersoek instel. Is dit al vanaand die polisiepaartie?

- Toortsie: Nee, dis hulle eie paartie, ek moet mos die polisiepaartie hou sodra daar op my nommer gedruk word.
- Travel:460: Ek wou eintlik my nurse-outfit aantrek...
- Sonell: Hehehe!

HesterLeyNel: Mense, o hemel! Ek weet nie wat om te sê nie. Sonell, het jy sowaar in die dag gewerk? Wie het jou almal bespied? Jy was veronderstel om in die nag te werk terwyl daar 'n paartie aan is wat die klank van die grinder verbloem. Ek raai alle misdadigers aan om laag te lê vir 'n dag of wat en wees op die uitkyk vir ons stalker. Ek kan nie noual kom nie, het nog ander probleme om uit te sorteer. Ten minste het jy die skoorsteen oop – so daar is darem vordering. Mooi geskryf!

- Sonell: Ooo genade! Jammer julle! Ek sal waghou bo-op die dak in die aand.

Lekkervurig: Is Perdybytjie besig met haar aksie? As julle in die dag gewerk het moet ons miskien kyk na plan B. Ons restoureer die opstal vir 'n Bali winkel. Dis mos nou 'n kinkel. Dan kan ons bou en breek en skoonmaak soos ons wil. Net snags die duikwerk en so aan doen terwyl ons makietie hou om ons bure en so aan beter te leer ken. Ek sien Hester het ons nog 17 dae op Linkz gegee....wat sê julle van die idee?

- Kameel: Ek keer terug.... miskien net vir 'n rukkie.... en vind Toortsie het terug manlief toe gehardloop.en die hoenders net so gelos. Wonder of sy ooit gaan terugkom vir daardie polisiepartytjie? Nou hoor ek die dominee is ook oppad om die nuwe inwoners te ontmoet. Hopenlik is die Baliwinkel aan die gang by dan, en sal hy niks vermoed as daar soveel vroue hier rondhang nie.
- Lekkervurig: Gee vir die dominee oepsie koffie en dra daai pruik en stilletoes. Dominees is maar ook mense. Laat Una vir hom die nuwe



Bali aankope wys en laat ekmyself vir hom iets uit Josephs Amazing dreamcoat speel, dan dink hy dis gospel....

- Kameel: Lekkervurig ek dink jy moet nou kom en die dominee ontvang..... arme man, hy sal nooit weer dieselfde wees nie.
- Lekkervurig: Ek dra net swart, netnou wil hy duiwels uitdryf, hanteer die situasie en laat Perdebytjie haar werk doen. 😊
- Kameel: Lekker bang vir die dominee nê!!! Seker bang jou gewete gaan jou begin pla.
- Sonell: Hahaha!
- Lekkervurig: Ek het dit lankal verloor.... 😊
- Sonell: Kameel kan die dans van die 7 serpe doen. 🧘
- Sonell: Ja, blykbaar het die klomp op die dorp snuf in die neus gekry met al ons vragte goed. Dominee's is mos goed met uitvis. Maar as hy teveel sien kan ek nie belowe dat hy dit sal kan oorvertel nie. Ek sê maar net. 😊 Wink wink. Nudge nudge.
- Toortsie: Ek sal terugkom vir die polisiepaartie, maar ek het eers my valentyn gaan gelukkig maak! 😊
- Kameel: Ag toggie.... as ekmyself nie na haar boer verlang nie, hardloop jy weg om joune gelukkig te gaan maak. Tot wegkruipertjie vat koers George toe om by haar geliefde te wees. Nou verstaan ek hoekom mans kriminele is.... hulle bly gefokus. Vroumense se gedagtes skarrel oral rond.... dan hardloop hulle lywe agterna.
- Toortsie: Dog dis andersom?
- Kameel: Nope, het jy nog nie daardie studie rondom die man se brein en vrou se brein gedoen nie? Ek dink Abrie sit met sy hande in sy hare oor wat die spul vrouens hier aanvang. Neem hom glad nie kwalik dat hy ons vanaf 'n vêr distansie dophou nie.
- Sonell: O julle laat my so lekker lag! Ek stem met die vroue hardloop agter hul gedagtes aan. Vat bietjie hier vat bietjie daar. Tyd om te fokus! 🤔
- Sonell: Goeie idee! Wanneer slaap ons? In skofte? Dit kan werk.
- Lekkervurig: Ons maak so plan....
- Perdebytjie: Ek is kliphard aan die gons.Gee my net 'n dag kans, om al

my apparaat bymekaar te kry.

- Lekkervurig: Absoluut, Perdybytjie, ons het tyd aan ons kant
- Perdebytjie: Siende ek voor 'n parlementêrekomitee moes verskyn, was ek bietjie van die lug af. Ek word tans ondersoek vir verskeie ou sakies van geldwassery, omkoperij en so aan...my konneksies lê ook tans laag om uit die moeilikheid te bly.
- Sonell: Oeg! Toemaar, ons sal jou Alibi wees. 👍

Kameel: Gits daar hoor ek die elektriese kitaar, en tromme.... die party het begin, en ek is nog nie aangetrek nie. Sien julle later!!!

- Perdebytjie: Die bye het seker al gevlug van al die lawaai!
- Sonell: Haha! Hoop net nie hul zoem die hoenders in nie.
- Perdebytjie: 😊
- Ekmyself: Nee hulle is steeds hier. Erg!!!
- Perdebytjie: Ek is amper oppad...net 'n laaste paar reëlins.
- Ekmyself: Jy vat nou baie lang, die familie van jou is super lastig.
- Sonell: Ja! Ek is al 'n paar keer gesteek... 😞

Ekmyself: Kan julle bietjie dans... almal is so lui... Ons sal in skofte moet dans in skofte moet eet in skofte moet werk en in skofte moet party.... ons kort n paar vitamien B12 inspuitings.... asb!!!! Vir nou gaan ek kyk of daar nog spinasie tert ini yskas is. Ooh ja Toots het muffens en skons gebak en in my oor gefluister dat dit vir die party is. Ek gaan gou die bak haal

- Sonell: Sien jy nie hoe dans ek op hierdie ritme van die dromme nie?
- Toortsie: Ek kom môre terug! 😊
- Ekmyself: Het jy nie Bitcoins wat jy kan verkoop dat Hester tog net hier kan kom nie... maar aan die ander kant, die prys het SO geval jy gaan niks kry nie
- Toortsie: Nee man, ek is laaankal daar uit. En het R200 verloor in die proses, dink ek. Oor Hester, net die volgende: Ek kan jou my kop op 'n blok sit dat sy 'n retoerkaartjie gekoop het Vegas toe. Wie koop enkelkaartjies? Enkelkaartjies is dubbel so duur en ek weet Hester is nie stupid nie. So, óf sy het 'n enkelkaartjie gekoop omdat sy daar wil bly, of sy kyk of ons vir haar grap val. Dis nou my persoonlike mening. En

ek gaan nie val vir daai een nie! Hoe vorder julle dinge?

- Ekmyselfff: Ek hoor jou, gelukkig was dit net R200. Ai die Hester, sy is n ander enetjie, ek skud net my kop. Ek neem Abrie kwalik, hy is baie onbetrokke.
- Toortsie: Regtig ja!

Abrie Joubert: Ek wou terug gekom het terwyl daar nog iets oorbly van Toweropstal maar sien skrywer Sonell wil: “Enigiemand wat hier kom en te veel sien moet van kant gemaak word.” en netnou dink julle ek is Storieklong want dit klink juis of sy doppie geknak is. Of nog erger sy dink dalk ek is die dominee!

- Sonell: Ons moet ons skatte beskerm met alles in ons. Toemaar, jy is veilig. 😊
- Ekmyselfff: Jy is die main captain en jy is nie hier nie, dit is hoekom dinge so uitrafel.... ek neem jou kwalik!
- Kameel: Abrie die dominee..... hoekom wil ek nou lag??? Hi boss, jy sal eintlik ‘n goeie dominee uitmaak. Miskien moet jy die man ontvang wanneer hy besoek kom aflê, julle sal baie lekker gesels.

Lekkervurig: Phew, Abrie. Jy lewe! Jy klink skrikkerig soos ‘n afwesige mafiabaas. Die towerinne mis jou te veel, jy kan jou kuif verseker geen haar sal verlore gaan nie. Soos ‘n held en die verlore seun sal een paartie net vir jou gehou word. 😊

Travel:460: Hoe sê ek dit nou...ek is nog nie heeltemal wakker en by nie. Te veel oorskiet spinasie pastei in, en verbeel my toe ek vlieg twee dae rond om van Bali af terug te kom. Het iemand asb ‘n pilletjie? In my droom ontmoet ek ‘n vrou wat 6 Bali winkels het, en een is in George. Probeer ‘n geselsie op die vliegtuig met haar aanknoop, maar daar slat sy toe. Seker bang ek steel haar idees. My punt is, ‘n Baliwinkel gaan vreeslik aandag trek in die omgewing, en daai vrou hou sommer klaar nie van my nie! As ons iets wil verkoop vir ekstra fondse, gaan dit kwilts en kookboeke moet wees.

- Ekmyselfff: Dankie tog jy het klaar gedroom en is halfpad wakker, ek beplan al weer vanaand se party.... vanaand is dit dan NET Afrikaanse musiek, Toeka tot nou. Dink nie almal gaan daarvan hou nie, maar nou ja. En vanaand beter die res bietjie werk, help nie ek maak elke aand n

hengse geraas en ons party dat die biessies bewe en daar is nie geraas of werk wat gedoen word nie... ek OD al op al die blare. Wie gaan VitB12 inspuitings bring?

- Travel:460: Dalk moet Perdebytjie iewers gaan kry. Wie kan die inspuit werkie verrig? Afrikaanse aand, heerlijk!!! Is daar iemand wat werk terwyl ons lawaai, weet jy dalk? Seker Sonell en...O krisis. Wie? O, Woestynkind! Dankie tog. OD op die blare...Ek sit vir jou en lag hoor. Jy is eintlik baie snaaks.
- Ekmyself: Ek weet nie wie gaan werk nie maar hulle moet roer, die parties put my uit en ek mis my Boer en boonop moet ek bietjie van die blare af, dink ek moet ook n nag of twee huis toe gaan, dalk more lughawe toe en my Boer vir valentynsdag gaan verras, jy sal mos more aand die party sonder my kan doen, asseblief, groot asseblief, se JA! Ek sal by die dam stop en kyk hoe vorder die dam mense met die werke aan jou huis. Ek is steeds vies vir Abrie se afwesigheid.

Kameel: Dan kan ek vanaand vroeg gaan inkruip...met my ore geplug en 'n lekker boek. Geniet julle maar julle Afrikaanse musiek!!! Waar is Christa van Thailand.... moes sy nie al gearriveer het nie? Wat ek wil weet is hoekom dit nodig was vir twee hyskrane!!! Scrapy se gehuurde een staan nog hier.... ag los dit maar... wie gaan ooit 'n vrou se kop verstaan.

# HOOFSTUK 10

## Die byeboerwa is hier



deur [Perdebytjie](#)

Ek is sat gery, maar is net om die draai naby die Towerhuis. Ek het 'n helse BYsige tyd agter die rug. Eerstens moes ek 'n paneelwa steel en ure by die tjopsjop wag om die enjinnommer te laat afvyl en die wa te laat oorsprei. Aangesien dit woes gereën het, wou die verf ook nie droog word nie en moes ek in die lorrietjie slaap, onder 'n helse geroesemoes van saag en kap, soos die gesteelde voertuie by die honderde verwerk word.

Hierdie was 'n goeie oefenlopie vir die verstaan van die werkinge van die onderwêreld. Ek het verskeie bondels geld van hande sien verwissel, self soms in 'n beswying verval vanweë die daggadampe en pappegaaaislaaiwalms van die werkers. Soms het die skote geklap, maar dit was meestal tussen die tjopsjopeienaars, wat nie hou van kompetisie nie. Die paar poliesvêns wat hier gestop het, se boepens uniformdraers is elke keer tevrede met stapeltjies bloues in die hand, hier weg.

Die gewag was die moeite werd, want dis die eindproduk:



Nou wil ek net vir die spul paartiegangsters waarsku. Ek kom in die nag en julle moet asseblief nie skrik as julle my in hierdie [bee protection] soeitjie sien nie.

Vanaand as julle almal slaap, sal ek saggies die BYTJIES uitrook en hulle wegvat in my byeboerwa.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Lekkervurig: Zoem, zoem, Perdybytjie, lyk soos 'n lekker wegkomwa! 😊  
Mede-towerinne, ek is 14h33min van Toweropstal, so ek gaan so in die ry goete bymekaar trek en dan sal ek wat ookal na Perdebytjie se byverdrying moet volg hanteer. Onthou nou ons plan vernader om suspisie van ons aktiwiteite weg te kry. Ons begin “restoureer” aan die bouval om 'n Bali winkel oop te maak. Dit laat ons vry om bedags ook te “werk” Una- is ons winkel al aan die gang uit daai container? Wees veilig en kyk uit, ek hoor gerugte van sameswerings en meelopery... laat weet my enigeiets enige tyd. Scrapy en Woestynkind en Sonell sal julle vanaand goed patroleer en terugvoer gee? Kameel – wie behalwe WordPress het jou aangehou en hoekom kon hy kos kom haal? Is jy reg vir die dominee se besoek. Julle moet nou nie oorboordgaan en al die basaarkomitees oorneem nie, ons het genoeg om te doen. Skenk 'n paar hoenders vir die vleistafel. Dis al. Het iemand die hoenders gevoer, ek dink ons moet hulle laat slag en verkoel kry tot Toorts en Coetzee vir die polieste en bure kom kom braai. Ek moet pak, praat later

weer.

- Perdebytjie: ‘n Wa vol bye sal nie deug vir wegkom nie, maar ons kan altyd suspisieuse snuffelaars daar inboender om van hulle ontslae te raak.
- HesterLeyNel: Haha, julle is wreed!
- Perdebytjie: Ek kyk te veel flieks.
- HesterLeyNel: Nou is jy klaar op pad en ek wou jou gevra het vir ‘n lift. Newwermaaind, ek sal maar langs die pad staan en been wys. Una gaan ‘n winkel oopmaak sê jy? Dalk moet ek sommer permanent aanbly op Toweropstal wanneer die misdaad verby is. Ek het nou my smaak vir rondreis verloor. Ek behoort so oor ‘n dag of twee daar op te daag – hang af wat die ouens langs pad van my bene dink – dan sal ek op datum kom met julle planne en moontlike wysigings.
- Perdebytjie: Una is juis terug met massas Baliprodukte. Ek hoop daar gaan genoeg geld wees vir al hierdie “sidelines” wat julle beplan.
- HesterLeyNel: Ja, daai bankrekening, nè, dit bly ‘n probleem.
- Perdebytjie: Dis amper ‘n geval van “count your chickens before they are hatched”
- HesterLeyNel: Gelukkig het ek nie goedere gehuur en so aan nie. Ek het ‘n alibi – ek was in Vegas.
- Perdebytjie: Tipies van gangsters...blaamverskuiwing... jy begin mooi in die patroon kom!
- HesterLeyNel: Ja? Pasop wat jy sê, as hierdie ding in die hof beland kan ek dalk net besluit om staatsgetuie te draai. EN DAN?
- Perdebytjie: Eish, ek skrik my vrek!
- Kameel: Hester ek sal glo wanneer ek jou sien!!! Ek begin ook ‘n groot liefde vir hierdie ou opstal kry. Die uitsig is net te mooi, en jy moet die voëlgesang vanuit die bome hier agter die huis hoor!!!
- HesterLeyNel: Oeps! Ek bring my kat saam. Ek kon haar nie alleen by die huis los nie.
- Kameel: Woestynkind het Una se kat ook hier aangebring. Nou moet ek hoenders oppas en kort-kort die kat ook verjaag. Nog ‘n kat in hierdie deurmekaar spul sal nie saak maak nie. Ons sien jou môre sê jy??????
- HesterLeyNel: Jajaa, so laatmiddag
- Tannie Frannie: Verskonings, verskonings, Hester!
- HesterLeyNel: Eish. My aandele is maar laag onder die bloggers. Niemand glo meer in my nie.

- Toortsie: Daar is 'n hele sak mielies wat ek daar gelos het vir die hoenders. Ek glo Kameel het gekyk solank ek weg was.

Toortsie: Ek is op pad terug. Waar kan ek jou oplaai?

HesterLeyNel: Nee, ek is klaar opgelaai, dankie Toortsie. Dit mag dalk 'n effe stadige rit wees hierdie ... jy weet? 😊

- Toortsie: Ai jai jai. Ek weet nie, maar ons sien uit daarna om te hoor!



Toortsie: Perdebytjie, ek hou van jou wa!

- Perdebytjie: Dankie Toorts.
- Perdebytjie: Dis 'n dubbeldoelige wa... stel sommer 'n politieke standpunt ook.

- Toortsie: Hy's so kleurvol. 😊

- Toortsie: Zoom away nou ja toe! 😲

- Perdebytjie: Ons hou asem op...dalk verniet né!

- Toortsie: Sommer dadelik die radio gaan aanskakel sodat ek dadelik kan hoor as die perdebytjie suksesvol was. 😊

- Perdebytjie: Ek hou nie my asem op nie

- Toortsie: Ja wat, enige iets kan gebeur. Of nie.

- Perdebytjie: Hy sal mooi inskakel daar in die droogtegeteisterde gebied...aardse kleur.

- Toortsie: As jy dit groen gespuit het, het die beeste dalk kom lek daaraan!

- Toortsie: Vanaand eet ons skilpadjies en skaapstertjies op die kole gebraai. Ek sal kry by die slaghuis. Vir die neusoptrekkers kan ons wors braai. Is Coetzee al daar om te help braai?

- Perdebytjie: Jippie, ek het die regte dag gekies om te kom. Dalk eet ek so lekker dat ek skoon vergeet van die bye.

- Toortsie: Dalk onthou ALMAL van die bye! 😊

- Perdebytjie: As ons vuurmaak, gaan die bye ons klits.

- Toortsie: Nee man, hul gaan bedwelmd wees.

- Ekmyself: Klink heerlik Toorts!



Kameel: Ek gaan seker nou direk weer spamboks toe.... maar ek laaik daardie wa!!!! Hoop nie ek maak jou kwaad nie; die laaste ding wat ek wil hê is om daarin geboender te word tussen die bye in.

- Perdebytjie: Jy is toe nou nie spamboks toe nie. Ek is baie trots op my wa...veral omdat ek hom self gesteel het.
- Kameel: En dan nog in sulke gevaarlike omstandighede moes wag dat hy 'n "make over" ondergaan!!! Ons spul lyk seker maar vir jou mak nadat jy soveel drama aanskou het. Jy lyk na die spook wat hier rondgeloop het in daardie "outfit" van jou.

Thomas Pannenkoek: Over iets meer dan drie weken rijden we bij jullie zelf rond in zo'n karretje 😊 !

- Perdebytjie: O, ek sien uit vir julle onthalwe, Paul. Dis net jammer dat julle nou die ergste droogte in baie jare gaan sien. Dit verander nogal die prentjie van die Kaap. Dit gaan egter steeds vir julle 'n mooi ervaring wees.
- Thomas Pannenkoek: Dat denk ik ook hoor!

Rondomtaliedraai: Oooo hier kom 'n ding!

- Perdebytjie: Tina , ons het die strengheid van 'n onderwyser nou baie nodig. Jy sal moet kom help met dissipline!
- Rondomtaliedraai: Hehehehehe dis baie opwindend ❤️

Ekmyself: Sê asb jy het VitB inspuitings gelaai. My krag is min van al die parties.

- Perdebytjie: Julle gepaartiede gangsters moet vanaand uit die pad bly as ek die bye wil uitrook.

Ekmyself: Ooh ja die musiek tema is Afrikaans... ek sal spesiaal vir jou Byboerwa van Carika speel!!!

- Perdebytjie: Ek het juis 'n lieflike klanksisteem in my wa...ons kan hom op volle desibels ooptrek.

Tannie Frannie: Umm, 'Bytjie, noem jy daardie ontwerp onopsigtelik, so met daai yslike geel by?? Het jy die laaste stukkie spinasietert verorber?

- Perdebytjie: Miskien nou nie so onopsigtelik nie, maar ek het gedink die

kleur sal by die droë omgewing inskakel. Die by moet help dat ek die wa maklik kan raaksien in die nag. Spinasetert het niks gehelp om my oë se nagblindheid te verbeter nie.

- Tannie Frannie: Dis nou jammer, want ek hoor spinasie is so goed vir allerhande skete!
- Perdebytjie: Op my ouderdom werk niks meer nie..lol!
- Toortsie: Lyk my ek moet weer 'n ou spinasetertjie aanmeekaarslaan!

Vvuureoc: Dit is jammer die naam is nie Zumaaway nie! Die anc sal groot geld betaal vir so 'n voertuig

- Perdebytjie: Dis eintlik bedoel as dubbelsinnig...ek is net bietjie versigtig. Mens weet nooit wie is jou vyande nie!

scrapydo2: Ha, nou het ek die kommentaar oop gevang. Met my vreemde tye is ek telkens te laat om n eiertjie te lê. Ek is bly jy is daar om bye te hanteer. Daardie pak van jou kan sommer ongewenste loerders ook weghou. Jy lyk soos n spook met jou donker broek en wit bokant. Regte swewende spook. Hoop nie van die partytjiegangers skrik ook en hol weg nie. Ons het nou die spanwerk nodig om daardie sement te lig. Water uit te pomp of te scuba-dive ondertoe. Onthou ek het ook n hyskraan gebring as die buit vinnig gelaai moet word sal dit werk.


- Perdebytjie: Die klomp kan doen met 'n bietjie skrik. Hulle ruk heeltemal handuit met etery en dansery en verloor skoon uit die oog waarvoor hul daar is.
- scrapydo2: Kom so agter. Mens noem sekere dinge maar hul ignoreer dit net en konsentereer soos jy sê op die eet en raas. Selfs die arme hoender is onrustig. Die katte kom nie eers naby die parkhome nie. Ek's bly ek het nie vir Trompie saam gebring nie. Hy sou hoenders en katte goed laat les opsê. Geniet jou spuitery.
- Kameel: Scrapy hier staan nou twee hyskrane.... Sonell het ook hier met een aangekom om die sementblad te verwyder. Jou drone doen sy ding.... dink Woestynkind maak meer op hom staat as op die span wat veronderstel is om te patroleer. Dinge lyk heel rustig.... dink die bye was 'n groter gevaar as mense van buite af. Hester.... wel Hester.... ons sal maar moet sien of sy ooit te vertrou was. Wou ander planne beraam.... maar toe beland ek in die moeilikheid. So ons is maar op mekaar aangewese. Trek nou lekker daar in NZ en kom terug so gou jy

kan.

- scrapydo2: A aa dis goeie nuus! My gees dwaal daar rond terwyl ek hier inpak. Kinders maak my knieë lam met hul besluite. Nou wil hul eers die nuwe huis uitverf! So, ek hang maar hier rond en wonder. Besig om my skip skoon te maak vir al die goud wat ek gaan kry daar van julle af. Sal dit nie lekker wees nie!
- Perdebytjie: Jy kan mos vinnig hier kom in jou Musk vuurpyl. So jy kan maar die kinders help verf en dan op die nippertjie hierheen skiet.
- scrapydo2: Jong, die spul NZ het nie so baie petrol (brandstof) om sommer vir n heen en weertjie te gaan nie. Gelukkig ken ek die ouens by die lanseerstasie. Sal eintlik dalk Camille se blinde pruik moet leen.
- Kameel: 'n Mens kan groot drome droom met soveel geld!!!
- scrapydo2: En hoe! Gelukkig bly dit drome want die werklikheid bring meestal meer probleme dan geluk met baie geld.

Natuur freak: Leuk verhaal en auto en zorg maar goed voor de bytjies want die zijn er al veel te weinig

- Perdebytjie: Dankie Eveline...ek sal goed vir die bytjies sorg.

travel460: Parkeer jou wa daar langs my container trok, Perdebytjie. Albei is ewe onopvallend. 


- perdebytjie: Ja, ek het jou vaal trok gesien...die twee sal goed inskakel ...haha!

Ekmyself: Ek het heerlijk geslaap, die Opstal is by-loos vanoggend, Bytjie se familie het goed saamgewerk en sy het haar goed van haar taak gekwyt. Ek het al vroeg n lekker stort in die ope gevat en gaan nou bietjie stap, ek hoop die res is wakker en die onbyt reg as ek terug kom.

travel460: Ek is ook nou uiteindelik by. Nie 'n by nie, net by. Uitgeslaap en reg vir die werk. Selfs bereid om te duik as dit moet. Opdrag, ek wag vir 'n opdrag van iemand af, asb.

- Kameel: En ek sit hier en wonder wat wegkruipertjie se taak gaan wees Una. Sy kom en dan verdwyn sy weer. Een nag vir Woestynkind help patroleer... en toe is sy weer weg George toe. Ek verstaan sy duik goed.... maar lekkervurig moet eers hier aankom dat ons sien wat sy gaan aanvang. Sy dring daarop aan dat jy 'n Baliwinkel begin.... ons

moet die opstal solank restoureer. Waar gaan die verf en borsels ens vandaan kom wil ek weet!!!

- travel460: Kameel, ek het altyd verf en borsels by my. Dis sodat ek my wêreld kan kleurvol kry. Flippen afwyking, ek weet. Ek was baie lus om van my hotel kamers ook bietjie by te kom. So ek en jy kan wegspring en begin.
- Toortsie: Ek sal ook help verf, mens maak nie net heeldag kos, kos, kos nie! Ek is bevrees ek gaan die meeste beverf word van almal, maar dis reg so.
- Kameel: Ons sal eers oor die kleur ooreen moet kom... so 'n sagte kleur.... of dink jy aan iets soos daardie wa wat jy hier aangebring het 
- travel460: Ons kan die sagte kleur doen, Kameel. Maar Toortsie wil saamverf, so daar is die moontlikheid dat hierdie in 'n verf-paartie kan verander, en dan gaan dit een bont kleurspul afgee. Niks is gewaarborg eens ons klomp bloggers 'n opdrag uitvoer nie!
- Kameel: Toorts hou ook van bont!!!! Ek dink sterk daaraan om die opstal by die Engelse Lord se nageslag te koop wanneer ek skatryk is.... en dan sit ek nou met 'n bont huis. Dis ok... bring daardie borsels en verf, ek is ook lus vir 'n bietjie aksie.
- travel460: Ek sal baie in jou bont huis kom kuier. Dis nou as ek nie in die villa in Italië rondhang en saam met mense loop en sing nie.
- Lekkervurig: Kameel, julle klomp wat al geruime tyd daar is moet maak asof julle restoureer dis mos nou 'n ideale dekmantel. Begin solank die hyskrane regkry om die metaal deksel te kan verwyder. Ons leen steel en bedel, maak soos ons goewerment ons leer. Wie het nou geld nodig? Ek skryf so in die ry, trek so net voor Bloemfontein. Het eers my Rots met sy stywenekkie moes verpleeg, hy kry swaar. Una, maak seker jy en Wegkruiper kry julle duikpakke reg, julle het mos julle eie? Sonell jy weet wat jy moet doen. Perdebytjie, ek stel voor jy kontak 'n plaaslike byeboer om die bye by jou oor te neem, Christastories gaan vir ons met jou zoem-zoem kan 'n jaagtog oorleef, indien nodig. Lees terug en maak al ons planne "waterdig" Dit sal heel moontlik vir Hester en Abrie baie bly maak. Hulle reken ons kan net paartie en eet en rondhang. Kom ons wys hulle. Gaan lees terug en maak gate in ons plan dig toe. Ek hoop om terugvoer van julle almal te kry.

- Perdebytjie: Die bye is klaar in 'n korf naby 'n bloekomplantasie. Die boer daar het gesê ek kan 'n potjie heuning vir elke deelnemer aan ons misdaadprogram gee, sodra ons klaar is. Oeps! Ek het die aap uit die mou, of is dit die by uit die skoorsteen, gelaat... vir die ou alles vertel! Dof van my né! Nou sal ons moet wikkell voor die polieste kom. Dalkies sal genoeg geld van verkope van die Baliprodukte, kan dien as omkoopgeld.
- Lekkervurig: O eh eh, dinge raak warm....
- travel460: My duikpak is reg. Effens baie knap na al die ge-etary en paarties, maar dit sal sy doel dien. So bly jy is amper hier. Darem het Perdebytjie 'n paar dinge verrig, so ons vorder.

Sonell: Ek is net bly die bye is uit. Dit was ons grootste gevaar. Het enigiemand slange gewaar?

- Toortsie: Die slange is in Rondomtaliedraai se sorg.
- travel460: Tina bring dalk net haar eie slange saam! Sodat sy my met hulle kan verpés!

Perdebytjie: Ek het sommer twee pofadders ook opgeraap, in 'n sak gegooi en saam met die bye weggevat.

- Kameel: Jy is voorwaar 'n brawe vrou.... maar dan weer jy slaap in 'n tentjie daar doer in die boendes waar allerhande gevare rondloop.... dan jag jy hulle met jou kamera.
- Sonell: Ag dankie tog!

Lekkervurig: Scrapy het mos slangverjagers by die parkhome opgesit, vra haar of ons dit kan gebruik by die skoorsteen.

Ekmyselff: Vanaand is dan weer n groot fancy-dress, die tema is sport en stokperdjies, sodat niemand die duikers van iets kan verdink nie, indien hulle dalk verby die sekeriteitspan sou kom. Ek gaan nou help verf, dit klink na groot pret, almal is vol planne met kleur, daar staan heerlike banting koekies en tuisgemaakte lemonade vir almal wat help verf. Ek sal bietjie later die platter uitpak en die musieksentrum opstel.

- Perdebytjie: Julle gaan nou weer so paartie, dat julle vergeet waarom dit gaan!
- Ekmyselff: Nee beslis nie, party is lankal nie meer party nie, dit is nou

“werk” Die werkspan moet nou wikkel sodat ons kan klaarkry. Ek is moeg geraas en geparty, genoeg is ook nou genoeg, dit is amper al n week van elke aand party.

- Perdebytjie: Jy klink effe voos en broos!
- Ekmyselff: Ja man en ek is vies vir Abrie, en my geduld raak nou min met Hester ook... hulle moenie kom kla en kerm as hulle hier kom oor hoe dinge gedoen is nie. Dink jy sal ook voor en broos voel as jy moet partie van die oggend tot die aand. Spinasetert is ook nie meer lekker nie.
- Perdebytjie: Lekker is naderhand nie meer lekker as dit te lank aanhou nie...een van my ouma se gesegdes.
- Ekmyselff: Ja net soos sy se!

Kameel: Ekmyself soebat al hoe lank vir Vitamine B inspuittings... of iets... maar tot dusvêr het niemand dit nog vir haar gebring nie. Ek kannie my gesig in George wys nie, anders het ek dit vir haar gaan kry.

- Ekmyselff: Ek het n vlug gekry, ek gaan my Boer verras vir Valentynsaand, ek sal sommer daar gaan vir n inspuiting en Vrydag terugkom met n voorraad. Miskien voel ek minder bevoetterd na twee aande op die plaas. Julle moet maar party vanaand. Die hele playlist is klaar opgestel op die Appel foon. En soos ek reeds gese het die fancy-dress se tema is sport en stokperdjies. Ek gaan gou die verf af was en skoon klere aantrek, my vlug is reeds 18:00.
- Kameel: Geniet dit.... jy gaan stukke beter voel daarna. Dink nie jy en jou boer moet dans nie.... ontspan lekker saam met hom en kom veilig terug.
- Ekmyselff: Dankie kameel, nee ek gaan beslis nie dans nie en ook nie musiek of TV aansit nie, ek gaan na die voels en die padda's luister en bene in die lug le, glad NIE banting eet nie en geen spinasetert of blare nie...

travel460: So ons verf vir 'n wyle, dan gaan ek en Wegkruipertjie duik? Ek trek sommer nou-al my duikpak aan, dis ok as daar verf op land. Die ding is, as ek eers weer aan die eet raak, kry ek later nie my lyf ingewikkel nie. Selfs die banting koekies gaan spasie vat!

Lekkervurig: Ek het vir julle 'n boodskap gepos. Gaan kuier nou daar verder

– daar is werk om te doen voor julle paartie, of verf of nog slange vang.

# HOOFSTUK 11

## ‘n Reuse Kinkel



deur [lekkervurig](#)

Na Perdebytjie met haar zoem-zoem die bye probleem by Toweropstal sorteer het, gooi sy wraggies die bal hier na my kant toe. Dinge vorder by Toweropstal, maar met rukke en stote. Daar is soveel los drade in ons perfekte misdaadplan. Ek sukkel om by te hou so van ver af.

Soos al die towerinne het ‘n mens se persoonlike lewe ook maar ‘n invloed op jou misdaadplanne. Ek verwonder my hoe Al Capone en diesulkes en die Guptas hulle diewery en boewery gepleeg kry met familie, siektes, gevoelens en so meer ook in die spel.

My Rots is geopereer en moet 12 weke in ‘n nekstut leef, daar is twee besighede om aan die gang te hou. Dankie tog vir Bab en Mielie en Wy – wat sal ek sonder die kinders maak? Rots het ons gister groot laat skrik, maar dankie tog die krisis was toe dat sy nekstut skeef vasgemaak was, en dit het sy nek vreeslik laat pyn... praat van ‘n vaal vaalentyn. Ag ja, en dan wil JZ nou ook nie mooi speel en ons land die beste Vaaltyn ooit gee nie. Rerig, bedank en vat jou hou, man.

Maar genoeg, ek het vanoggend vroeg in Polokwane weggetrek en sal vanaand laat by my Karoohuisie Great Expectations in Graaff-Reinet oorslaap. Dis ‘n lang skof, maar ek wil so gou ek kan by Toweropstal uitkom. As alles na plan verloop sal ek more so teen etenstyd daar wees. Hoop daar is van Toortsie se lekker kos oor.

Geheime boodskap aan al die towerinne: (Highlight om te lees) *moenie dat*



*Abrie en Storieklong die kry nie. Ek is lankal in George, saam met Hester. Ons vermoed al geruime tyd dat Abrie se storie van die skoorsteen en die kelder en die goud, 'n storie is om ons die fokus van aandag te maak sodat hy en Storieklong by die ware ligging van die goud uit te kom.*

*Daarom is Hester kamtig Las Vegas toe, en ek het so lank uit die spel gebly. Ons hou sake fyn dop.*

*So trots op die towerinne wat vir Storieklong bespeur het en hom die wyk laat neem het. Kyk hoe vinnig na Storieklong uitgang is, het Abrie kamtig teruggedraai om te gaan herstrategieer.*

*Wat niemand weet nie, is dat Scrapy se drone "gehack" is. Hy het sonar allerlei vermoëns wat van ver af beheer kan word. So het ons al vasgestel dat daar wel 'n kelder is, maar daar is net 'n klein kisse en 'n geraamte te vinde. Is dit die moeite werd om die kelder binne te gaan – miskien is daar waardevolle inligting wat ons kan help om die goud op te spoor? Sê nou dit is Abrie se Oupagroot? Sê nou dit spook in die kelder?*

*Danksy die Drone is 'n geheime boodskap onderskep – ons vermoed dit is tussen Abrie en Storieklong. Ons sal dringend dit moet ontsyfer voor ons verder aan 'n aksieplan kan dink. Help my dit ontsyfer voor ek en Hester en Rondomtalië en Christa by julle aansluit. Sorg asseblief dat julle almal daar is teen 12h00 more. Hou die opstal en die stasie en die grootpad met valkoë dop. Sonell– gaan in sniper mode as dit moet. Wees versigtig.*

**ONTSYFER VOOR 12h00 15 Februarie 2018. (Miskien is JZ ook al weg...).**

Hier is die nota wat ook ontsyfer moet word: <sup>6</sup>

POLMT

WRV EILFNVMHV RH TVUOLFH. SFOOV YVHVU MRV LMH  
KOVVT WRV KVIUVPV

NRHWZZW MRV

WRV TLFW RH YB HPRNNVOPIZMH HGZHRV RM WRV  
DZGVIGVMP.

DZT WZG SFOOV RM PVOWVI ZUHZP WZM OZZR LMH TLFW  
VM OZZG DZZR.

ZYIRV

(Jinne ek hoop die manne kan spel...)

## Reverse Alphabet

A B C D E F G H I J K L M  
M L K J I H G F E D C B A

N O P Q R S T U V W X Y Z  
Z Y X W V U T S R Q P O N

Hierdie is reusagtig, en ek is onderweg en wendings en kinkels maak die lewe interessant. Sorg dat julle almal laat weet julle sal teenwoordig wees. Sal more as julle almal terugvoer gegee het, 'n plan van aksie blog pos met 'n genomineerde wat die saak verder moet voer.

Lekker kopkrap. Ek is sat gery.

### KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

travel460: Sodra een van julle mede-misdadigers hierdie geheime boodskap ontsyfer het, en ek moet dalk oor iets ingelig word, laat weet my. Op die oomblik is ek weer besig om uit te pass van moegheid, sien glad nie reguit nie. Môre oggend hier teen drie-uur is ek weer katjie van die baan...

- Lekkervurig: Moenie jou Vaaltyn opmors nie. Daar is tyd tot more 12h00. Lekker rus
- Perdebyttjie: Ek sê niks, maar dis alles 'n komplot! Tipies...sekere mense doen al die harde werk en ander sleep Dubai toe met sakke vol geld!
- Lekkervurig: Maar vooruit weet is vir ons 'n geleentheid om te seëvier, ons gaan nie uitstel nie...hehe
- travel460: !!!!! Nou wat nou, Perdebyttjie! Gelukkig hou ons môre vergadering.

Perdebyttjie: Sjoe,dit gaan 'n gemors afgee as niemand hierdie kode kan

ontsyfer nie!

- Lekkervurig: Kyk mooi, alles wat nodig is is in die blog...;)
- Perdebytjie: Ek het seker nou weer onoplettend gelees...nie goed op skool gewees met begripstoets nie!
- Lekkervurig: kyk na alles....

Toortsie: Jô! 🤪

- Kameel: DAAR Is nIE klinkers In Elke wOOrd nIE... sO hOE Op AArdE kAn dIt wOOrde UitmAak? Grieks kan ek nie lees nie!!!
- Lekkervurig: Die oplossing is voor jou oë. Kyk na alles op die blog....



- Perdebytjie: Kyk boaan die blog is die sleutel.

Perdebytjie: Ek sal nou nie die geheim weggee nie, maar sekere mense gaan les opsê as ek my bye op hom/haar loslaat! Die twee pofadders is ook ingesluit!

- Lekkervurig: Ek is bly jy lees slim ...
- Perdebytjie: Jy en Hester is kop in een mus, maar ek moet toegee dis baie slim en as dit nie so aan my sak geraak het nie, baie snaaks!
- Lekkervurig: Ons het vergoeding vir sakke wat geraak is. Filmregte en roem
- Perdebytjie: Agter tralies?...julle rugstekers!
- Lekkervurig: Nee man, ons jy ingesluit, gaan saam vir ander peanuts voer. Bêre daai angel. Jy moet rustig wees.
- Perdebytjie: O ek sien, julle het natuurlik my wa nodig, nou is ek goed genoeg!

Toortsie: O! Is dít die storie?! Vabonde!

- Lekkervurig: More kry ons ons eiers gelê en is hopelik klaar die hoenders in, sodat ons hulle kan uitoorlê
- Toortsie: Ek wonder net of daardie briefie nie geplant is om ons aandag weer eens af te lei nie. Ek is nou so dors vir water ...
- Lekkervurig: O no honour among thieves. Ons gaan misluk as ons tipies elkeen alleen wil staan...
- Toortsie: Nee, maar ons staan saam. Ek dink net daar moet ondersoek ingestel word. Alleen kan ons nie staan nie.

- Toortsie: Ek wou eintlik net 'n clue gee. 😊
- Lekkervurig: Jy is slim, laat die ander bietjie oefen...
- Toortsie: Ook so gedink.

Perdebytjie: Ek sien nou jy is nie deel van die komplot nie. Ons moet saamstaan om die skelms te uitoorlê!

- Lekkervurig: Tyd vir oopkop dink is hier.

Kameel: Wat maak ons nou met hulle? Lyk my dit gaan tog op moord uitloop.

Lekkervurig: Moord is erg, ek dink in die kelder toegesluit met bietjie buit, 'n slang of twee en dan oproep polieste toe....

Kameel: Dink jy ons gaan op die einde darem die goud ook kry.... nie net vergelding nie?

- Lekkervurig: Ek sê mos, hulle word met bietjie buit gelos. Ons kan nie die Krugerskatte nou vir die land los nie. JZ is nog nie weg nie en netnou wil CR buffels koop. Dink ons mik vir rykdom, met bietjie

Robin Hood, roem en salige aftrede. 😊

- Toortsie: En ek wil nie nou meer moord pleeg nie, dit was laas week. Hierdie week wil ek lewe en liefhê.

Rondomtaliedraai: Ooooooo daar oorskat jy my IK heeltemal... my mooi glimlag kan my ook nie red nie

- Lekkervurig: Brei uit....

HesterLeyNel: Nee! Waar en hoe het jy hierdie boodskap onderskep? \*skok\* Nee, eintlik skok dit my ook nie regtig nie. Sonell, ek gee nie regtig om as jy 'n ou moordjie of twee pleeg nie (Toortsie, hou op om jou mind te change). Ons kan altyd 'n lykie of twee in die water wegsteek – vra vir Seegogga, sy sal weet.

- Lekkervurig: Hester,,,,,
- Perdebytjie: Ek het heelyd geweet iets is nie pluis nie...jou kuier in Vegas...jy het die Gryptas daar ontmoet. Ek het vasgestel hulle het jou hotel en casinokostes betaal!
- Lekkervurig: Perdebytjie, jy is te opgeklits. Wees kwaad vir die

manne...

- Perdebyttjie: Ek besef hulle is die ware skelms, maar die feit dat ek Hester aanval, is net soos die Engelse sê, ‘n “decoy”. Dis solank deel van my strategie om hulle gerus te laat voel. Dán slaan ons toe!
- HesterLeyNel: Ha! Alweer die wantroue. Ek gaan vandag daar wees teen laatmiddag, sodat ons mekaar in die oë kan kyk. Dan sal jy die volle waarheid hoor.
- Perdebyttjie: Onthou dis deel van my “decoy” om jou aan te val. Dit hou die manne salig onbewus dat ons weet van hul rugstekery!
- HesterLeyNel: Ah! Nou verstaan ek. Dink jy hulle lees almal hier?
- Perdebyttjie: Die manne is stil..ek dink nie hulle lees hier nie. Die vrouens sal seker weer lees as die volgende opdrag verskyn.
- HesterLeyNel: Almal sit en naels byt.
- Perdebyttjie: Properse misdadigers vertrou NIEMAND nie!
- HesterLeyNel: Dis waar nè? 😊
- travel460: Ek is ‘opgegear’ vir die aanval! Draf op die oomblik sommer om en om die plaashuis om fiks te voel...
- HesterLeyNel: Haha. Ek sit en skommel agter op ‘n plaasbakkie en sal seker laat vanaand daar wees. Hou vir my ‘n slaapplekkie uit.
- travel460: Jou bed is opgemaak. Kan nie wag dat jy hier aankom nie, vandag is ek ietwat alleen. Weet nie waar die ander is nie.
- HesterLeyNel: Hoop nie hulle het bang geword en weggehardloop nie, of nog erger, met die vyand gaan heul nie.

Toortsie: Mind change is deel van my mondering! Ek kan nie help nie! Moord is darem vreeslik erg, en nou met die gezoem van die bye wat weg is, wil ek in elk geval net fees vier. Ek dink ons braai vanaand se polisievlis op en brand die vure hoog en drink sjampanje. Vir die polisie hou ons ‘n bring en braai.

- HesterLeyNel: ‘n Tjoppie klink heerlik. Ons maak die polieste dronk en hou jolyt.
- Toortsie: Ek dink ook so en dan fluister ons sommer ‘n paar goedjies in hulle ore.
- HesterLeyNel: \*skok\* watse “goedjies” – hou liever ‘n paar R100 note byderhand.
- Lekkervurig: Hester, liever “sweet nothings” fluister. Zumpie het ge zokoff, die manne maak huis skoon, laat ons nou nie met omkopery in

die dinges beland nie.

- HesterLeyNel: Ha! Banggat. Jy wil goud steel en money laundering wette oortree maar skrik vir omkoperij?
- Toortsie: Jong, sommer so van sekere manne hier rond!
- HesterLeyNel: O dit?
- Toortsie: Mmmmm

Sonell: Ok, ek is klaar in sniper mode. Nou moet ek net eers gaan slaap anders kan ek nie hierdie boodskap ontsyfer nie.

travel460: Lekkervurig, ek is gereed vir aksie. Daai blierie twee mans! Tweegesigte! Skelms! Misdadigers! Dat Abrie hom nou so heilig gedra het, en dan skaar hy hom by DIE STALKER! Rondomtalie, bring nog slange saam, dis ok. Ons sluit daai twee mannetjies eers toe saam met die vipers, en daarna kan Sonell oorneem. Christa behoort ook 'n paar martel-idees te ken, met dié dat sy vir lank in Thailand was. Daardie land se tronke ken nie genade nie.

- Lekkervurig: Hoe gaan ons hulle daar kry? Gaan ons hulle tuis oorval en ontvoer? Gaan ons hulle mislei en oorval as hulle die goud klaar gelaai het? Hoe kry ons die Vanhelsdingen uit die pad om Klom by te kom? Het iemand al gaan kyk of die goud in die watertenk is? Het iemand dit nie al gegaps nie? Of hou julle wag. Skuus dis maar so in die ry dat die vroe by my opkom.
- Toortsie: En Coetzee het ook heeltemal van die aardbol af verdwyn. Is dit nou 'n seksistiese besigheid hierdie? Die manne teen die vroue? Gmf! Hell hath no fury ...
- travel460: Jip. Hell hath no fury...!

travel460: Sjo, die Vanhelsdingen poppie. Vir haar is ek skrikkerig. Storieklom is geen probleem nie, ons oorval hom en gryp hom aan sy lang baard. Dan is hy magteloos. Abrie is die probleem. Hy is slinks...Maar ek is nie goed met planne uitdink nie, dis julle deel. Ek en Wegkruipertjie het ingedui, maar toe oorval 'n vrees my, en ek gryp haar blou hare vas, klou aan haar...en toe versuip sy amper...Toe raak sy boos en jaag my uit. So ek weet niks. Weet nie of daar goud is nie, weet ook nie waar sy nou is nie...

- lekkervurig: O genade...
- travel460: Storieklom het kontak gemaak. Gaan kyk watse dreigemente

lê op my laaste post... Ek gaan moet undercover gaan. SARS en ek se pad is nie goed nie.

- HesterLeyNel: Dryf sy nie dalk daar rond in die tenk tussen al die goud nie ... ?
- travel460: Mmm. Ek is te bang om te gaan kyk. Ek doen nie goed met mense wat ronddryf nie!
- HesterLeyNel: Nee, ek ook nie 😊 Ek glo nog aan spookstories.
- travel460: Ons het moeilikheid!
- HesterLeyNel: Is scapy daar met haar ghostbustemasjien?
- travel460: Sy is nêrens. Maar Storieklong het hier by Lekkervurig se skrywe opgedaag...
- HesterLeyNel: O hel, ek gaan kyk – jy wou mos STIR!
- travel460: Ek kruip solank in die kleinhuisie weg...Wanneer is jy hier. Ek het 'n regsadvies nodig! Storieklong het groot merakkas gemaak.
- HesterLeyNel: Kalmte suster, kalmte. Kom ons verbind telepaties en dink almal saam, soos een orgasme ... ek bedoel organisme.
- Travel460: !!!!!!!!!!!!! 😊 . Een orgasme. Ek stem saam, dit kan werk. 😊
- Toortsie: Ons vrouens weet mos van daai ding, veral rondom Valentynsdag!

Kameel: Ek lê met 'n lap op my voorkop.... moet oor die skok kom. Dat die boss nou so 'n groot kroek is.... het ek nie verwag nie. Heeltyd nog geglo hy is edel van inbors. Wil net hê wat naregte aan hom behoort.... en is so gaaf om dit met ons te deel. Hoor Hester is vanaand hier?

- travel460: Kameel, SARS soek my. En die tv is oppad! Ons moet aangetrek kom!!!!...
- lekkervurig: Skaam Storieklong dat hy belangrike Misdaad gesprekke op jou Vaaltnblog inskrywing post- Die uil! Hy bluf jou Una.
- Kameel: Una na gisteraand se opkikkery kan jy voor die tv gaan shine. Weet nie waar die kamtige geld vir die Kinderfonds vandaan gaan kom nie.... ons het nog g'n goud gekry nie. Om 'n mens se drome nou so voor jou oë te sien verdwyn vat aan 'n mens.
- travel460: Ek weet! Ek het al klaar geteken vir die villa...!
- Kameel: Ek sê nou vir jou hierdie wêreld gaan na dese te klein wees vir

ons. Ons gaan van oos tot wes gesoek word..... en daar gaan seker nog 'n losprys op ons koppe ook wees. Ek is g'n lus om in 'n tronk te gaan sit na soveel drome nie.

- travel460: Ek het 'n ontsnap roete vir ons in plek, Kameel. Niemand gaan tjoekie toe nie. My skoonsus, daar in Dubai, sy staan reg.
- Kameel: Op die oomblik voel ek soos sy oor wiskunde. Clueless!!!
- travel460: Kom sê vir my baai, ek kruip in die kleinhuisie weg.
- Kameel: Ons almal kruip vandag weg!!! Dat dié brief ons nou so platgeslaan het. Ek wens Toorts wil nou die polisie onthaal.... ons kort aksie.
- travel460: Oeeeeee. Weer 'n paartie! Dié keer met ons polieste outfits...!!!! Ag ok, ek bly nog 'n rukkier. AANGESIEN ALMAL MY NOU SO GAAN MIS.

HesterLeyNel: Ek is al skommelend op pad met 'n meltrokkie. Ook maar goed ek lakteer nie meer nie, anders het ek vanaand daar aangekom met 'n emmer vol melkskommels.

Kameel: 😊 Ai uiteindelik iets om oor te lag!!! Sien uit na jou koms!!!

travel460: O, jy is ekstra skêrp so agter op daai trokkie!

HesterLeyNel: Haha

Toortsie: Watter geure het jy alles? 😂

HesterLeyNel: vanilla, raspberry en tjoklit

Lekkervurig: Vanilla asseblief.

Toortsie: Klink lekker!

Perdebyttjie: Ek sien jou al Hester! 😂

Lekkervurig: Wegkruipertjie, waar is jy? Scrapy sal jy daai drone daar by die stasie laat gaan loer? Ons kan so kyk of iets of iemand in die tenk ronddryf. Ek het so spesmas met die min van ons aan die gesels dat hier slange in die gras is. Sonell loer bietjie deur die teleskoop van daai geweer van jou.

- Storieklong: Die Uile was my heel gunsteling leesstof toe ek nog landcruisers met my baard kon brei, so dis 'n hengse kompliment om so genoem te raak. Of Plasie nou saammet die visse gaan loop swem of nie, dit maak nou nie saak nie. Daai polisie taakspan het immers ook op my geskiet toe hulle oppad was om al my vrinne te gaan arresteer en ek



hulle op 'n dwaalspoor gelei het. Ek hoop regtig julle is netjiesgemaak teen die tyd wat die Teevee mense daar by Toweropstal aankom om die trustees van die nuutgestigte Toweropstal Kindersfonds af te neem vir die 7uur nuus. Weet julle dat dit die grootste enkele welsynskenking in mense heugenis is wat julle gemaak het? Ek is so trots dat julle my blogvrinne is, en veral vir Una wat al die onderhandelings met SARS en die kinderfonds mense via e-pos gedoen het. O ja. Die huilgenoot en Hanlie Retief van die Rapport wil ook asb 'n onderhoud hê

travel460: Ek moet gaan...My container is amper klaar gelaai. Die tv, SARS EN Hanlie Retief? En Huisgenoot? Dan praat ek glad nie van al die skuldinvorderaars wat op my spoor is nie!

- Toortsie: Tel jou woorde Una! 🤪

HesterLeyNel: O sh... wat gaan hier aan? Ek dink my melklorrietjie het 'n pap wiel – gaan nou eers moet aftrek om die wiel om te ruil.

- Kameel: Hester.... maak dat jy hier kom... jy is die een wat vir my bly sê het hou die taak voor oë. As ons nou die hasepad kies gaan ons nooit weet of daardie goud nie nog in die kelder lê nie. Is daar nie iemand met 'n kop op hulle skouers wat ons uit die penarie kan red nie?
- Abrie Joubert: Ek kan en sal lees hieronder L... Ek is nou so ontstig ek het amper jou regte naam gebruik Kameel! Verwerp hierdie leuns
- Kameel: Boss!!!! Hoe bly is ek om van jou te hoor. Ek konnie glo dat jy ons so in die rug sal steek nie. Daar is lig in die tunnel.
- Abrie Joubert: Daar is Kameel daar is (maar ek hoop nie dis 'n trein se lig nie)
- HesterLeyNel: Het Lekkervurig nie gister gesê sy gaan vandag aksieplanne voorlê nie? O, ek sien sy het nou saam met my gearriveer – sien jy die stof van my melktrökkie? Ek's nou daar, dan kan ons hoor wat sy te sê het.

Abrie Joubert: Met die fokus wat ek op St Valentyn geplaas het (soos dit enige ware man betaam) en ander strategiese belange vandag wat my aandag geverg het vandag, kon ek nou eers by hierdie skrywe uitkom. My eerste gedagte was om lekkervurig te komplimenteer dat sy in kode haar opdragte gee. Met die Guptas wat arresteer word en hulle nommer vvm wat nie meer nommer vvm nie, lyk dit of die Valke hulle werk begin doen en moet ons dit

moeilik maak vir diegene wat ons sou wou dwarsboom. Maar o wee, die affere ag ek bedoel Lekker vurige affere het bepaald baie by die Guptas geleer. Misinformasie en vals nuus. Dit is mos nou duidelik dat die skrywe vervals is om van die toneel af weg te kry (nie dat ek op die toneel is nie). Eendragt maakt magt staan op die Krugermunte nie Affere veroorsaak affere nie. Die perfekte misdaad emails is definitief 'n vervalsing. Dames ek voel diep seergemaak ons moet eengesind saamwerk. Daar is genoeg goud om met mekaar te deel en dan kan ons almal kollektief ons voete (en tonge en vingers wat tik) van klei in goud verander. Verwerp hierdie skrywe vir wat dit is, 'n egoïstiese poging om onmin te saai. Ek weet nie van Hester nie maar hierdie affere moet ons dophou.

- Perdebytjie: Wanneer dit by misdaad kom, vertrou ek nie eers myself nie. So Abrie, ek hou jou soos 'n valk dop. Waar daar 'n rokie trek, is daar 'n vuurtjie!
- Lekkervurig: Rerig Abrie skaars 19 minute terug – nou kom saai jy juis onmin. Alles reg. Jy praat darem mooi van iemand waarmee jy nog net 5 sinne gepraat het. Pffft. Hoop ek stel jou diep teleur. My ego is heel goed gebalanseerd dankie. Ek post en tag binne die volgende halfuur – moet net eers my gevangene gemaklik kry.
- Abrie Joubert: Diep diep teleurgesteld

Oo... skurwe rand  
van onregdal  
weer het jy dit reggekry  
om my hoop  
oor die rand te stoot  
en na benede  
te laat val

telkens moes ek oorbegin  
om struikelblokke te oorwin  
my kragte dreineer  
deur tydlose duur  
oor felbrandmuur –  
met 'n vaste wil  
om tot hier te klim (Dricky Beukes)

- Abrie Joubert: Jammer die skrywer van gedig is Driekie Grobler nie Beukes nie
- Lekkervurig: Driekie Beukes het mos sulke ligte novelles geskryf....hehe
- Abrie Joubert: Niemand kan Die Perfekte Misdaad beskuldig dat nie 'n ligte novelle is nie. As die eers geprint is vermoed ek dit gaan swaarder as 'n Kanselbybel wees!
- Lekkervurig: Ons is al by 40000 woorde verby. Jy het 'n punt beet. Ons moet nou op die nuwe post op Inlinkz verder praat. Hester sê so. Sweepklap!

# HOOFSTUK 12

## Eendrag maak mag



deur [lekkervurig](#)

Ek kook so kwaad is ek. Storieklong stop nie met gerugte en chaos nie. Abrie kom speel die eenheid en eendrag kaart na 'n week se afwesigheid. Wil vertel ek is eksugtige Gupta-kloon. Verweer gaan ek nie.

Maar hier is nuus of wat julle ookal daarmee wil maak:

IT spesialiste het die eposse wat kamtig deur Una geskryf is, se IP adres nagespeur. Ai, Storieklong, rerig. Ek het ons verhaal tot dusver aan die Huisgenoot en Rapport verkoop en hulle fotograawe is saam met die polisie onderweg om Klóng te gaan oplaai. Hy gaan nie tronkstraf kry nie, nee hy gaan gemeenskapswerk doen vir 5 jaar, elke Saterdag by die ouetehuis se badkamers. Dis so met die polisie onderhandel. Julle sal seker nie omgee as ons dan die geld vir die kinderfonds of wat ookal Klóng versin het, skenk nie?

Waarom sal ek my enigste maats in blogland so seer wil maak en onmin wil saai? Abrie jou afwesigheid het al hierdie vermoedens laat ontstaan. Jinne, die towerinne noem jou glads Boss. Bly ek stil gaan jy my verder uithaal, en baklei ek, gaan jy my uithaal. So ek los dit maar doodgewoon.

Is julle ook bly oor ons nuwe miljarder President. Hoop net nie hy steek by Trump kers op nie. Maar dis anderdag se gesels.

Julle gaan nie glo nie!

Ek ry nog so tussen George in Toweropstal se rigting en daar staan hy. In sy swartpak aan die sweet en duim in die lug. Athul Gupta. Hy bedel 'n rit na die lughawe. Dis mos nou op my pad na julle toe. Wel, ek het hom opgelaai. Siestog die arme man. Pas voortvlugtig verklaar.

Ek het gestop en toe hy inklim het 'n goeie spuit pepersproei hom kolskoot getref. Tjoef tjaf het ek hom oorrompel en vasgebind. Hy rus nou onder die bakkie se seiltjie. Ek het die polisie en SARS geskakel en hulle genooi om by Toweropstal die gevangene te kom afhaal.

Daar is 'n losprys beding – R5 miljoen. Nou kan julle al julle strokies maar bring, ons betaal almal se geld terug en dan kan ons saam besluit hoe die res verdeel word. Ek het nou net voor die parkhome gestop. Kom help my met ons gevangene asseblief.

Hoop ons kan nou mekaar in die oë kyk en rerig saamwerk om die gerugte en innuendo en dwaalspore stop te sit, te hergroepeer en daai geraamte en kis gaan uithaal uit die kelder en regtig fokus om soos 'n span – ja, Abrie – saam te werk om die skat op te spoor en iets baie goed daarmee doen...

Ek nomineer vir Toortsie om haar paarties te reël soos sy wil. Onthou net dis nou die Valke en SARS beamptes wat ook bykom. Tjeers

KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

HesterLeyNel: GO TOORTSIE!

Abrie Joubert: Hester ek sal mos nou nooit op 'n vorige blog kommentaar lewer as die nuwe een al daar is nie. O? jy het nie na my verwys nie... Ek en my groot bek

- Perdebytjie: Ha, hier peul die skelm skielik uit, na 'n doodse stilte! Lekker planne gemaak saam met Storieklong en die Gryptas!
- Abrie Joubert: Perdebytjie ek hoop nie jy het die Vurige woorde geglo nie. Ek het reeds op die vorige hoofstuk my pyn en teleurstelling verwoord.. Ek was diep gekrenk oor die onwaarhede wat Vurig vertel is. Ek het my beroep op die woorde op die Krugerponde Eendragt maak magt vandaar die titel van hierdie hoofstuk. Maar ek die Vurige een het reeds 'n 'n vredespyp en vonkelsappie gedrink daaroor
- Lekkervurig: Werk, werk want die winter kom. Gaan ons nou af kelder toe om die kis en geraamte van naderby te bekyk....miskien is daar 'n leidraad. Onthou ons het met die drone se sonar vasgestel die kelder is droog en daar is net 'n geraamte en skatkissie te sien. Dis seker waar ons moet oorbegyn, Hester, Abrie?
- Perdebytjie: Goed Abrie, ek sal my hou by 'n skietstilstand, maar ek vertrou nie die vrede nie. Mooi woordjies soos Eendragt maak magt, maak my juis hiper-suspisiesus. Onthou ek is 'n perdeby!

- Abrie Joubert: Wesp hoe is jou hart dan nou
- Perdebyttjie: Daardie geheime brief, Abrie...waar daar 'n rokie trek....

HesterLeyNel: Halloooo almal, ek's hier!!! Lekkerurig, jy weet mos seker dat wetlik gesproke, alle goud wat opgespoor word die staat toeval. Dis NIE wat ons wil hê nie – hulle het jarelank ons belastinggeld ontvang en nog bygesteel. My voorstel is dat ons stilbly omtrent die goud en dit nog steeds verkoop. Ons kan nog steeds geld skenk vir die kinderfonds, maar ek stel voor ons martel die twee kroeks om saam te werk en dan split ons die goud se prys. Wat dink die res van die misdadigers?

- Lekkerurig: Dan moet ons maar ons “restourasiewerk” voortsit. Het iemand nou al die watertenk by die stasie gaan ondersoek, en Wegkruipertjie, waar is sy....
- HesterLeyNel: Sy kruip weg, maar sy sal hier wees om haar deel te doen? Wie vermis ons nog – Christa, Seegogga en miskien Coetsee as hy nog gaan saamspeel.
- Abrie Joubert: Ja ek het en daar is ou water in. Wens ek kon die tenk na my huis in Bellville vat vir die wintersreen. Hulle gaan ons nie vang nie.

Kameel: Van watter kroeks praat jy nou Hester.... die Gupta onder daardie seiltjie ook? Skok!!! Sal nie kan slaap terwyl daardie man daar rondlê nie. Hopenlik kom die polisie en Valke.... spoedig hier aan.

- HesterLeyNel: Nee, ons los hom vir die Valke.

Abrie Joubert: Ek stem hierdie goud bly in die familie – die misdaadfamilie.

- Lekkerurig: Kan ons nou maar 'n glasie klink of pypie rook op vrede...?
- Abrie Joubert: Sommer albei – totale misverstand. Diegene wat nie weet waarvan ons praat nie kan na my langerig kommentaar op einde van vorige hoofstuk gaan kyk.
- Lekkerurig: 🍺
- Abrie Joubert: Gesundheit
- HesterLeyNel: Ja, maar jy sal moet boet vir jou gekonkel. Eers 'n pak slae, net sodat jy weet ons is ernstig en dan kan jy jou geldjies kry.
- Abrie Joubert: Hester?? het Athul jou omgepraat om hom deel te maak van die komplot? Ek neem aan jy praat van hom want ek het nie gekonkel nie. Nee Hester ons moet nou maar erken daar is skelms en

skelms en ek dink ons moet hom maar gereeld van Lekkervurig se peper dieet gee.

Ekmyself: Klink vir my na n goeie plan.

Toortsie: Uiteindelik is jy hier! Welkom

- HesterLeyNel: Dankie!

Abrie Joubert: Ek het nou hardop gelag toe ek hoor daardie Guppy ek bedoel Gupta staan daar langs die pad met duim in lug. Vir oomblik hom met Guppy vis verwar want hy het so gesweet dit het gelyk of sy kop in 'n Goudvis bak was. As hy geweet het wat goed is vir hom het hy arms in die lug gestaan

- Abrie Joubert: Terloops ek was ook op pad na Toweropstal maar kon hom nie erken agter die sweet nie en maar verbygehou. Oppad na Toweropstal het ek sommer by Skimmelkrans verby gery. Waar is al die mense. Daar is jy Hester ek moet bieg ek het gewonder of jy hier gaan opdaag. Jy kan vir Toorts se as sy die peper by die huis vergeet vir haar disse is dit nie 'n probleem nie. Lekkervurig het pepper spray vir 'n vurige skaapboud
- Toortsie: En as jy wonder waar ek is? In die kombuis, natuurlik.
- Perdebytjie: Wat het jy by Skimmelkrans gedoen? Ek sê mos dames, ek vertrou nie die vrede met heer Abrie nie!

Toortsie: Julle skryf gevaarlike goed op openbare blogs! Sê nou verkeerde een lees hier? 🤪

- Abrie Joubert: Ai Toortsie. Dit wat hier staan is encrypted. Hester het mos gese dit is so velig soos 'n onbekermende elektrisiteitskabel en wie gaan dit nou waag om aan elektrisiteit te vat?
- Toortsie: 🤪
- Kameel: Dan daag die tv mense, en joernaliste, en polisie en valke almal op by toweropstal.... en ons word oornag beroemd 😊

Sonell: Oooo jenne! Ek moet terug huistoe. Begin pak vir ons see trippie. Gaan julle ok wees sonder my? Ek gaan nie my foon check tensy dit 'n oproep is nie. Gaan julle mis hoor!

- Kameel: Dankie vir jou harde werk Sonell. Vertrou jy ons om nou pad te

gee.... wat maak ons met jou deel van die goud?

- Sonell: Nee heng! Ek kom weer terug. Haha! Of het julle al geduik? Tussen gister en vandag is ek maar so deurmekaar soos pizza in 'n tuimeldroër...
- Kameel: Die polisie is oppad... ons hou party!!!

travel460: So dis veilig? Ek kan weer oë wys?

- Lekkervurig: Absoluut veilig.
- travel460: Hiers ek. Wat doen ons?

Ekmyselff: My opvangs is skraps... ek kan net hier en daar lees. Ek vlieg more terug. Wie sal my op die lughawe kan gaan haal, asb.

- Lekkervurig: As die polieste vir Atul kom haal het, sal ek met graagte jou kom haal.
- Ekmyselff: Nee ek kan dit nie mis nie... en gaan nie solank wag nie... asb!!!
- Kameel: Lekkervurig ek is nou oor my depressie... my liggaam konnie soveel skokke na mekaar hanteer nie. Wou nog sê jy is voorwaar 'n heldin.... om nou so 'n gerugte misdadiger vrou alleen vastetrek... en nog geld ontvang om almal se skuld te betaal!!!
- Lekkervurig: Man die ou mannetjie los mos werk vir ander om te doen – dit was verspot maklik. Ek reageer soms vinniger as wat ek dink...en skrik na die tyd. 😊
- Kameel: Lag ek nou vir jou!!!

Lekkervurig: Ek is by die lughawe – die ander pas vir Atul op. Ek lees nou sy broer Ajay is ook 'n gesoekte. Daar is maar R50 000 losprys op hom. Ons het 'n goeie ooreenkoms met die polieste se Valke en SARS beding.

- Ekmyselff: Shit, ek is seker hy is saam my op die vlug.... staan asb gereed, ek hou hom dop.... kry gou n paar goed in plek, as jy bevestig dat dit hy is kan ons twee hom dalk OOK vastrek, hy het n groot wit hoed op en n groot bril. Ek sal naby hom bly. Kry vir ons n stof waarmee ons hom kan inspuit en staan reg met 'n trollie! Ons kan geld maak!
- Lekkervurig: Ek bring vir Sonell saam. Wegkruipertjie – maak gou, ons moet vir Ekmyselff gaan help.
- Ekmyselff: Die koerante se nou Ajay is 10 dae gelede land uit, min weet




hulle hy is IN die land en by ons klomp misdaadigers op die Toweropstal – Lekkervurig dit was PUIK werk, dankie vir julle hulp!

Toortsie: Wat kan ons alles op die spyskaart sit? Enige voorstelle?

- Kameel: Braai die tjops waaraan ons nie mag geraak het nie. Manne hou nie van slaai nie. ‘n Pot krummelpap en sous. Ja, ja ek weet dis nie Bantingkos nie!!!
- Toortsie: Ek kan nie krummelpap maak nie, sal jy asb? Ek sal lekker sous maak met pepertjies in.
- Kameel: Natuurlik.... hoe lus kry ek nou daarvoor. Kannie wag vir die polisiebraai nie!!!

Perdebytjie: Julle moet liever vir Atul laat afsak in die water...natuurlik sonder duikpak.Hy sal vinnig gryp na daardie Krugermunte, dan spaar dit ons die moeite.

- Lekkervurig: 
- HesterLeyNel: Hierdie is ‘n UITSTEKENDE plan.

HesterLeyNel: Oeg \*gaap\* ek het so lekker geslaap na al die geskommel daar in die melktrokkie. Ek gaan nou van Toortsie se ontbyt geniet. Mense, moenie my so skeef aankyk nie – daardie outjie wat die melktrokkie bestuur het is ons goudkoper, under cover, en ek het hom saam met my bed toe gevat om ‘n ogie oor hom te hou. Hy kan nie Afrikaans of Engels of enigeen van die official languages praat nie, so ons hoef nie bekommerd te wees dat hy inluister op ons gesprekke of enigiets gaan verklap nie. Toortsie kan maar voortgaan met haar polisiepaartie.

- Perdebytjie: Oeps...saam met jou bed toe??
- HesterLeyNel: Wel, ek het hom aan my vasgemaak met handboeie.
- Perdebytjie: Hygend!Hester!!

Lekkervurig: O jitte Hester, hoop dit was hande bo die komberse. Jy gaan ons orga(nis)me weer die kluts laat kwytraak....

- Perdebytjie: Skerp!
- Kameel: “Al die veld is vrolik; al die voëltjies sing;

al die kriekies kriek daarbuit’; elke sprinkaan spring.  
Al die koggelmannetjies kom om fees te vier;

hier galop 'n goggatjie, daarso dans 'n mier" sing ek terwyl ek vir Toortsie help ontbyt maak. Die Kaap is weer Hollands mense!!!

Toortsie: Wees gewaarsku! Hier is mense tussen ons wat ons nie kan vertrou nie. Ek is mos die kombuistannie en met nou vir die outjie onder die seiltjie ook kos aandra en is hy nou gesellig? Hy vertel vir my goed wat ons almal se hare sal laat rys. Maar ek vertel julle môre daarvan. Intussen, wees uiters

versigtig! Dis al wat ek nou kan sê. 😨

- Lekkervurig: Agge nee, ek dog hier is nou vrede, kyk hoe mooi sing

Kameel dan.... 😊

- Toortsie: Wakker wees. Dis al wat ek nou kan sê.
- travel460: Toortsie, ek wil ook met die kos help. Wat? Hoe?
- Toortsie: Ek sal baie hande nodig hê, dankie. Dis baie mense wat kom. Ek hou daarvan dat mense sommer inisiatief neem. Jy kan sê wat jy sal maak. Dis slaaie. Die vleis moet gesout word, so dis nie te erg nie. Ek dink braaibroodjies ter wille van die Kapenaars en Kameel gaan vir ons krummelpap en sous maak. Wat gee ons vir poeding?

- travel460: Sug...Dalk kondensmelk tert... 😊

- ekmyself: Ja asseblief!
- Toortsie: Dalk moet ek dit effens aanpas. Sal bietjie kyk in my boeke.



- Ekmyself: Toorts enige spesifieke musiek vir jou party? Of kan ons karaoke? Laat weet wat jy dink die beste kan wees? En het jy n tema om volgens te dress in gedagte?
- Toortsie: Ek dink tronkdrag! En jy kan net lekker raserige musiek speel. Musiek wat gees bou. En kareoke is 'n wonderlike plan. Regtig! Ons is 'n lekker span, maar hou tog maar julle oë en ore wawyd oop.

Kameel: Ekmyself, ek kan jou wed Toorts gaan sê tronkklere!!!

- Toortsie: Natuurlik! Hoe dan anders! Ek gaan juis nou my outfit uitsoek.

# HOOFSTUK 13

## Die polisiepaartie



deur [Toortsie](#)

Was dít nou ‘n storie, glo julle vir my! Ek wil amper sê ‘n deurmekaarspul, maar deurmekaar was dit ook nie regtig nie. Eerder vreemd.

Dis polisiemanne, dis Huisgenoot, tiewie, bloggers en dan nog die lot Valke ook wat hier aangevlieg gekom het. Hier het nog ‘n klompie SARS manne ook gekom en ‘n klomp dames van een of ander welsynsorganisasie.

Maar dat ons partie gehou het, is beslis gewis. Ek dog ons moet vir alles sorg, maar hulle het verder gedink: Hul het ook ‘n hele klomp verversings saamgebring, so ons het geëet en die span het gedrink, gedans, gerook en gesels, twee hele dae aanmekaar. Ek dink nie hier is geslaap nie, hier is nie plek nie!

Ag, hul was tog te ordentlik ook nog, ewe vir my vertel hul het nooit geweet spinasietert kan só lekker wees nie! Hul was behoorlik blink om die kiewe van al die skilpadjies en ribbetjies en lekker vet skaaptjops.

Arme Coetzee moes behoorlik bontstaan met die braaiery, maar daar was darem baie gewillige hande wat hom gehelp het. Dankie ook vir almal wat my gehelp het in die kombuis en ekstra dankie aan die span wat aanhou boor en delf het aan ons skat! Dís tog eintlik hoekom ons die polisiepartie gehou het: Om hulle besig te hou solank die werkery aangaan, of hoe?

Soos wat almal mekaar beter leer ken het, het die gesels al lekkerder geraak, die musiek al harder en die dansery al lossier.

Met dié wat ek vir die man onder die seiltjie moes kos aandra, het hy baie geselserig geword. Maar Atul se stories het my baie bekommerd. Ek kon nie

altyd volg wat hy sê nie, hy het soms erg in raaisels gepraat, maar daar is iets wat my bly pla. Hy kon nie uitgepraat raak oor twee goeie vriende van hom nie. Hy sê hul het al baie keer saamgewerk, goeie ouens, sê hy. Hul is eintlik 'n driemanskap.

Hy vertel die een ou is so lief vir boerdery en hy dra altyd 'n hoed en ry graag trekker. Hy sê hy het eintlik verwag die ou sal ook by die partytjie wees, want hy wéét blykbaar van hierdie samedromming.

Die ander een is blykbaar so lief vir bergklim en ken hierdie wêreld baie goed. Hy was blykbaar jare gelede 'n gids by die Kango Grotte, sê hy. Hy sê toe die blok vir hulle familie 'n bietjie warm begin raak het, het hierdie vriend vir hom gesê hy moet hier na Toweropstal kom, dis 'n veilige wegkruipplek, en dan kan hulle drie sommer hul ongedane sake afhandel. Hy verstaan nou nie hoekom hier soveel ander mense ook is nie.

Nou weet ek nie so lekker nie. Ek kry 'n vreemde kouete in my ribbes. Iets voel darem vreeslik verdag, dink julle nie ook so nie?

Ek benoem vir Wegkruipertjie om te gaan ondersoek instel oor al hierdie sake, sy doen dit mos wegkruip-wegkruip! En dan moet sy sommer gaan duik daar in die watertenk ook asseblief dat ons nou vir eens en vir altyd weet wat die ware toedrag van sake is: Is hier goud, of nie?



## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Perdebytjie: Netso, Toortsie! Ek sê heelyd daar is twee slange in die gras saam met daardie Grypta vent!

travel460: Kyk, ek is behoorlik so deurmekaar soos kots...jammer dat ek dit so kras stel! So dit wil begin lyk of DIE TWEE, julle weet wie, wel kop in een mus is? Kyk, ons klomp kan ordentlik paartie! En nogal so saam met die poelieste ook. Coetsee ken van braai, en jou kos was uit die boonste rakke. Ek was natuurlik so bang vir die SARS manne, skoon aan die rook gegaan.

- Toortsie: Hoekom was jy bang vir Sars? Het jy dan iets om weg te steek? Daar is natuurlik 'n ánder vraag: Kan ons die man onder die seil se stories glo? Vir wie glo ons, 'n erkende skelm? Of, hulle wie ons ken? 🤔
- travel460: Dis nou 'n diep vraag hierdie.
- Kameel: Ek glo niks wat daardie man onder die seiltjie sê nie.... hy is 'n uiterste skelm. In elk geval die valke het hom nou hier weg..... so bye, bye!!!
- Lekkervurig: Hallelujer!! Nou kan ons sekerlik daai goud begin soek. Want ons weet nog niks nie. Waar is Wegkruipertjie??????
- Kameel: Laas wat ek van haar gehoor het is toe Una haar byna verdrink het daar in die kelder. Sy is nog nie weer gesien nie!!!
- Lekkervurig: Net so – ek wonder of haar blonde hartbreker haar nie vir Vaaltyn iewers heen gevat het nie... ons moet maar duime vashou sy kry boodskap dat ons haar nou nodig het....
- Toortsie: Ag dis 'n verligting

HesterLeyNel: Jong, ja, ek weet nou nie meer nie. Is hierdie 'n misdadertoneel of 'n hippie-bootcamp? Almal was hoog deur die blare en het vreeslik gelukkig gelyk, veral daai afvaardiging van Kindersorg. Almal was so gelukkig dat hulle nie eens agtergekom het dat ek 'n man saam met my gesleep het wat aan my vasseboei is nie. Carlos. Die goudkoper wat ek saamgebring het van Las Vegas af. HET JULLE HOM OOI RAAKGESIEN? Maar waar is die goud? Niemand stel belang nie – almal wil net banting spinasietert eet.

- Toortsie: Man, as ek nou eerlik wil wees oor wat die sekerste is, die Bantingkos of die goud, wel, ja.
- HesterLeyNel: Ek kry ook daai gevoel, maar Wegkruipertjie weet van duik en as daar iets is, sal sy dit kry.

Kameel: Hester ek krap ook kop oor Carlos!!! Die man is charming.... is hy die prins in jou lewe? Was jy bang Camilla lok hom van jou af dat jy hom so

aan jou vasgeboei het?

- HesterLeyNel: Nee Kameel, hy is die verteenwoordiger van die ouens wat die goud by ons gaan koop, maar ek moet sorg dat hy ons nie 'n rat voor die oë draai nie – jy weet watse skelmstreke kan hierdie sindikate pleeg. Ek hou hom dop soos 'n valk.
- Perdebytjie: Ek dink dis omdat ons nie regtig ingestel is om skelm te wees nie. Partytjies en etes is veel aanlokliker. Maar ek stem saam ons moet nou begin doen waarvoor ons hier is. My Byeboerwa staan gereed om die buit te laai...onopsigtelik daar neffens die skoorsteen.
- HesterLeyNel: Lekkervurig se trokkie is darem ook daar. Ek is net bang beide waentjie en trokkie is bietjie lig in die broek vir die swaar vragte.
- Perdebytjie: Jy moet nou konsentreer Hester. Moenie dat die Carlosmannetjie jou aandag aflei nie. Jy het mos nou al in die moewies gesien, watter fiasko dit kan afgee as die hoofkarakter verlei word!
- HesterLeyNel: My fokus is op die regte plek – die goud!
- Perdebytjie: In Carlos se tande?
- travel460: Lekker lag ek vir jou, Perdebytjie! Skêrp!
- Perdebytjie: Dalk het Carlos nie eers tande nie! 😊
- travel460: Jong, ek het hom so beloer, hy is nogal sag op die ogies hoor. Hester weet hoe om kopers te kies.
- Perdebytjie: Het jy gesien of hy goud in sy tande het? Ek dink dis waarop Hester fokus.
- travel460: Noudat jy dit noem, toe hy 'n stuk spinasietert so hap, toe sien ek net stêre...Dit moes die goud in die tande wees wat so weerkaats. Slim, dié vriendin van ons.
- Perdebytjie: Het Hester hom darem kans gegee om spinasietert te eet?
- travel460: Mmmm. Ek hoop so.
- travel460: Dalk moet ek en jy hom vanaand vasbind en die goud bietjie oes wat so in sy mond rondlê. Net vir 'n neseiertjie se onthalwe?
- Perdebytjie: Soos dit vir my klink, is die outjie al bietjie voos van al die vasbindery. Miskien moet ons hom tyd gee om asem te skep. 😊
- travel460: Ag ok, ons sal genadig wees.
- Kameel: Baie skerp!!
- HesterLeyNel: Whahaha, jy's lelik met my
- Perdebytjie: Hoë bome vang kwaai wind, Hester!
- HesterLeyNel: Ouch, that hurts

- Lekkervurig: Waar is dit. Nie in die kelder nie en oom nie in die stasie se watertenk nie. Abrie, jy moet begin leidrade gee.....
- Perdebytjie: My waentjie se aste is reguit oorgeplant van 'n gesteelde lorrie af...daar in die tjopsjop. Hy sal goed vrag kan vat.
- Kameel: Hester ek moes mos sorg vir die trok..... so not to worry.... een oproep en die trok is hier.

travel460: Hierdie Carlos outjie, Hester. Hy lyk na 'n goeie mens...? Eerlik. Opreg. Of hoe sal jy hom beskryf? Gewillig. Behulpzaam. Hoekom is hy aan jou vasgeboei? Sal iemand hom wil steel? Of was dit 'n paartie trick?

Perdebytjie: Ek wil net vir julle almal sê, hierdie storie wat nou al 'n week aanhou, het my oneindige genot verskaf. Julle is so 'n oulike klomp en ek wens ons kon regtig saam paartie hou! Julle skerp sê-goed is sommer lekker pret. Dankie julle ou klomp skelms!

- Kameel: Weet nie van die ander nie maar ek geniet dit net so perdebytjie. Bars partykeer kliphard uit van die lag..... en die verbeelding van die klomp is fassinerend.
- travel460: Eerlik, ek weet nie hoe ek nou weer gaan regkom as hier uiteindelik 'n einde opduik nie. Pla my eintlik glad nie as dinge stadig gaan nie. Sodra ek alleen begin voel, loer ek net na die nuwe kommentare, en dan kry ek weer woema.
- Toortsie: Ek sekondeer. Ek steur my min aan die goud, die kuier is tog te lekker.

travel460: My grootste bekommernis is kos...As ek moet teruggaan huis toe, sonder 'n Toortsie wat sorg, hoe maak ek dan. Kan ons asseblief nog lank hier bly...

- Abrie Joubert: Word daar al weer probeer om iets in die geheim te doen? Ek sien daar is nie 'n link by Inlinkz nie vir die inligting wat hier gedeel word nie. Dit laat my wonder oor Toortsie. Is haar banting boeke eintlik net 'n verskoning om geheime kodes die wereld in te stuur. Dit klink vir my of Toorts ook ingekry weat Hester se leifdadigheidstannies ingekry het en dat sy drome droom wat vir haar soos tegte gebeure laat voel. Anders as Eskom se eks baas was ek nog nie by Saxonworld Shebeen nie. Ek het so tussendeur die gewerskaf uitgevind dat die Skimmelkrans stasie op munisipale grond is.Daar is mos 'n lekker watertenk daar vir die winterreens wat in die Kaap gaan val. Ek het met my vriend by wie

ek nou die dag gaan eet oppad hiernatoe, gepraat (hy is op die stadsraad en juis die grondsake komitee voorsitter) en dis heeltemal in die haak met hulle ek kan maar die tenk kry en hom per trein vervoer na my huis in Bellville. Anders gaan dit later net 'n onkoste vir hulle wees as hulle dit moet verwyder. Die vervoerkoste is baie minder as die koste van so groot lekker tenk. Ek gaan net 'n paar sterk manne reel om die tenk op

'n trein te laai. My blomme gaan in die Somer kan blom 


- Toortsie: Abrie, jy soek moeilikheid!
- Kameel: Abrie asseblief tog net nie weer nie.... net as ek my vertrou in jou terugkry dan kom daar weer 'n ding. Los daardie watertenk net daar totdat seegogga daar ingeklim het.
- Kameel: Abrie op hierdie Saterdagoggend vergewe ek jou vir vyf minute. Ek het nou kliphard gelag toe ek lees jy sê by die tyd dat ons

klaar is met hierdie boek gaan hy swaarder wees as 'n kanselbybel 

- Toortsie: Abrie is soos'n stout kind. Stout seunskind. Behoorlik aspris!
- Kameel: Toorts ek weet nie meer wie om hier te glo nie.... Una sê sy het amper vir wegkruipertjie verdrink in die kelder vol water.... dan lees ek weer die kelder is droog en daar is net 'n kis in. Abrie het aan die begin gesê my kop in dié storie is nie dronk nie....maar vanoggend is my kop heeltemal dronk. Was ek nie so bang vir noutes nie het ek self vanoggend in daardie skag afgeklim en gaan kyk wat gaan daar aan. Onthou ek het nie spinasietert geeë nie, so ek dink nog redelik nugter. Ek is baie lus en bel daardie mannetjie wat so uit Camilla se hand uit eet, en vra hom om vir my in die skag te klim. Eendrag maak mag se voet, ek voel die rebellie binne my skop. As daardie perd eers opgesaal is loop hy almal voor hom plat.... come what may!!!
- Lekkervurig: Kameel, die skag bekommer my minder as Abrie se beheptheid met die tank by die stasie, en waar is Wegkruipertjie?
- Kameel: Ek wil net uit iemand betroubaar se mond hoor wat gaan in die kelder aan... dan sal ek tevrede wees. En ja, waaaaaar is wegkruipertjie??? Abrie se beheptheid met die watertenk maak my sommer ook de vieste in. Hy het kamtig daar gaan inloer.... maar die goud is nie daar nie. Ek wil die man glo.... maar hy maak dit moeilik. Jy het mos saam met hom 'n glasie geklik (as dit ooit die regte woord is) so wat dink jy lekkervurig?
- Lekkervurig: Ek dink ons moet die skag oopmaak terwyl ons vir



Wegkruiper wag. Miskien is daar 'n leidraad vir ons in die kis en miskien sal die geraamte vir ons duidelikheid gee. Sê nou daar is 'n spook? Iemand sal weer tenk moet in, Una?



- Kameel: Hoekom vra jy nie vir seegogga nie lekkervurig.... sy is gewoon aan al die grillerige goed onder die see? Ek dink ook iemand moet gaan kyk wat nou eintlik in daardie kelder aangaan!!!
- Lekkervurig:
- Woops. Hester het ons nou net gepiets. Baai, ek gaan maar die hoenders geselskap hou. Sien haar inskrywing.
- Kameel: Ek het gaan lees.... myself in 'n ander bloedgroep ingeskrik. Ek het ook gemaak vir die hoenders!!!
- Toortsie: Ek wou die foto's van die tronkpartie opsit, maar ek is nou te bang!
- Kameel: Jy kan maar opsit.... Hester weet die klomp het gisteraand alweer gaan party. Sê sy en Carlos was alleen. Sien nie eers hoe ek die plek onder hulle neuse gespring clean het nie.
- travel460: Kameel, ek en Wegkruipertjie het regtig in water geduik. Jy laat my wonder...Kon ons verkeerd verstaan het? Want hoe kan daar nou nie water in wees nie? Ek is steeds te bang om na haar te gaan soek, want sê nou net. Nou lê ek maar laag. As jou rebellie inskop, ek is saam met jou. Laat hy inklim, ons betaal hom met een van Carlos se goue tande. Hy het BAIE. Ek sê liever niks van Abrie se nuutste idee nie, hy is heeltemal te slim vir my. Meeste van die tyd verstaan ek nie kop of g...t waarvan hy praat nie. Hoekom nou ewe skielik op ander tenks fokus? Wat dan van die kelder? En waar is jy? Ek loop en soek jou al heel oggend.
- Kameel: Hoe moet ek nou kwaad bly en my rebellieperd opgesaal kry as jy my laat lag Una. Carlos se goue tand  Jy sal eers verby Hester moet kom.... sy pas daardie man soos goud op. Ek moes asemskop na Abrie se storie. Loop hier tussen die bome rond en luister na die voëltjies. Hulle het altyd 'n kalmerende invloed op my. Fluister; ek is bang vir myself as daardie perd inskop.... maar as ek hom nie meer in toom kan hou nie laat ek jou weet, en ons vee die wêreld skoon voor ons.
- travel460: Ek en Perdebytjie het dit uitgefigure, Kameel. Hester is agter Carlos se goue tande aan, dié dat hy so agter haar moet aanloop. Die

man se mond is 'n fortuin werd.

- Kameel: Wil jy vir my sê as daar op die einde geen goud is nie.... loop net Hester met die “trophy” weg!!!! Dis tyd vir Camilla om in te skop!!!
- travel460: Ek het gisteraand aan Perdebytjie voorgestel ons bind Carlos vas en ‘oes’ sy tanne. Vir ‘n neseiertjie. Presies wat Hester in gedagte het. Maar ons spring haar voor. Perdebytjie wou nie aan my idee byt nie, sy kry alweer jammer...
- Kameel: Hoe jammer om so ‘n aantrekklike man so te verniel. Sy glimlag is omtrent goud werd. Daardie werkjie kan jy kry.... laat my aan die tandarts dink.... not my favourite place!!!
- Toortsie: Hoe nou? 😨
- travel460: En Kameel, ek is maar bang vir perde. Ek ry nie op hulle rond nie, hulle kan byt en skop. So gebruik asseblief ‘n ander metafoor, iets soos oor leeus. Hulle kan ek nog hanteer. Maar ‘n perd!
- Kameel: Hierdie perd is wild Una, maar “not to worry” (ek kannie eers vanoggend in Afrikaans dink nie so ontstig is ek) ek bind jou aan my vas.... ek weet hoe om hom te ry!!!
- travel460: 😊 !!!!!!!!!!!!!
- travel460: Om terug te keer na Abrie se storie toe...Hoe kan hy nou op watertenks wil fokus as ons goudstawe moet uitduik. Hoe? Ek stap gou daar na jou toe tussen die voëltjies.
- Kameel: Ek wag vir jou. Na lekkervurig se kode klink dit mos of die goud in die watertenk kan wees. Ag kom ons kyk na die voëltjies en vergeet vir eers van die klomp. Wie weet een van die dae sit ons by ons villa in Italië en jy kan.... wie nou weer se loop dophou... en ek sal na sy stem luister.
- travel460: Ek stem saam. Kom ons waardeer die voëltjie sang en kom net tot verhaal. Die troebadoers wat so loop en rondsing, dis na hulle wat ek wil luister in Italië, Kameel. Kyk ook, maar dit gaan oor die amazing geluide wat daardie mannetjies kan voortbring. Sjoë, hierdie klink nou effe verkeerd, maar jy weet wat ek probeer sê.
- Kameel: Una, met al my gelagery is ek weer my ou self.
- travel460: Dan is ek tevrede... 😊
- Toortsie: Ek dink ook, geniet die omgewing, dis lekker. 😊

- Toortsie: Ek dink hier is manne wat ons aan ons neuse rondlei sommer net vir die satisfaksie daarvan.
- Kameel: Mans het nog altyd die lewe gekompliseer Toorts.

Tannie Frannie: Hei-hei-hei! Ek watch jou, ZYIRV!! <sup>7</sup> Umm – het julle die geheime boodskap waarop Lekkervurig afgekom het, ontsyfer, of was julle te besig met paarties?? En spinasietert???

- Toortsie: Ja, ons het dit ontsyfer. Dis as volg: “Klong, Die vroumense is geflous. Hulle besef nie ons pleeg die perfekte misdaad nie. Die goud is by Skimmelkransstasie in die watertenk. Wag dat hulle in kelder afsak dan laai ons goud en laat waai. Die spinasietert? Daar is ‘n geurmiddel met skop in. 
- Tannie Frannie: Nou maar Toortsie, hoekom wonder party van julle dan nog oor die ligging van die skat en vir wat ruk julle nie vir ZYIRV en POLMT in die bek nie? Of is julle besig met misleiding en disinformasie??
- Toortsie: Hulle verwar ons erg. Dalk het ons jou raad en insig nodig omdat jy bietjie verder staan. Ons weet ook nie of hierdie brief nie dalk met voorbedagte rade geplant is nie!
- Tannie Frannie: Ek dink dis die ware Jakob – hoekom anders sou Abrie so hard probeer om ‘n saak uit te maak daarvoor dat hy daai watertenk wil saamvat na sy huis toe?
- Toortsie: Ons is nou al sooo deurmekaar, maar ek is huiwerig om sulke stories van my blogmaats te glo, jy weet.
- Tannie Frannie: Ek verstaan, Toortsie, maar lojaliteit het ook perke...
- Toortsie: 
- Toortsie: Ek voel ook so. Sekere goed is regtig net te dik vir ‘n daalder.

# HOOFSTUK 14

## Chill out



deur [HesterLeyNel](#)

Order! Order! I say, sharrap bloggers, let the honourable member speak. Hierdie misdaad ontaard in ‘n seekat met baie pote as gevolg van al die oor en weer beskuldigings, die bespiegeling en die bakleiery onder mekaar. Ek roep nou op die daad ‘n dringende beraad uit (‘n summit, mense) om hierdie misdaad weer op koers te kry.

Ek het so pas verneem dat Wegkruipertjie landuit is op ‘n dringende duiksending. Sy het weggeduik Mosambiek toe en kom eers Maandag terug. Dis egter van die grootste belang dat ons nou eers ‘n paar oomblikke stilstaan, die onlangse verwickelinge ernstig oordink en beplanning doen. Wanneer Wegkruipertjie dan terugkom van haar sending af, kan sy die diepduik werk kom afhandel. Una, jy mag nie weer saamduik nie, want jy sal jouself en vir Wegkruipertjie versuip.

Wat die “man onder die seil” aanbetref, ek hoop regtig dis waar dat die Valke hom saamgevat het en nee, julle bring nie nog van sy familie hier aan nie. Net vir jou inligting ook, Perdebytjie, ek was nie met die Gryptas deurmekaar in Vegas nie – die outjie wat ek ek saam terugbring het (Carlos) en wat ek so vasgeboei het aan my, werk vir ‘n ander soort besigheid in Colombia. Dis hulle wat die goud by ons wil koop en ek maak net seker dat hy veilig bly. Ek fokus nie op die goud tussen sy tande – ek praat van die goud wat nog iewers by Toweropstal versteek lê.

Of is daar regtig goud? Dis wat talle van die misdadigers nou begin wonder het. Ek verstaan die goud lê iewers onder water – in ‘n kelder of ‘n tenk. My vraag is, hoekom is Abrie so geïnteresseerd in daardie watertenk by

Skimmelperd Skimmelpad Skimmelwhatever se stasie? Ek ruik 'n rot. As daar nie goud is nie of as iemand dit reeds voor ons neuse weggeraap het, presies watse geld gaan ons dan aan die Kinderfonds skenk? Nog erger, waar gaan ek geld kry om vir Carlos huis toe te stuur? Ek kan hom nie hier hou nie, want hy is te jonk om met my kinders te speel. NOG ERGER, wat gaan sy organisasie daar in Colombia aan my doen as hulle agterkom dat ek onderhandel het oor goud wat nie bestaan nie????

Maar ek vra julle nou mooi, moenie verder daar rondkrap en ondersoek instel nie – dit raak nou gevaarlik met die polieste wat so lekker daar op die plaas kuier en als. Wag vir Wegkruipertjie se verslag. Ek verbied julle ook om op hierdie stadium enige moorde te pleeg. Bly net daar by Toweropstal en versorg die hoenders en help asseblief ook uit in die Bali-winkel – dit mag dalk een van die dae ons enigste inkomste wees. Speel mooi, Kinders!

Toortsie, daai spinasietert van jou het 'n eienaardige uitwerking op die misdadigers. Niks meer daarvan nie. En Ekmyself, ek vra mooi asseblief, hou op om Jailhouse Rock so kliphard oor die luidsprekers te speel. Jy weet ons vrek almal oor Elvis, maar op hierdie stadium is dit nie die regte tyd om aan jailhouses herinner te word nie.

Chill out.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

travel460: Ek is by die hoenders as jy my soek. Baai till Monday.

- HesterLeyNel: 😊

Kameel: Ek sal hard probeer om te sharrap Hester. skok!!! Gaan nou dadelik die hoenders voer.

- Perdebytjie: Ek is nou spyt dat die Carlosmannetjie nie vir meer opwinding gaan sorg nie. Daar was ruimte vir sappige skandale en eskapades in hierdie storielyn!
- HesterLeyNel: Dit kan nog gebeur – laat ons net eers seker maak van die goud.

travel460: Dèmm. Ek wou Carlos se tande oes, my mediese fonds wil nie meer vir als regstaan nie...

- HesterLeyNel: Haha. Ek so bly ek het nie meer daai tandeprobleme nie.

Myne het my laat suffer.

Perdebytjie: Die klomp is stil vandag. Lyk my hulle lê hul roes en afslaap na gisteraand se paartie! Hier was hoeka kwaai daggawalms wat ook hier rond getrek het. Ons sal moet 'n kommissie vir dissiplinêre aangeleenthede aanstel. Ek stel voor Tina moet aan die hoof daarvan staan.

- HesterLeyNel: Oeg, hier gaan koppe rol.

Perdebytjie: Ek het nou pas om die Towerhuis geloop. Hier is nie 'n siel nie! My wa is ook weg...ek sweer die spul is dorp toe vir nog 'n jol vanaand in 'n nagklub daar.

- HesterLeyNel: Ek en Carlos is darem nog hier.
- travel460: Hester!!! Nee, jy skok my!!!
- HesterLeyNel: W-w-wat? Hoe?
- travel460: So alleen by die Towerhuis!! Ons het net gou 'n draaitjie gaan ry in die dorp. Glo is daar so 'n oulike live show by die plaaslike hotel vanaand...ons gaan net inloer.
- HesterLeyNel: Ja, ek het gehoor van die Miss Wet T-Shirt kompetisie daar. Het julle toe deelgeneem?
- travel460: Weet jy. Hierrond bly niks ook 'n geheim nie...
- HesterLeyNel: Haha

travel460: Die lorry wat my container rondry, wou nie vat nie. Sorry Perdebytjie. Toe leen ons maar jou waentjie.

- Perdebytjie: Ek het vergeet om julle te waarsku, daar is nog 'n slang agterin!
- HesterLeyNel: Ag, hulle was almal so gesous – as die slang een van hulle gepik het, sou niemand dit agtergekom het nie. Of vermis julle iemand? Dalk moet jy net in die trokkie gaan kyk Perdebytjie.
- Perdebytjie: Ek sal nie verbaas wees as een gedink het die slang is 'n serp en dit om haar nek gehang het nie!
- HesterLeyNel: Whaha
- travel460: Ai Perdebytjie. Lyk my hierdie is my jaar van ape en slange.



travel460: Maar laaste ding. Hester. Jy en Carlos so alleen. Wil jy nie asseblief vir my drie van sy stopsels probeer kry nie. Met of sonder sy

toestemming.

- HesterLeyNel: Nee hel! Weet jy wie sy familie is?! Nie 'n haar op sy hoof of 'n tand in sy mond sal beskadig word op my watch nie.
- travel460: Sug...
- HesterLeyNel: Jaaa ...

scrapydo2: Op n punt van orde: daar sal beslis iets gedoen moet word aan die gefuifery daar op die plaas. Mens moet darem matigheid voor oë hou as mens met grinders, hamers en duikpakke werk. Dan sien ek nog party het n "Wanted" uitgestuur gekry teen hulle. Eks oppad terug met my rocket. Daar beter nou gewerk word ons het nie so baie tyd meer oor nie. Ons lisensie om daar te kampeer verval die 28e Februarie.

- HesterLeyNel: \*sug\* werk, werk. Selfs geharde misdadigers het 'n naweek af nodig om te ontspan.
- Perdebytjie: Rus nou vandag nog lekker saam met Carlossie, maar môre is dit skouer aan die wiel, of is dit lyf in die duikpak?
- HesterLeyNel: Oe, ons gaan swem!
- Perdebytjie: Onthou net om vir Carlossie los te maak as julle gaan swem...saam kan julle dalk sink en verdrink!
- HesterLeyNel: Oukei, ek sal hom aan die bad se poot vasboei. Die vroumense moet hom net nie gaan molesteer nie.
- Perdebytjie: Ons moet juis oppas vir Una. Sy is lus vir daai goue tanne!
- HesterLeyNel: Haha, Una sal nie 'n vlieg seermaak nie.
- Scrapydo: Die klomp het darem n uitstappie dorptoe gehad. Hoop die spanning is bietjie gebreek.
- HesterLeyNel: Dit klink baie rustig

Lekkervurig: Jippee, Scrapy is terug. Jy moet daai drone met sonar aan gaan laat vlieg by Abrie se geliefde Stasie watertenk.....

- HesterLeyNel: Daai tenks is diep en die water wat van die dak af kom is vuil. Weet nie wat die drone gaan uitvoer nie – iemand sal daar moet afsak.

Abrie Joubert: Hester ek het al kommentaar daar by Camilla gaan lewer maar ek moet darem vir jou se ek het lekker gelag vir die SOCA (dis wat SONA die afgelope 8 jaar was).

# HOOFSTUK 15

## Camilla en Ben soek na die goud



deur [Kameel](#)

Met haar blonde pruik en noupassende klere slaan Camilla ‘n eensame figuur waar sy daar in die donker staan en wag. Maar binnekant kook sy. Gisteraand toe almal na ‘n tronkpartytjie George toe is het sy ‘n telefoongesprek tussen Hester en wegkruipertjie gehoor. Hester het natuurlik gedink sy en Carlos is alleen by toweropstal. Wegkruipertjie kan eers oor drie weke weer toweropstal toe kom... en Hester het heel tevrede daarmee geklink. Dit was die laaste strooi; sy wat Camilla is hang nie vir nog drie weke hier rond, voer hoenders en wonder of daar ooit goud is nie. Nee, sy gaan nie langer vir die gek gehou word nie. Sy het dadelik vir Ben gaan bel; in sy oor gehuil oor haar lewe wat in gevaar is as sy nie by môre ‘n antwoord gereed het vir ‘n sekere persoon wat wag op nuus rondom die goud nie. Ben het dadelik die rol van held oorgeneem, en belowe dat hy haar sal help. Sodra die klomp van die partytjie af teruggekom, en alles weer rustig is sal hy haar kom oplaai. Sy moet vir hom onder in die pad wag.

Al bokspringende kom ‘n trokkie aangery. Camilla wuif hom tot stilstand. “O.Ben ek is so bly jy het gekom, ek is so bang,” sê sy met die inklimslag. Sy groot hand vou om hare. “Jy het niks om te vrees nie Camilla, ek sal jou nie in die steek laat nie.” Sy sug verlig, leun nader aan hom en fluister saggies, “Dankie Ben.”

Toe hulle by die dofverligte stasie stop is dit gou duidelik dat Ben sy planne goed uitgewerk het. Op Camilla se vraag of hy alleen sal regkom verseker hy haar dat hy meer as mansgenoeg is vir die taak, en spring onmiddelik aan die werk. Camilla staan langs die trokkie, en kyk om haar



rond. 'n Doodse verlatenheid lê oor die plek. 'n Koue rilling trek langs haar ruggraat af. Sy voel onrustig oor die Kloug. Lekkervurig sê wel hy is gevang en doen nou gemeenskapsdiens.... maar wie sê lekkervurig vertel die waarheid. Dan is daar nog die kodeboodskap... en Abrie. Vererg skud Camilla haar skouers; met hulle kan sy later afreken as dit moet. Verligting spoel oor haar toe sy Ben met sy duikpak aan, en rugsak op die rug die trappies sien afklim. Hy skud sy kop, "Niks nie," sê hy.

By toweropstal is alles nog rustig. Die honde begin blaf, maar kom stertswaaiend nader toe hulle Camilla herken. "Die katrolle en kettings waarmee jy in die skag kan afklim is alles klaar vasgemaak bo-op die skoorsteen" sê sy vir Ben. Hy knik sy kop, bekyk die skoorsteen 'n oomblik en begin dan rats klim. Camilla hou hom angstig dop; kort voor lank gaan die dag breek, en dan sal sy weet of haar drome uiteindelik bewaarheid gaan word of nie.

Die Ben wat heelwat later bo-op die skoorsteen verskyn en byna kop eerste daar afduik is nie dieselfde kalm Ben van vroeër nie. Sy gesig is asvaal, en sy oë staan verstar in sy kop. "Ben.!!! roep Camilla benoud, en begin aan hom skud. "Praat met my Ben.... wat is verkeerd." "Dit sssspooook daarbinne" is al wat sy uit hom kry. Dan was die stories oor die spook tog waar dink Camilla. Maar spook of nie spook nie sy wil weet van die goud. Sy stap die opstal waar die eishmasjien en glase staan binne, gooi 'n stywe dop brandewyn in 'n glas en vat dit vir Ben. "Drink hierdie, dan voel jy sommer gou beter," sê sy in 'n stem wat drup van die stroop; intussen wil sy die man skud dat hy homself so deur 'n spook op hol laat jaag.

Die brandewyn skop vinnig in, en Ben vertel Camilla van sy ondervinding. Die kelder is so driekwart onder water. Hy het geduik en die kelder van hoek tot kant deursoek maar daar is geen teken van goud nie. Dis toe hy homself by die skag wou ophys dat hy in die regterkantste hoek 'n opening gesien, en ondersoek gaan instel het. Die opening het na nog 'n vertrek toe gelei. Met 'n tou wat daar vasgemaak is het hy homself in die vertrek laat afsak. Behalwe vir 'n ou stowwerige kis in een hoek, was die vertrek leeg. Vol vertroue dat die goud in die kis weggesteek is het hy die deksel opgelig....maar daar was net 'n paar ou boeke in. Terwyl hy deur die boeke geblaai het, het hy die aardige gevoel gekry dat hy nie alleen is nie, en toe hy omdraai staan daar 'n ou man met 'n baard agter hom, en wys met 'n beskuldigde vinger na die boeke toe. Ben het teruggedeins, binne in die kis te lande gekom en in die proses sy flits laat val. Toe hy uiteindelik weer die flits in sy hande het....

was die ou man weg.

Met leë beloftes stuur Camilla Ben terug George toe, en stap dan die Parkhome binne. Sonder veel seremonie gooi sy Hester se slaapkamerdeur oop; ignoreer Carlos wat met kaal bolyf in die bed sit en rook, en haar een van sy skitterende glimlagte gee. “Waar is die goud?” Vra sy in ‘n sissende stem, en ruk die kwilt van ‘n nog slapende Hester af. “Die wat,” vra Hester deur die slaap. “Die GOUD Hester, die GOUD wat julle ons belowe het!!” Haar stem het so in volume toegeneem, dat daar oral in die Parkhome nou lewe kom. Deurmekaar hare, en slaapgesigte verskyn meteens van oral. “Vir wat skop jy so ‘n bohaai op dat niemand kan slaap nie?” vra Scrapy. “Wil ek ook weet,” sê Toorts wat nogsteeds haar tronkklere van die vorige aand se partytjie aanhet. “Ag bly stil julle klomp treurige misdadigers!!” gil Camilla nou heeltemal buite beheer van haarself. “Ons is gekul.... daar is nie GOUD nie!!” en met die woorde begin haar skouers ruk, en trane oor haar wange stroom. Haar drome lê aan flarde, en die wiplank ryery van die afgelope weke het uiteindelik sy tol geëis.

Ek nomineer nou vir Una om verder te vertel.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Lekkervurig: Ag Camille, ek was nog nooit so verlig om van die towerinne te hoor nie, al is dit slegte nuus. Genade. Una ek hoop jy kan die sluwe spul aan die kaak stel. Onthou daar is beloninggeld van die Gupta-outjie beskikbaar.

- Kameel: Lekkervurig niks kan my nou troos nie. Ek lê hier met dikgehulde oë en wonder waarheen nou. Die kroek in dié deurmekaar spul gaan les opsê as ek net weer my bearings kan kry.

HesterLeyNel: Kameel! Fantasties, jy moet gaan boeke skryf!

- Kameel: Dan leef ek die heelyd in ‘n fantasie wêreld 😊
- HesterLeyNel: Dis ‘n goeie plek om te wees.
- Kameel: Dink dis bietjie soos om van daardie spinasietert te geeë het.
- HesterLeyNel: Nee, ek sal nou nie weet nie. Ek was mos weer die enigste nugter persoon by die paartie.
- Kameel: Ek eet ook nie die spinasietert nie... maar sien hoe dit ander affekteer. Lyk asof hulle in ‘n onwerklike lewe beland.
- HesterLeyNel: Wel, Alice in Wonderland het ook mooi dinge beleef

nadat sy die magic mushroom geëet het 😄

- Perdebytjie: Daar was beslis bietjie papegaaislaai in daardie spinasietert, maar dit het gesorg dat jy 'n besondere stukkie hierbo neergepen het, Kameel!
- Kameel: Dankie perdebytjie 😊

HesterLeyNel: Nou, net om te verduidelik oor die gesprek met Wegkruipertjie, want ek bly in die moeilikheid en dit nie deur my eie toedoen nie: Wegkruipertjie is op 'n geheime sending vir die regering en kan nie terugkom nie. Ek is NIE tevrede daarvoor nie, maar wat kan ek doen? Hoe moet ek weet hoekom daar nie goud is nie? Dit was nie my storie nie, vra vir Klong en Abrie. Hier sit ek nou met Carlos (wat nou 'n paar tande kort omdat ek hom 'n snotklap gegee het – wat laat hom dink hy kan in my bed rook?). Wat gaan ek vir sy familie vertel?

- Kameel: En net hier het jy nou my trane laat opdroog en laat skaterlag.

Arme Carlos.... tel net die tande op en gee dit vir Una 😄

- HesterLeyNel: Haai ja, Una sal die tande waardeer – die goud daarin meen ek.
- travel460: Haai weet jy, die ongevoelige man. Dat hy nou sowaar jou bed uitkies as 'n rook-zone. Red nou 'n nasie met sulke ongepoetsheid! Sê vir jou familie jy het probeer keer, maar die res van die beddens was

beset. En 'n man het mos darem sy behoeftes... 😊 Jammer, ek is effe snaaks vir myself.

- Kameel: Hester wil hom mos aan haar vasgeketting hou.
- HesterLeyNel: Haha, dis wonderlik as jy jousef amusant kan vind – min mense het daardie vermoë.
- Abrie Joubert: Was dit voor of na die tyd dat Carlos gerook Hester (jy hoef nie te antwoord nie)
- Kameel: Jy kan hoop sy antwoord nie.... anders waai jou tande ook.
- HesterLeyNel: Wel, dit was nie GEDURENDE nie, anders het ek albei sy arms ook gebreek.

- Perdebytjie: 😄

- Perdebytjie: Wat soek hy in elk geval in jou kooi?

- HesterLeyNel: Ek het al vertel 😊 Ek moet hom aan my vasgeboei hou sodat hy nie wegraak nie. Nou kort hy 'n klomp tande. Hoe gaan ek sy pa oortuig dat hy in die kelder gaan speel en sy tande uitgeval het. (Of kan jy aan 'n beter verskoning dink?).
- Perdebytjie: Miskien sal 'n stel splinternuwe goue voortanne die ding doen. Ek weet net nie waar ons nou goud gaan kry daarvoor nie, aangesien die sg goud net 'n "pie in the sky" was. Abrie moet direk verantwoordelik gehou word vir al die moleste!
- HesterLeyNel: Ja, ek wonder
- Kameel: Dink ons moet Abrie gaan teer en veer.... om ons so om die bos... ek bedoel toweropstal te gelei het.
- Perdebytjie: Hy lag heerlijk in sy mou!
- Perdebytjie: As hy weet wat goed is vir hom, sal hy saam met die Gryptas en Duduzani verdwyn!

Ekmyself: \*\*\*\*\* Uitstekend, PUIK! Nee wat, nou verwag ek elke week n one pager kortverhaal van jou, hoor! Jy het nou n standard hier kom stel! Bliksems, ek voel verraai.... geen goud!!!!

- Kameel: Dankie vir kompliment ekmyself... maar net gister gewonder hoe bly enige skrywer in kontak met die wêrklike lewe as die karakters in die verhaal jou brein so oorvat.
- travel460: Ek wonder nogal ook daaroor, Kameel. Mens kan so maklik ontvlugting vind in jou karakters.
- Kameel: Dis rêgtig asof hulle begin lewe Una.

travel460: 🤖 Spook!!!!!!! Ben het die spook gesien!!!!!! O nee, Lekkervurig, nou moet ek eers gelawe word. Bring daai brannewyn en eish... Watwou die sluwe skelms aan die kaak stel! Ek gaan sit, vir lank. So baie skuld gemaak! Nou is die goud elders, IEMAND het ons goud gesteel. Want regtig, Abrie sou mos nou nie só kon jok nie? En ek is SO moeg vir hoenders oppas, sowaar, dis seker wat ek vir altyd in die tronk ook gaan doen, hoenders moet kosgee. Camilla, jy moet nou sterk wees, vir m...vir ons almal se onthalwe. Want regtig, as ek saam met jou aan die huil gaan, vandag van alle dae, gaan ons twee 'n Kaapse dam kan opvul.

- Kameel: Ek het nie eers geld om êrens heen te vlug nie Una. Sit ook gestrand hier tussen die hoenders. Ben het verlief geraak op Camilla....

en sy bestaan nie eers nie... anders kon ek my op hom beroep het. O weë, wat gaan ons doen.

- travel460: So 'n onbetroubare man! Maar ai Kameel, sy is darem so 'n sprankelende ene, en so mooi op haar wikkelhakkies... 'n Man bly mos maar 'n man, jong.
- Kameel: Dis juis... ek sien nie vir die res van my lewe kans vir haar nie. Ek wil sommer net ontspan en Kameel wees.

Lekkervurig: Ek dink ons moet daai geskrifte wat Camille en Ben (is dit die loodgieter???) gekry het bestudeer. Wie onder ons is 'n spookwhisperer? Die Bebaarde spook het na die boeke gewys – miskien is die sleutel na die ligging van die goud daarin versteek.

- Kameel: Gaan jy in daardie spookkelder inklim? Ek moet eers tot verhaal kom.... niks laasnag geslaap nie, en toe die teleurstelling. My brein is nie in staat om behoorlik te dink nie.
- travel460: Kom ons maak gou 'n lysie, en dink wie 'n Spookwhisperer kan wees...Hester, Scrapy, Perdebyttjie, Kameel, Camilla, Toortsie, jy, Woestynkind, Ekmyself, Sonell, en ek. Het ek iemand uitgelos? Moet sê, dalk sal Scrapy dit kan doen. Haar kop is stewig op haar skouertjies vas.
- HesterLeyNel: Wel Una, ek sien jy is volgende aan die beurt. Dalk moet jy dan vir Scrapy nomineer om te gaan hoor hoekom staan en wys daai spook na die boeke? Haar seun het mos vir haar 'n ghostbuster-thingy saamgegee en as daar 'n spookstorie is, wil ek hom hoor.
- travel460: Hierdie klink na 'n blink plan, Hester!
- Ekmyself: Nee moet asb nie op my reken nie, ek glo nie in spoke nie, so ek sal glad nie aan hulle kan "whisper" nie...
- Kameel: Laat jy my lag ekmyself 😊
- travel460: 😊
- perdebyttjie: Ek lyk reeds soos 'n spook. Miskien moet dit ek wees!
- Kameel: 😊 Het jy intussen baard gegroei!!! Moet daardie tert wees.

Ekmyself: Ek lê en lek my wonde, hier onder die boom op die hangmat, ek het gehoop op n ou wilds/bosveldplasia vir my en my boer en nou is dit ook tabooooo, met die dat die verdomde goud weg is....

- Kameel: En my en Una se villa in Italië is ook daarmee heen. Is daar nog 'n hangmat? Is moeg in die kamer gelê en huil. Die spul kroeks wat ons so aan ons neuse rondgelei het.
- Ekmyself: Ja, hier is nog een, stap oor, ek gaan gou vir ons ietsie sterks ingooi, dan kan ons verder suip-en-sanik. Sien jou nou.
- Kameel: Jy laat my alweer lag... ek is vinnig besig om weer myself te vind.

Tannie Frannie: Liewe Towerinne, aangesien Kameel se alter ego so woel daar by die opstal, dink julle nie dis dalk tyd vir Toortsie se Ursula om 'n draai te kom maak nie?

- Toortsie: Ursula het haar laaankal vir my vervies. Sy sing deesdae in die kerk, dis al waar ek haar raakloop.
- Tannie Frannie: 😄
- Toortsie: Ag hoe bly ek is nou die geheim is uit! Ek het nog heeltyd gedink ons word vir die gek gehou, tot voordeel van ander. Daarom dat ek nie wou duik nie (kan nie swem nie), wou boor nie en wat nog alles nie. Ek wou sommer net by wees en die partie geniet, en hoor hier, ek hét! En Dankie Kameel dat jy nou voet neergesit het en die ding opgelos het, anders het ons in Mei 2019 steeds hier gesit en wonder.
- Kameel: Dit was tyd Toorts. Liewe land... ek sit 'n paar kilos van George af.... en daar is mense wat my soek. Sal nog dink ek paartie dan sit ek in die tronk.
- Toortsie: Dan kan jy my outfit leen! 😄
- Kameel: En my foto agter tralies laat neem 😄
- Toortsie: Netso 😄 Daardie tralies is gelukkig baie lig en mobiel, jy sal maklik daaragter kan uitkom.
- Kameel: Ben sal my wel daar uitkry.... al sit ek in Ford Knox 😄 Ai, hoe lekker om 'n held in die verhaal te hê.
- Toortsie: Ja! Regtig waar! Helde is skaars deesdae.

Abrie Joubert: Ek het mos gese daar is net ou water in daardie tenk. Camilla, ek is bly jou held op die lood gieter het opgedaag maar iets klink nie vir my lekker nie. Ben draai dalk 'n storie aanmekaar met sy bobbejaan spanner. Wie

se hy gee nie bloot voor dat hy so verskrik is nie, net om ons daar uit te hou met sy spookstories? Buitendien of Ben of Lekkervurig jok. Lekkervurig beweer en ek haal aan: “Gaan ons nou af kelder toe om die kis en geraamte van naderby te bekyk....miskien is daar ‘n leidraad. Onthou ons het met die drone se sonar vasgestel die kelder is droog en daar is net ‘n geraamte en skatkissie te sien. Dis seker waar ons moet oorbegyn ...”. ‘n Droë kelder? En Ben beweer dis is 3/4 onder water? Maar ek glo eerder vir Ben. Die enigste kruisverwysing vir Lekkervurig se storie is die brief in geheime ink wat sy aan die towerinne geskryf het en daar staan: “Wat niemand weet nie, is dat Scrapy se drone ge”hack” is. Hy het sonar allerlei vermoëns wat van ver af beheer kan word. So het ons al vasgestel dat daar wel ‘n kelder is, maar daar is net ‘n klein kissie en ‘n geraamte te vinde. Is dit die moeite werd om die kelder binne te gaan – miskien is daar waardevolle inligting wat ons kan help om die goud op te spoor? Sê nou dit is Abrie se Oupagroot? Sê nou dit spook in die kelder? Danksy die Drone is ‘n geheime boodskap onderskep – ons vermoed dit is tussen Abrie en Storieklong.” “ons” Wie is die ons waarna sy verwys? Die “ons” is sy, En in haar inklose briefie word geen melding van ‘n droë kelder gemaak nie eers later in haar kommentaar (miskien het die water die ink weggewas). Maar daar word wel melding van ‘n spook gemaak en nou Ben ook. Dalk is die 2 nog kop in een duikpak. Kameel dankie vir jou inisiatief maar ek is nie so seker of die goud nie in die kelder is nie. Miskien moet die drone gebruik word om Lekkervurig dop te hou.

- Kameel: Abrie ek vertrou lekkervurig met haar baie vroeë niks.... sy is te slim. Ek vertrou Ben voordat ek daardie drone vertrou.... noem dit vroulike intuïsie maar ek glo Ben se beheerbaarheid met Camilla is eg. Hopenlik vind scrapy uit of jou oupagroot daar spook!!! Waar die goud is weet ek nie.... maar dit is definitief nie in die kelder nie daarvan is ek nou seker.
- Abrie Joubert: Ja ek stem saam Lekkervurig gebruik haar eie stories as bewys vir haar eie stories. Vertrou jou intuïsie Kameel. Daar is darem een ding wat waar geword in haar kode en inklose blog(die opmerking oor JZ): “ONTSYFER VOOR 12h00 15 Februarie 2018. (Miskien is JZ ook al weg...)”.
- Lekkervurig: Juts en jurie...rerig Abrie
- Abrie Joubert: Ag dankie 😊
- Lekkervurig: Julle kyk te veel teevee. Abrie, jy het in jou crime scene

blog vertel hoe die plek mens mislei. Miskien kyk julle uit die verkeerde perspektief. Towerinne, vra Abrie bietjie oor die ander bouval wat hy

nog wil kiek. Pffft. Daar is die knoop in die storie.... 🤔 O, ja, Abrie, lees weer terug. Hester was saam met my, dis die ons in my pond....met die hack en sonar. Ek het ook vir julle R5 miljoen beskikbaar na die gupta mannetjie, lekker ignoreer julle dit. Lees mense, lees. Hier is

liederelike verdagmakery. Ja, Kameel... 📱

- Kameel: Lekkervurig.... daar bly iets pla rondom jou. Jy doen baie goed... dit stry ek nie... maar iets bly my krap. As jy op die einde onskuldig is sal ek omverskoning vra.... tot dan is daar 'n paar misdadigers wat ek nie oor rustig is nie.
- Abrie Joubert: So 'n kameel se bek kort jam
- Abrie Joubert: In jou guns dit is 'n toweropstal (en ek erken ek het lekker gelag toe jy my blog aanhaal oor die misleiding 😊 Wat teen jou tel. Die 5 miljoen dek net onkoste en is kleingeld in vergelyking met grootoupa se Kruger skat – skat
- Lekkervurig: Dis 'n storie, dorie
- Lekkervurig: “Beware of the verbose few...”

coetzee2014: Verskoon tog, my afwesigheid. Ek was so uitgeput, na die braaiery, dat ek net moes verdwyn. Toe duik daar soveel dinge, onverwags, op, waaraan ek onverwyld, aandag moes gee, dat ek nou maar net af en toe kan lees. Julle verhaal loop baie mooi en daar gaan een of ander tyd, 'n onverwagte wending kom. Sterkte!

- Lekkervurig: Daai wending beter gou kom, die Boss en towerinne soek na 'n sondebok vir 'n soeke na spookasem....
- Kameel: Wonder ook oor die wending. Sit almal in die duister en wag vir wat volgende gaan opduik.
- Toortsie: O, hier is jy! 😊 Dankie vir al jou harde werk met die braaiery. Sjoue, die mense het dit datem geniet.

HesterLeyNel: Ek kan ook nie vir 'n minuut my rug draai nie, dan gryp die misdadigers mekaar aan die keel. Beide Abrie en Kameel is nou oortuig dat Lekkervurig ander motiewe het. Is hier geen eerbare misdadigers hier nie? Probeer Lekkervurig ons om die bos lei of gedra Abrie hom nou weer soos 'n



stout seuntjie. As jy besig is met verdere poetsbakkery Abrie, sal jy gebliksemstraal word. En hou asseblief op met hierdie obskure verwysingskakels van jou; ek probeer BOEK hou van wat aangaan sodat ons die pad vorentoe kan bepaal en jy maak die verslaggewing vir my moeilik. As jy iets wil sê, klim op jou seepkissie en praat sodat almal kan hoor.

- HesterLeyNel: En luister nou vir my, of daar nou water in die kelder is of nie (dit klink vir my of die plek 'n badprop het), ek wil weet van die spookstorie.
- Kameel: Agge nee Hester.... die plek het 'n badprop 😄 Die naam toweropstal is baie gepas.... now you see me, now you don't!!!
- HesterLeyNel: 😄
- Lekkervurig: Lekkervurig sê dankie Hester. My lyf is blou gemoker deur Toweropstal se boelie(s). Ek stem vir daai spookstorie....Una, waar is jy?
- Kameel: Lekkervurig ek probeer ernstig wees oor jou blougemokerde lyf.... maar dis moeilik!!
- Lekkervurig: Jinne, jy moet sien hoe lyk my selluliet en my hart 😞
- Kameel: Ai vrou.... jy laat my nou sleg voel. Selluliet alleen is klaar erg genoeg!!!

# HOOFSTUK 16

## Plot twist



deur [travel460](#)

Uhhh Kameel, voel jy al effe beter, jong? Ek, uhhh, ek het iets wat julle moet lees, maar ek is bang ek stoot jou oor die afgrond...

Hier is 'n brief... Ek kry dié aan my gestuur, en ek broei nou al 'n uur daarop. Broei, soos die henne maak, maar nou is ek doodbang hier kom 'n dubbeldoor eier uit. So ek gaan liewer afklim.

Ek het versterkingkies reggesit, ook 'n paar yspakke vir moontlike beserings. Kom sit jy en Lekkervurig en Ekmyself, jy ook Scrapy, nou rustig onder die sambreel met jul voete hier op die kussings. Toortsie, jy en Perdebytjie hou vir my die noodhulpkissie gereed. Wie is nog hier rond... O wel, ons paartjies hier bymekaar sal die ander maar moet inlig.

Dé, neem 'n ietsie in die hand, en haal diep asem. Diep...

...net nog ietsie; ek nomineer vir Scrapy om volgende oor te neem en die storie agter die spookstorie te ondersoek. Want dat daar 'n storie is, is beslis. Net dalk is dit Abrie se oupa homself wat vir ons iets wil sê. Of vir Abrie 'n boodskap het!

Om terug te kom na die brief, of nee, hier, lees maar self hardop...

*Beste Una,*

*Wanneer jy hierdie lees is ek en Abrie al vêr weg want daar is heelwat mense wat na ons tweetjies soek met moord in hulle harte. Veral Sonell met daai massiewe olifantgeweer en jeukerige snellervinger van haar het ons laat besluit om eerder 'n bietjie laag te lê.*

*Ek hoop die ergste mediastorm rondom julle "skenking" het al bedaar, en*

*dat julle lewens al amper terug is na normaal toe?*

*Eerstens, my en Abrie se opregte spyt dat ons julle in hierdie ding gedompel het sonder enige vooraf waarskuwing, maar ons kon nie seker wees wie om te vertrou nie...en tyd was van die uiterste belang.*

*Kom ek vertel jou 'n storie...*

*In die laat jare tagtig en vroë negentigs het 'n klomp hooggeplaaste manne in die intelligensiediens gesien watter kant toe die wind waai en het hulle onnoembare skatte in goudstawe laat omskakel en weggesteek in 'n paar plekke dwarsoor die land, waarvan Toweropstal een was. Hierdie manne het hulle skatte met 'n houtoog dopgehou en hulle het onmiddelik van julle geweet toe julle begin planne maak. Telefone, eposse, motors...alles van julle is in die fynste detail gemonitor. Abrie, wat 'n ekstensiewe netwerk ondergrondse kontakte het, het 'n voëltjie hiervan hoor fluit en besluit om my in sy vertrou te neem omdat ek nie deel was van die oorspronklike komplot nie, en daarom nie gemonitor was nie.*

*Haarfyn beplanner wat hy is, het hy sy plan vir operasie ROB (Red ons Bloggers) aan my voorgelê. Ek moet erken dat ek eers skepties was, maar Abrie se beredeneerde antwoorde het my uiteindelik oortuig. Ek sou optree as die "decoy" en maak asof ek julle planne in die wiele wil ry, wat vir Abrie die geleentheid sou gee om die ander manne te identifiseer terwyl julle, en hulle, aandag op my gevestig was.*

*Op die aand waarop julle al die goud klaar uitgehaal het, het die intelligensie manne beplan om julle te omsingel, in die skag af te gooi en eenvoudig met die goud weg te ry.*

*Abrie se oplossing was om die kode boodskap van hom na my te laat "onderskep" wat almal op 'n mal jaagtog Skimmelkrans stasie toe stuur. In daardie rukkie wat daar niemand op Toweropstal was nie, het ons die goud op lorries gelaai en dit weggeneem na die reserwebank toe.*

*Ek het met my IT vaardighede jou e-pos adres "geleen" en was in kommunikasie met die reserwebank, SARS en die departement van Welsyn as jyself...weereens jammer daaroor... Ons het vroeg al agtergekom dat daar geen manier was waarop julle met die goud sou wegkom nie, en ons kon dit nie oor ons harte kry dat daar vorige regime skelms daarmee heengaan nie, so die reuseskenking aan liefdadigheid was die enigste opsie.*

*Laat weet asseblief waneer julle minder kwaai is vir ons. Ons wil huis toe kom.*

*Groetnis.*

## *Storieklong Abrie Alliansie (SAA)*

### KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Toortsie: Sug van verligting. Dit was vir my so sleg dat hier wantroue onder ons blogmaats was, wat eintlik veronderstel is om mekaar te vertrou. Ek glo jou, Storieklong en is julle ewig dankbaar dat julle ons eintlik beskerm het, soos ware bloggers betaam.

HesterLeyNel: Wel ... Nou is ek sonder woorde. Maar eintlik het ek altyd geweet Abrie en Storieklong was “goeie” misdadigers, maar daardie Abrie – hy en sy poetse! Ek gaan hom terugkry. Abrie, betaal die regering nie ‘n persentasie van die waarde van sulke fondse uit aan die persone wat dit gevind het nie? Ek dink daar bestaan nog so ‘n “reward policy”. Ek moet geld kry om vir Carlos terug te stuur na sy pa toe (nadat hy by die tandarts was) en my lyfwag te laat terugkom van Las Vegas af – hy soek nog die hele stad vol na my. Una gaan my nie vergewe as ek nie haar nefie terugbring nie.

- travel460: Hester, Lekkervurig het eintlik al lankal vir ons gesê dat sy R5 miljoen kan organiseer deur die Gupta-mannetjie debakel. Ons het haar ietwat geïgnoreer... Jammer daarvoor, Lekkervurig. Ons was erg van ons trollies af vir ‘n ruk. Sal jy asseblief weer detail gee. Ek is diep-diep in die gemors met al my skuld.
- HesterLeyNel: Ek weet nou nie. Die Valke het gesê dat hulle hulself distansieer van alle “rewards” wat aangebied word. Ek is nou OP met misdaad – my senuwees gaan ingee.

Kameel: Ek sit nou hier sonder woorde. As ek gevloek het dou dit nou ‘n goeie geleentheid daarvoor gewees het!!! Bring daardie noodhulpkassie!!!

- travel460: Nee wat, jy gaan vinnig reg wees. Ons moet net koppe bymekaar sit en uitvind of daar ‘n geldjie van iewers af na ons kant toe kan kom. ‘n Paar van ons sit met ernstige geld-krisisse op hande.
- Kameel: Moenie eers praat nie.... en daar is ons villa ook daarmee heen. Hoe was ons so onnosel om onself so om die bos te laat lei.... of soos ek vroeër gesê het... om Toweropstal te laat lei.
- travel460: Ons kan sekerlik nou vir Zuma die skuld gee... Wat sê die gesegde, ‘n vis vrot van sy kop af ondertoe. Dalk was ek en jy net ‘n bietjie oorgretig, bietjie baie. Gelukkig het Abrie en Die Klóng

ingegryp.

- Kameel: Ek verstaan glad nie hoekom Abrie ons in die eerste plek op daardie missie gestuur het nie!! Vererg my sommer weer van nuuts af.
- travel460: Hy sal wel met 'n logiese uitlêg kom, Kameel. Ek is steeds net jammer ek het nie 'n paar van Carlossie se goue tande uitgehaal nie...Ai, kyk nou net. Hier steek die gierigheid klaar weer sy kop uit!
- Kameel: Dis moeilik om jou kop weer in 'n ander rigting te stuur as alles om mens sommer net gaan platval.
- Kameel: Ek is so ontstig dat ek nie eers weet hoe om die kommentaar op my blog toe te maak nie... sit hier en soek na die blokkie wat ek moet tiek... maar tevergeefs.

Storieklong: Al die dokumentasie sal kortliks per kourier by julle afgelaai word. Die pakkie sluit in belastingsertifikate, registrasiesertifikate van die welsynsorganisasie en betalingsbewyse van elkeen se deel van die ontdekkingsfooi wat deur die regering betaal is. Alle uitgawes wat aangegaan is ter wille van die onderneming om die goud te herwin is reeds namens die lede betaal alvorens die oorblywende geld gelykop verdeel is. Soos julle sal sien is dit steeds 'n ruim bedraggie.

Lekkervurig: Sorry oor Italië Una. Abrie ek gaan vir jou ..... my siel het 'n duik in soos julle met met aangegaan het. Storieklong ek hoop jou gemeenskapdiensstraf word opgehef, jammer. Julle askies word sonder voorbehoud aanvaar. Jy ook Kameel!

- Kameel: Dankie dat jy my vergewe lekkervurig.... sorry ek was vol wanvertroue. Dink nie daar was nog ooit so met my kop gesmokkel as in hierdie storie nie. Krap nogsteeds kop oor die geld vir die kindershuis.... ek het gedink dit was die grypman se "reward" geld. Nou hoor ek weer die Valke distansieër hulle daarvan.
- Lekkervurig: Nee man, ons was mos nou voor in die ry, voor almal belonings begin aanbied het en die Valke hulle gewip het. Ons het ons geldjie gekry...onthou in Blogland werk goed soms beter uit as in die regte lewe....hehe.
- travel460: Truly spoken.
- Kameel: Wantroue is die regte woord..... liewe, ek konnie behoorlik dink na die groot skok nie.
- travel460: Dankie vir my boodskap wat jy via Toortsie gestuur het. Jy is

kosbaar, Lekkervurig.

- HesterLeyNel: Ja, ons sal maar vergewe en vergeet \*sug\* Abrie, jy hoef ook nie bang te wees vir die bliksemstraal nie. Hierdie ou vrou is nou net baie ouer as wat sy wou wees. Kom terug Toweropstal toe – ek is seker Toortsie sal ons help om ‘n lekker maaltyd te kook terwyl Ekselff vir ons musiek maak.

Kameel: Ek is bly daar is darem ‘n bietjie geld..... hopenlik genoeg vir ‘n vakansie deur Italië... aangesien die villa nou platgeval het. Hester, ek dink ons almal voel nou ouer na al hierdie katestrofes.

- travel460: Vat vir Ben en gaan hou in Italië vakansie. Jy verdien dit nadat ons hele spul mekaar so rondgejaag het. Ek gaan die Toweropstal bitter baie mis. Julle het my daaglikse bestaan heerlik opgekikker, en ek het kort-kort met ‘n grynslag op my gesig rondgeloop. Of sommer net hard aan die lag geraak.
- Kameel sê: Ek ook Una. Vanoggend gedink daar is so met my kop gesmokkel hierdie afgelope paar weke maar ek gaan Toweropstal en die klomp so mis. Het ook met tye kliphard aan die lag gegaan.... ander kere gevind ek glimlag deur die dag by myself as ek aan ‘n kommentaar dink. Ons was miskien in mekaar se hare... en wantrouerig, maar het mekaar terdeë geniet.
- travel460: Ek dink hierdie kan ‘n interessante tv reeks wees. Soos Hotél. Soms commin, maar eg menslik en bitter snaaks. Ons sal ‘n baie breë spektrum van die Suid-Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig. En kan wys hoe val die pap op die grond, en dan word dit weer opgetel en in ‘n heerlike dis verander. Persoonlik, ek dink ons verdien ‘n hiep-hiep hoera vir hierdie poging.
- Kameel: Het jy iets van jouself hier geleer.... soos in geniun?
- travel460 sê: Dat my blog-wêreld my “drug of choice” is, Kameel. En dat dit vir my uiters belangrik is dat mense wat by mekaar betrokke is, vir mekaar goed moet wees. Dit is vir my baie nodig om in so ‘n environment te beweeg.

travel460: Nog ‘n partytjie...! Ja!!! Hopenlik is ons almal bymekaar, net nie Sonell wat daar vêr by die see is nie. As ons haar weer sien, gee ons haar ‘n paintball gun en hol dan almal weg. Net sodat sy darem die kans kan kry om haar skêrpskut-roetine op te knap.

- Lekkervurig: Het julle Wegkruiper se Val in die tuin op Linkz geles – ons storie is nie verby nie.....
- travel460: Lekkervurig, ek is nou eers oppad huis toe. Moet my eie dinge gaan uitsorteer, en als regmaak wat ek so verbrou het. Maar indien julle verder speel, sal ek af en toe inloer.xxx

Kameel: Ek het redelik baie van myself hier geleer. Dit sluit Camilla uit!!! Ek was nog nooit 'n teamplayer nie.... doen dinge my manier. Die rebellie is nie meer so erg soos in my jongdae nie.... maar ek raak nogsteeds rebels. So dis my confession.

- HesterLeyNel: Ha! Maar nou weet ons almal van Camilla!
- travel460: Aangesien ons nou confess... Ek moet ophou om net alewig alles in 'n besigheid te wil verander. Selfs arme Carlos se tande... 😊  
En my gepaartie moet ook einde kry. Ek is 'n ou vrou, goeiste. Waar is my maniere heen!!!

Toortsie: Vir 'n etery is ek altyd by! 😊

- HesterLeyNel: Niks meer spinasietert nie Toortsie! Ek verbied jou!
- Toortsie: Sonder kruie dalk? 😊
- HesterLeyNel: Jis, ek vertrou jou – gaan voort.
- travel460: Dalk moet jy ons klomp as jou proefpaneel gebruik vir nuwe resepte. Gaan dalk beteken dat jy effe meer op die pad is, maar ons sal sorg dat elke kuiertjie by ons in 'n spesiale geleentheid ontaard. Sommer baie nuwe blootstelling en bemarking ook.

travel460: Ek en jy moet dalk steeds praat oor Italië. Ek moet regtig teruggaan, dis op my lysie van heel belangrikste dinge. Dalk kan ons saamvlieg, ek gaan net agterbly in Rome. Vir tien dae. Dis hoeveel tyd ek daar nodig het. Stap en kyk en voel en wonder en na my asem snak. Dis wat die stad aan my doen.

- Kameel: En daar kan jy beleef sonder dat jy amper op 'n slang trap.....  
en moet bly staan vir 'n foto 😊

Perdebyttjie: Ek is so bly Storieklong en Abrie was toe nou nie oneerlike skelms nie. Ek was nog altyd 'n geheime aanhanger van die twee. Ek was

regtig omgekrap toe ek vermoed dat my helde voete van klei het. In my leeftyd in SA het ek genoeg sulke ontnugterings beleef en nie in my fantasiewêreld hier op die blogs, dit ook verwag nie.

- HesterLeyNel: Oneerlike skelms, haha. Watter ander soort is daar?
- Perdebytjie: Met die voorbeeld wat ons die afgelope paar jaar gehad het, is ek al so deurmekaar, dat ek sowaar dink daar is eerlike en oneerlike skelms 🤔
- HesterLeyNel: 😊

Abrie Joubert: My opregte dank aan Storieklong. Hy was nie net 'n decoy in 'n tyd wat Sonell trigger happy was nie (hy het m.a.w. sy lewe in gevaar gestel) maar het 'n klomp administratiewe reelings en regsaspekte hanteer. As dit nie vir hom was nie, nie sou ons baie minder uitgekry het. Kameel nes Storieklong 'n decoy was, was julle as groep 'n decoy om die aandag van die pre-demokrasie intellegentia af te trek sodat ek en Storieklong hulle valuta kom afneem. (Ja helaas dit het nooit oor die Krugermiljoene gegaan nie). Lekkervurig ek moes wedersyde wantrou saai om die aandag van Storieklong en my af te trek. Ek moes strategies in elk geval gaan herbesin toe die partytjies te vinnig die intellegentia se aandag (en almal in die Suid-Kaap se aandag) getrek het. Dankie aan almal wat hulle uitstekend van hul taak gekwyt het en die obstruksies suksesvol verwyder het vir my en Storieklong om die goud uit te kry. Camilla weet darem wat om met tools te doen. Una ek hoop jou verkopings was 'n entrepreneuriese sukses. Toorts maak vir ons 'n paar koolhidraatvrye creations dat ons kan vier – moenie vir Toortsie se nie maar daar is nog wegsteekplekke – vol aartappels!

- travel460: Dankie tog, Abrie. Aartappels. Jy sê ons het aandag getrek met ons partytjies...Wonder ek nou hoekom. Ons was SO diskreet...
- Abrie Joubert: Sug Una kreet harde kreet ja en dis soos in baie disse wat Toorts gemaak het ja , maar diskreet aikona

Abrie Joubert: Terloops die akroniem SAA het my en Storieklong bietjie dwars in die krop gestee maar ons het besef die storie van die goud moet nou ophou vlieg.

- HesterLeyNel: Mmmm ...
- Lekkervurig: Amen , ja, mmmm.



Lekkervurig: Julle moet nou laat Scrapy vir ons die spook se storie vertel. Ons moet dit immers die proses wen. Wie hou nou nie daarvan nie.

- travel460: Ek het haar genomineer, glo sy sal reageer. Ons wag geduldig, spoke het nêrens om heen te gaan nie.

Rondomtaliedraai: Hehehehehe julle is 'n slim klomp!


- travel460: Ons is, nè Tina. Moes kophou, hoor. Maar regtig, elke blogger het homself oortref!

scrapydo2: Daar ontwaak ek toe vanmore met n gevoelte! Toe ek my pingback sien weet ek daar kom n ding! Ek was mos getroud met n Kruger en daar is n lekker storie aan die goud verbonde. Moet net eers my "marbles" bymekaar kry en die argiewe naslaan oor die spoke.

- Kameel: Ek wag in spanning vir jou storie scrapy!!!

# HOOFSTUK 17

## Val-in-die-tuin



deur [wegkruipertjie](#)

Ek het nou net wakker geword, langs Toweropstal. Die laaste wat ek onthou is dat ek geduik het in die huis in. Selfs met 'n skerp lig het ek na 'n wyle nie meer geweet waar bo en waar onder is nie. Volgende oomblik word ek wakker op Maputu se strand. Enigeiemand weet dat dit onmoontlik is, maar ek was daar. Dit beteken daar moet een of ander tunnel wees van onder die Toweropstal to by Maputu. En as ek nou nie vir my misgis nie is dit mos waarheen Paul Kruger gevlug het voordat hy na Nederland gevaar het?

In elk geval, blykbaar maak die klomp goud van die Kruger miljoene mens mal in die kop (dit kan ook dalk die baie spinasietert wees), seker die dat ek 'n week na Val-in-die-tuin-dag wakker word en al wat ek hoor is iets van 'n kat wat weg is, luidkeels gesing in Hollands en dan nog iets van CR Swart, blykbaar het ons nou weer vir CR en hy's ook swart. Dit maak geen sin nie, niks, nikkies, amper sê ek fokkol.

En dan skryf Una 'n brief waar 'n Storieklong beweer om saam met mnr Abrie een van die good guys te wees. Nou vir my lyk dit daar is net 2 guys en nie een van hulle is good nie. Dalk is my kop nog net deurmekaar, het hulle ons sterre gered? Ek dink ek het borrelsiekte van die lank duik en min suurstof. Kan iemand help asseblief.

In elk geval, ek het wakker geword hier langs Toweropstal en ek het een enkele ene van die goed in my hand. Ek weet nie of ek dit hier of in Lorenzo Marques gekry het nie. Ek weet nie of daar nog is nie. Ek weet nie of die 2 guys dit net laat val het nie. Waar is julle almal? Alweer besig om spinasietert te eet?

Nou ja Scrapy, siende dat ek ongenooï ingeval het met die goeie/slegte nuus, kan jy dan nou maar aangaan.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

Lekkervurig: Ek moes weet daar is 'n kinkel – alles was net te mooi in 'n strikkie vas gemaak!

- Wegkruipertjie: Strikkies pas nie in Storieklong se baard of Abrie se bles nie
- Lekkervurig: Net so, Wegkruipertjie.

HesterLeyNel: Ek hoop jy en Abrie kan ook nou soen ... ek bedoel handskud en opmaak? Ek dink hy ly aan die wilde wegholsiekte! JY KAN MAAR UITKOM ABRIE! All is forgiven.

- Wegkruipertjie: Haha, is hierdie is misdaad of 'n romanse?
- HesterLeyNel: Nee, dit moet maar 'n misdaad wees – ons poging tot 'n hygroman was ook nie te geslaagd nie – onthou jy die storie van die hottentotsgod Hot Lady?
- Lekkervurig: Hester! Jy gaan mense nuwe idees gee.....
- HesterLeyNel: Ek het al klaar 'n nuwe idee ... nie nog 'n misdaad nie, maar iets soortgelyks.
- Wegkruipertjie: Ek sidder
- HesterLeyNel: 😊
- Toortsie: Mens kan nie Hester loslaat met idees nie! 😊
- Lekkervurig: O eh, eh.....
- HesterLeyNel: 😊
- Ekmyself: Ek sien uit
- Lekkervurig: Nee! Dis 'n nuwe genre – 'n misnoeë. Hehe!
- Lekkervurig: Ons het darem besluit buite Toweropstal en die krugerponde is ons vrinne, dis net binne die bestek van die saga wat ons maar sku vir mekaar is. Maar Abrie, kyk, ek waai my witvlaggie.
- HesterLeyNel: Waai suster, waai – hy is ver weg.
- Abrie Joubert: Die kinkel kruip in wegruipertjie se kop weg. Ek het amptelike repliek gelewer op Una se blog. Storieklong se brief is eg.

Storieklong: As jy glo dat Abrie en ek julle stêre gered het. You're welcome!  
Indien nie, say hello to Bubba from me.

- Wegkruipertjie: Niks verkeerd met my sterre nie. Sal hou van so bietjie goud, om hulle weer bietjie opwaarts te kikker 😊
- Storieklong: Ek stuur jou die dokter se besonderhede wat my sixpack laasmaand gedoen het.
- Wegkruipertjie: Stuur goud saam om te betaal vir die spulletjie
- Abrie Joubert: Hierdie is my amptelike repliek op soca (State of the cime address) waaraan Hester ons bekend gestel het en waar ek jou o.a. bedank dat jy jou lewe in gevaar gestel.

Toortsie: Waar WAS jy? En jy's nie ongenooid nie, ék het jou getag, maar Wegkruipertjie het só weggekruip, dat Kameel toe maar solank die stokkie gevat het. Hester, hierdie storie, lyk dit my, is nie 'n boek nie, eerder 'n ensiklopedie. 😂

- HesterLeyNel: Abrie sê dit gaan so dik soos 'n "kanselbybel" wees. Haha.
- Wegkruipertjie: Regte misdadigers se tip-boek
- HesterLeyNel: Tips oor hoe om dit NIE te doen nie? 😊
- Wegkruipertjie: Netso, on klomp is hopeloos te geintriseerd in die spinasietert
- HesterLeyNel: Neem jy ons kwalik? Dis die senuwees wat knaag.
- Wegkruipertjie: Ek dink dis ons wat te veel knaag. Bel vir Toorts, sy moet nog bak en bring. Om op te maak vir die verlies aan goud en belonings-gelde, kan ons spinasie-tert verkoop
- HesterLeyNel: Ons het darem nou beloningsgelde te danke aan Abrie en Storieklong. Kan ons nie net 'n rukkie lank rustig en onmisdadig leef nie, asseblief?
- Toortsie: Ek is nou op tiramisu! Spinasië is outyds. In my Tiramisu kom Frangelico!
- Wegkruipertjie: As dit dieselfde skop het sal ons moet probeer
- Toortsie: Selfs beter! 😊
- Toortsie: Net so! 😂

Wegkruipertjie: Ek dink ek was Maputu toe om daar te gaan goud haal, of dalk nie. Ek wens self ek weet waar ek weggekruip het

- Kameel: Jy het omtrent weggeraak. Ek het ook al gewonder hoe Una sê sy het jou amper verdrink in die kelder.... en toe is jy net weg!!!

Welkom terug 😊

- Aletta – nowathome: Dankie dat jy my blog volg!! Klink na pret hier by die bloggers
- Perdebytjie: Ek is bly jy is hier, al is jy bietjie deurmekaar. Moenie jou kop breek oor die twee manne nie, eintlik is hulle die helde in die verhaal.
- Rondomtaliedraai: hehehehe ek geniet veral die kommentaar baie
- Sonell: Ek loer vanaand net gou in vanaf my vakansie hier in Ballito. Ek het duidelik al die aksie gemis sedert Vrydag... Sal maar opvang wanneer ek terug is by die huis. Julle hou hierdie ding opwindend hier

op Toweropstal! 😊

- scrapydo2: Ha ha, nou maak jy my spookstorie nog interessanter. Ooooo ek sal met die klomp geeste moet kommunikeer sodat ons darem suksesvol kan wees met ons hele operasie. Gee my net so bietjie tyd dan vertel ek alles.

# HOOFSTUK 18

## Toweropstal se spoke



deur [Scrapydo2](#)

Ekstra inligting net om almal lekker aan te moedig om saam te werk!

Hierdie historiese berekening deur 'n historikus word bevestig onafhanklik deur Lord Alfred Milner wat bevestig dat 1 294 000 Britse Pond tussen 29 Mei en 4 Junie 1900 uit die Mint en Nasionale (de facto Reserwe) Bank asook 2 500 000 Britse Pond vanaf die Myne verwyder is en dat bewys kan word dat minstens 800 000 Britse Pond se Goud voorraad nie bereken kan word nie en vermis word. <sup>8</sup>

Wees gewaarsku: Die volgende skrywe is nie vir mense met swak harte en allerhande vrese nie.

Ek gaan gou n bietjie terugblaai na die begin van ons avontuur daar op die plaas Toweropstal.

Kameel het my opgekommandeer om te help om die bouvalle skoon te maak en ongewenste insekte en gediertes te verwyder, wat ek gedoen het.

Toe ek aanland met my Musk-vuurpyl en Tesla moter het ek dadelik gaan kyk na die opstal. Ek stap oor die drempel van die huis die dag. My nekhare begin rys. So n rilling loop langs my ruggraat af.

Ek stop net daar waag dit nie om n stap verder in te gaan nie.

Nou moet julle weet: ek is in regstreekse kontak met Siener van Rensburg in my werklike lewe. Hy kontak my nogal gereeld met visioene. Dis toe net daar waar Siener my waarsku om eers terug te staan en te mediteer en ook om hulp te kry. Gelukkig ken ek redelike sterk gedagtegeange om my in a trans te laat gaan sodat ek kan uitsorteer wat aangaan.

Toe ek nou mooi diep in my trans is – julle sal nie raai wie daag toe op nie! Einste oupa -Groot Piet Joubert met Paul Kruger aan sy sy.( Ek was mos getroud met n Kruger en hy het my n paar goeie Kruger aanwysings gegee)

Ek skrik my oor n mik. Die twee ou ooms sweef hier voor my. Hulle kuier te lekker. Elk met n pyp en koppie koffie. Die volgende gesprek het plaasgevind.

“Ai Paul, jy weet daar is ook nie rus vir n ou mens se siel nie. Hier is n klomp vreemde mense besig om te grawe.”

“Ja, my vriend! Ek is bly jy het in jou dagboek aangeteken waar ons die buit gebêre het. Hierdie mense het ongelukkig die verkeerde tunnel gebruik en kom toe in MOsambiek uit terwyl die die kisse hoog en droog gebêre is net voor jy die water kry.”

“Paul, hul sal maar moet lees om die regte tunnel te kry. Hul is gelukkig warm op die spoor.”

Die twee ou ooms besluit toe om n bietjie hier te vertoef om die bedrywighede dop te hou en ook sommer n bietjie te spook as dit te lawaaierig is.

Skielik is daar n harde slag en ek skrik dat ek so wip. Dis toe Kameel wat kom kyk hoekom ek so sit en droom. Ek vertel haar toe die storie. Sy val toe flou en ek moes haar eers lawe.

So liewe vriende en mede misdadigers julle moet soetjies loop. Die twee ou ooms hou julle dop.

## KOMMENTAAR DEUR BLOGGERS

lekkervurig: Ingelse ponde né.

- scrapydo2: Ja, nou kan die avonturiers verder soek na ponde ook.

Toortsie: Genade! My swak hart!

- scrapydo2: Jammer Toorts ek wou dit nie vroeër bekend maak nie want dan sou die klomp blog-boewe dalk verdwyn het van die toneel.

- Toortsie says: 🤔

Kameel: En toe besluit ons om vir die ander te sê die spoke is weg want jy het hierdie masjientjie wat spoke verdryf. Ek het jou baie kwalik geneem dat jy kort-kort NZ toe is op ‘n kamtige huisskoonmakery aan daardie kant.

- scrapydo2: Sug, dis moeilik om n dubbele lewe te lei. Jammer ek het jou

so laat skrik.Het dit nie so bedoel nie. My praterij met die twee ou siele het my onkant gevang. Was skoon half die kluts kwyt vir n tydjie.

Tannie Frannie: Ahaaa! Gelukkig is bloggers ywerige lesers. Gryp daai ou boeke, Towerinne!

- scrapydo2: Hul moet net onthou om die regte tunnel te gebruik anders kry hul nie die spesiale dagboek nie.

lekkervurig: Nee Hester – Abrie het ons mislei met die Kruger miljoene saga. Dis Ingelse ponde, en Abrie hulle het ander buit van die 80's se korruptes mos nou via die Mosambiek tunnel verwyder, en arme Wegkruiper het daar in amnesie verval. Hier is regte goud – kom ons gaan haal dit so dat jy dit aan Carlos se mense kan verkoop. Sê nou net hulle breek jou knieë en trek Carlos se tande oor julle leeghand daar aankom. Money matters before love can change a thing...hehe. Maak jou storie mooi klaar, of tik word vervolg. Ons het mekaar dan tot 28 Februarie kans gegee....hoekom nou net in die lug stop?

- HesterLeyNel: 'n Skilder moet weet wanneer sy skildery klaar is en ons gaan nou eers 'n blaaskansie vat. Hester gaan 'n blaaskansie vat. Daar sal 'n opvolg wees – promise.
- scrapydo2: Ons verstaan. Dit was baie lekker om so n bietjie roekeloos te wees.

scrapydo2: Jy's ook maar ongelowig hoor! Ek voel so aan my broek se naat dat daar n moontlikheid kan wees.

- HesterLeyNel: Ons sal maar 'n volgende boek daarvoor skryf! Indien daar wel iets uitkom.

HesterLeyNel: Siener van Rensburg en Paul Kruger! Jy verkeer in hogere geselskap. So, dis wat gebeur het met die huisskoonmakery? Nou ja, nou weet ons almal waaroor die spookstorie gaan wat die misdadigers so op hol gehad het. Die twee ou omies moet maar lekker pyprook en gesels daar onder in die kelder – ek sal my standerd ses kerkhoed met 'n mes en vurk opvreet as die krugermiljoene ooit opgespoor word.

- HesterLeyNel: Wat my aanbetref is hierdie Toweropstal-sage verby. My volgende stap is om Carlos terug te vat Las Vegas toe en Una se nefie te gaan kry. Hy sê vir my hy het 'n fortuin gewen by die blackjacktafels vandat ek daar weg is. Baai for now.




- scrapydo2: Ooo jou ou skelm so jy het selfs ou Carlos onder jou invloed om jou te help rondrits. Praat nie eers van Una se nefie nie!
- HesterLeyNel: Die een is aan my vasgeboei, die ander een se paspoort is in my handsak
- scrapydo2: Ai toggie wat jy ook nie alles moet meemaak a g v die hele rooftog nie. Volgende week sal dit beter gaan as almal terug is in hul eie huise. Daar kan hul dan verder broei oor die omstandighede waarin hul was.
- HesterLeyNel: Ja, maar intussen kan ons nog een laaste paartie hou!!!!
- travel460: Hester, daai is familie van die oorkant van Brakpan se treinspoor af, hoor. Los hom net daar in Las Vegas, maar jy mag maar ñ ou neseiertjie saam terugbring...

perdebyttjie: Daai twee pofadders wat ek saam met die bye verwyder het, was dalk al die tyd die twee oompies in reïnkarnasie!

- scrapydo2: Nee, nee, dit kannie wees nie dit moet dalk ou lord Milner wees en sy lyfwag wat so glibberig was en n oog gehou het oor die moontlike goud.
- HesterLeyNel: Whaha – sulke twee slange!
- scrapydo2: Ja, dis manne wat so skelm is.

lekkervurig: Nou ja, ek het heeltemal te min gepaartie – ek hoop hierdie laaste makietie is lekker en ons ontmoet die spoke. Tot later.

- scrapydo2: Dit gaan n reuse party wees met n bonfire!
- lekkervurig: 

Abrie Joubert: Ai ek is moeg saam met Hester (nee Hester nie skimp om saam met jou te kom nie – jy het mos vir los Carl ag ek bedoel Carlos)

- Abrie Joubert: Terloops as dit nie vir my en Storieklong was wat die pre-demokrasie goud by die Reserwebank gaan aflaai het nie, sou BTW tot 16% gestyg het en persoonlike belasting baie meer gestyg het en ‘n rand levy op petrol en sou alkohol geweldig versondig geword het tot onbekostigbaar. Daar sou na alle waarskynlikheid ‘n rewolusie uitbreek het. Ons almal het gehelp om dit te verhoed.
- HesterLeyNel: Haha, dan was ons darem suksesvol op een gebied.

rondomtaliedraai: Aitsa hier tower jy sommer die twee ooms uit. Ek het

lekker gelag ook vir die kommentaar.

- scrapydo2: Dit gaan nie hier oor wat jy ken nie maar wie jy ken.

# HOOFSTUK 19

## Die perfekte misdaad – of ‘n algehele fiasko?



deur [HesterLeyNel](#)

Hier lê ek nou in ‘n hospitaal in Colombia en lag my gat af oor die Perfekte Fiasko. Dis moeilik om te lag met ‘n gebreekte kakebeen, maar die lewe is so ‘n fees! Nie eens die feit dat my mond effektief gesnoer is met die drade wat my kake bymekaar moet hou, kan my plesier bederf nie.

Elke keer as daar ‘n whatsapp boodskap inkom op my foon, kraak ek my stuitjiebeen in my haas om die nuutste nuus te lees. Pyn? Nuh-uh (\*fluister\* – morfien). My persoonlike lyfwag wat ek in Las Vegas gaan kry het, sit die hele dag hier by my en speel Candy Crush op sy nuwe tablet. Carlos loer ook so elke nou en dan hier in. Die kind het nou regtig geheg geraak aan my.

Wag, laat ek vertel. Ek en Carlos is mos weg met Lekkervurig se lorrietjie so teen skemeraand, reguit lughawe toe, net voor die paartie van die wannabe-misdadigers daardie laaste aand. Daar voor die eerste plaashek, sien ons toe ‘n hele konvooi polisiekarre teen ‘n helse spoed in die grondpad afry. Dit was net stofwolke waar jy kyk, maar hulle het nie ligte en sirenes aangehad nie en hulle het ons nie eens raakgesien nie.

Toortsie het natuurlik weer een van haar beroemde polisiepaarties gereël en ons niks daarvan vertel nie – dikbek, jy sien, omdat ons so haastig was om weg te kom. Ek wou vir Carlos terugbesorg aan sy pa en ek was nie lus om te luister hoe die klomp sit en bespiegel oor die spoke by Toweropstal en die kastige Engelse Ponde waarna hulle wou gaan soek nie. Ek was moeg vir die lewe saam met misdadigers.

Dit was eers heelwat later, toe die whatsapp boodskappe begin instroom het, dat ek verneem het HOE woes daardie paartie was, maar teen daardie tyd

was ons reeds in Las Vegas waar Carlos se pa ...

Ag hel, dis tyd vir die nursie om die buis waarmee ek binne-aarse voeding kry om te ruil. Ek vertel later verder ... toodaloo 🙌

# NOTES

## Notes

[[← 1](#)]

Angie Klein (19 Maart 2015) Stories rondom die Kruger-miljoene wil nie gaan lê nie. *Die Bronberger*.

[[← 2](#)]

<https://abriejoubert.wordpress.com/2016/04/28/thermopylae-hot-gates/>

[[← 3](#)]

<https://abriejoubert.wordpress.com/2018/01/27/scene-of-the-crime/>

[[← 4](#)]

Gé Korsten. My hart verlang na die Boland. [https://www.youtube.com/watch?time\\_continue=2&v=3MMiklSfX-c](https://www.youtube.com/watch?time_continue=2&v=3MMiklSfX-c)

[[← 5](#)]

Elon Musk's dummy astronaut orbiting Earth in a Tesla – timelapse video  
<https://www.youtube.com/watch?v=MS79Pk4naEk>

[[← 6](#)]

Kode in “reverse” of “backward alphabet”. Vertaal:  
KLONG  
DIE VROUMENSE IS GEFLOUS. HULLE BESEF NIE ONS PLEEG DIE PERFEKTE  
MISDAAD NIE  
DIE GOUD IS BY SKIMMELKRANS STASIE IN DIE WATERTENK.  
WAG DAT HULLE IN KELDER AFSAK DAN LAAI ONS GOUD EN LAAT WAAI.  
ABRIE

[[← 7](#)]

Kode in “reverse” of “backward alphabet”. Vertaal: ABRIE

[[← 8](#)]

<https://af.wikipedia.org/wiki/Kruger-miljoene>

# Table of Contents

[Die perfekte misdaad](#)

[Hoostuk 1](#)

[Die misdaadtoneel – die plaas Toweropstal](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Beplanning van die misdaad](#)

[hoofstuk 3](#)

[Camilla doen shopping](#)

[hoofstuk 4](#)

[Tyd om huis skoon te maak](#)

[hoofstuk 5](#)

[Beplanning van die paarties](#)

[hoofstuk 6](#)

[Die DJ het gearriveer](#)

[hoofstuk 7](#)

[Die misdadigers raak honger](#)

[hoofstuk 8](#)

[Die sekuriteits-hoof het probleme](#)

[hoofstuk 9](#)

[Dames laaik van power tools](#)

[hoofstuk 10](#)

[Die byeboerwa is hier](#)

[hoofstuk 11](#)

[‘n Reuse Kinkel](#)

[hoofstuk 12](#)

[Eendrag maak mag](#)

[hoofstuk 13](#)

[Die polisiepaartie](#)

[Hoofstuk 14](#)

[Chill out](#)

[hoofstuk 15](#)

[Camilla en Ben soek na die goud](#)

[hoofstuk 16](#)

[Plot twist](#)

[hoofstuk 17](#)

Val-in-die-tuin

hoofstuk 18

Toweropstal se spoke

Hoofstuk 19

Die perfekte misdaad – of ‘n algehele fiasko?